Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Jou geloof

het

jou gered

==========

Gesprekke oor die geloof uit die vier Evangelies

==========

Ds. M.J. Booyens

Inhoudsopgawe

Woord vooraf 4
1. "Hier is die diensmaagd van die Here" 5
2. Hy het gemaak soos die Here hom beveel het 7
3. "Johannes is sy naam" 9
4. "Kom, ons gaan kyk" 11
5. "Maria het al hierdie woorde bewaar" 13
6. Johannes doop vir Jesus 15
7. Hulle het Jesus gevolg 18
8. Filippus sê: "Kom kyk!" 20
9. Natanael bely: "U is die Seun van God" 22
10. Wondergeloof 24
11. Nikodemus kom na Jesus toe 26
12. "Hy moet meer word en ek minder" 28
13. "Is Hy nie miskien die Christus nie?" 30
14. Die man het geglo 32
15. "Gaan weg Here" 34
16. Hulle het die nette gelos en Hom gevolg 36
17. "Here, as U wil..." 38
18. Toe Hy hulle geloof sien 40
19. Hy het toe opgestaan en Hom gevolg 42
20. "Wil jy graag gesond word?" 44
21. "Ek is dit nie werd nie" 46
22. "Is U die Een wat sou kom?" 48
23. "Jou geloof het jou gered!" 51
24. "Wie het My aangeraak?" 54
25. "Talita Koem!" 57
26. "Ontferm U tog oor ons!" 59
27. "Here, red my!" 61
28. "Na wie toe sal ons gaan, Here?" 63
29. "Vrou, jou geloof is groot" 66
30. "Effata!" 69
31. "Wie, sê julle, is Ek?" 71
32. "Kom my ongeloof tot hulp!" 74
33. "Wie nie teen ons is nie, is vir ons" 77
34. Sewentig maal sewe keer 79
35. Doen die werke van God 81
36. "Ek glo Here!" 84
37. "Maria het die beste deel gekies" 87
38. "Leer ons bid" 90
39. Geloofs-kennisgewing 92
40. "U is die Christus" 94
41. "Jou geloof het jou gered!" 97
42. "Laat jul kinders tot My nader" 99
43. "Redding vir hierdie huis" 101
44. Die arm weduwee het meer gegee 104
45. Nardus-olie 106
46. "Is dit miskien ek?" 109
47. Petrus ween bitterlik 112
48. "Jesus, dink aan My ...!" 117
49. "Daar is jou moeder" 120
50. Josef van Arimatea en Nikodemus 123
51. Maria staan by die graf en ween 126

52. "Bang, maar baie bly" 129
53. "Toe gaan hulle oë oop" 131
54. "Ons het die Here gesien!" 134
55. "My Here en my God!" 137
56. "Dit is die Here!" 139
57. Petrus trek sy hemp aan 141
58. "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet" 143

Woord vooraf

Weer 'n Booyens.
Hierdie keer nie 'n skildery nie, maar 'n boek.
Soos sy skilderye, so vinnig vermeerder ook sy geskrifte.
Ds. Booyens het 'n fyn ontwikkelde gevoel vir lyne, verhoudings, kleure, variasies.
Sy skilderye wys dit uit.
Maar sy boeke openbaar dieselfde.
Die skilder-skrywer sien allerlei lyne, verhoudinge, verbande
raak in die Bybel.
In hierdie uitgawe kom dit besonder duidelik aan die lig.
Ds. Booyens skilder met sy penseel.
Hy skilder ook met sy pen.
Wat 'n mens tref by sy skilderwerke, bemerk jy ook in sy boeke.
Hy skilder, hy skryf met sy hart.
Ds. Booyens wil niks anders as 'n vertolker van God se genade wees nie.
Deur sy skilderye verkondig hy die genade van God in die natuur.
Hy skilder soos iemand wat glo dat God die Skepper is.
In sy boeke verkondig hy die genade van God in die Skriftuur.
Hy skryf soos iemand wat glo dat God in Christus Jesus die Verlosser is.
Ek kyk graag na sy skilderye.
Ek lees graag sy boeke.
Hoekom?
Hierdie nuwe boek wys dit weer duidelik uit.
Wanneer jy hierdie boek gelees het, dan sê jy nie wat 'n knap man het dit geskryf nie.
Jy erken: wat is God groot. Hoe liefdevol ontferm Hy hom oor die sondaar, die sondares.

Prof. L. Floor.

Augustus 1981.

Hierdie boek is die tweede deel van 'n reeks bestaande uit drie dele wat handel oor: *Die Geloof.*

Deel een is: *Deur die geloof.* Gesprekke oor die geloof uit die Ou Testament met as uitgangspunt Hebreërs 11.

Deel drie is: *Die werke van julle geloof.* Gesprekke uit die boek *Handelinge* oor die geloof.

1. "Hier is die diensmaagd van die Here"

> Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord — Luk. 1:38

Geloof in die "ou" en "nuwe" tyd

> "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebr. 11:1).

En dan gaan die skrywer van Hebreërs se blik deur die "ou tyd" heen. Hy sien die "geloofshelde" vanaf Abel en teken hulle in hulle "geloofsgestalte".

Maar ook in die Nuwe Testament is mense wat deur die geloof gelewe het. Ons begin by Maria — die moeder van Jesus.

Die maagd Maria woon in Nasaret.

Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid.

Die engel Gabriël verskyn aan haar:

> "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is met jou" — Luk. 1:28.

Hoe is so iets moontlik?

Sy was verbysterd en het gewonder wat die groet tog kon beteken. Dan volg die wonderlike boodskap: "Jy sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word."

Eindelik is dit duidelik vir Maria dat sy die moeder van die verwagte Messias sou wees. Is dit nie die hoop van elke Israelitiese vrou dat sy die voorreg mog ontvang — dat die langverwagte Messias uit haar gebore sou word nie? Sy is inderdaad 'n begenadigde mens.

En tog: "Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?"

Die engel antwoord: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die Een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. Niks is vir God onmoontlik nie."

En dan glo Maria die engel.

Sy glo alles van die Kindjie wat gebore sou word.

Sy glo ook dat sy, sonder die toedoen van 'n man, swanger sou raak.

Sy glo niks is vir God onmoontlik nie.

Hoe het Maria die Kindjie "ontvang"?

Die Heilige Gees het oor haar gekom.

En die krag van die Allerhoogste het die lewe in haar gewek.

En sy het dit geglo — vooraf.

Deur die geloof het sy haar tot beskikking van die Here gestel.

Deur die geloof het sy gesê: "Laat met my gebeur wat u gesê het."

Onbegryplik!

Het Maria dit begryp? Nee, gewis nie. Wie kan die werke van God verstaan? Sy het egter geglo dat niks vir God onmoontlik is nie. Sy het vas vertrou op die dinge waarop sy gehoop

het. Haar geloof was die bewys van die dinge wat sy nie gesien het nie.

Ons bely: "Ek glo.... in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here, *wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria."*

Maria het ontvang deur die geloof.

Sy het gehoor en geglo — dit is al.

En toe gebeur dit. Die Heilige Gees kom oor haar en uit haar word Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, onse Here, gebore.

Hierin is Maria selfs meer as Sara. Sara het ontvang in haar ouderdom. Toe haar moederskoot al verstorwe was. Maar sy het darem nog 'n man gehad. Isak is gebore uit 'n ou en afgeleefde moeder op die belofte van God, waarin Sara geglo het.

Maria, die jong meisie, ontvang en gee geboorte, toe nog geen man met haar omgang gehad het nie.

Hy is gebore soos alle ander kindertjies.

Hy is egter in die moederskoot geweef deur God self, sonder die medewerking van 'n man.

En dit is die wonder van alle wonders.

En Maria het die belofte gehoor en geglo.

Daarom het sy deur geloof ontvang en geboorte gegee.

Begenadigde Maria. Was sy meer begenadig as elke ander mens wat glo?

Nee, sy moes uiteindelik ook salig word deur die geloof in haar Saligmaker, wat ook haar Seun was.

2. Hy het gemaak soos die Here hom beveel het

> Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met haar (Maria) getrou — Matt. 1:24

Deur die geloof het Josef met Maria getrou

Wat weet ons van Josef — die man van Maria, die moeder van Jesus?

Ons weet weinig van hom.

Van hom is geen enkele woord uit sy eie mond vir ons nagelaat nie.

Hy is stil op die agtergrond.

Hy het gesien — ja!

Hy het gesien dat Maria 'n baba verwag. Dit het hom onrustig — sekerlik ook ongelukkig — gemaak. Hy het haar immers liefgehad — sy verloofde. Soos elke jong man het hy sy drome gedroom — drome geweef om sy geliefde.

En dan sien hy, wat hy nie kon glo nie. Maria verwag. Vreeslik is sy skrik en wantroue? Dit vreet aan sy hart, wat haar liefhet. Hy weet dat hy wetlik verplig is om haar "ontrou" by die owerhede aan te meld. Hy ken die wet en neem dit ernstig op — die wet van die Here. Hoeveel stryd dit vir hom gekos het, word nie gesê nie. Hy sou baie slapelose nagte gehad het, voordat hy kon besluit wat om te doen. Eindelik besluit hy om haar stilweg te verlaat — laat die mense dan maar dink wat hulle wil. Moontlik sou hyself as die "ontroue" gebrandmerk word, maar hy kon haar, wat hy liefhet, nie in die openbaar tot skande maak nie.

Die Here gryp in

Dan gryp die Here in. 'n Engel van die Here verskyn in 'n droom aan hom: "Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om Maria as jou vrou te neem nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" — Matt. 1:20, 21.

Josef hoor selfs meer as Maria.

Maria het gehoor van die Seun van Dawid en die Seun van God.

Josef hoor ook dat Hy sy volk van hulle sondes sou verlos. Hy sou kom — en Hy het gekom — om te soek en te red die wat verlore was.

Sagaria het aan die engel Gabriël se boodskap getwyfel — Luk. 1:18.

Maria kon dit nie begryp nie en vra 'n verduideliking —Luk. 1:34.

En Josef?

Dit staan daar so eenvoudig:

"Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met haar getrou." Hy is nie alleen die seun van Dawid nie. Hy is ook die seun van Abraham, die vader van die gelowiges. Op die roepstem van die Here het Abraham weggetrek uit sy land en sy familie na 'n onbekende bestemming. Op die bevel van die Here het hy, sonder aarseling, sy geliefde seun, Isak, geneem om hom vir die Here te gaan offer.

Deur die geloof gehoorsaam Josef

So was Josef — stil — sonder protes of argumente — doen hy eenvoudig wat die Here vra.

Hy neem Maria, sy verloofde, as sy vrou. Hy neem haar in beskerming en hy plaas daarmee die verwagte Kindjie binne die verbond van God met hom. Hy word sy pleegvader en Jesus sy pleegkind.

En so bly Josef . . . . omdat hy glo.

Deur die geloof neem hy Maria as sy vrou.

Later kom weer 'n bevel deur 'n engel tot hom.

Herodes wou die Kindjie vermoor — na sy geboorte in Betlehem. Die boodskap is: "Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte toe" — Matt. 2:13.

Klaarblyklik gehoorsaam hy nog dieselfde nag:

> "Josef het toe opgestaan en in die nag die Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte toe vertrek" — Matt. 2:14.

Nog 'n keer verneem ons dit van Josef:

Na die dood van Herodes kry hy weer opdrag van 'n engel:

> "Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en gaan terug na die land van Israel" — Matt. 2:20.

En dan vertrek Josef weer onmiddellik en kry 'n aanduiding om in Nasaret te gaan woon, wat hy ook uitvoer.

Dan sak die sluier oor Josef, die man van Maria.

Sydelings word nog na hom verwys, maar van hom persoonlik word eintlik niks meer vertel nie.

Deur die geloof was Josef elke keer gehoorsaam.

Deur die geloof was hy 'n man van die daad — hoewel moontlik van min woorde.

Hy het gedoen omdat hy geglo het.

Wys my jou geloof uit jou dade.

3. "Johannes is sy naam"

Hy vra toe 'n skryfbordjie en skryf daarop: Johannes is sy naam — Luk. 1:63

Deur die geloof het Sagaria aan Johannes sy naam gegee.

Die priester Sagaria het dit moeilik gehad met sy geloof.

Hy en sy vrou, Elisabet, was kinderloos.

Hulle het dit klaar aanvaar dat hulle geen kinders meer sou hê nie, want hulle was al oor die ouderdom. Hulle gebede is nie verhoor nie.

Maar dan verskyn 'n engel aan hom met die belofte:

... jou gebed is verhoor.

... jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem — Luk. 1:13.

Hy en sy vrou het lank en aanhoudend gebid om 'n kindjie. Maar hulle het geleer om te berus. Hulle het oud geword. En dan verskyn, in die tempel, die engel Gabriël aan hom. Hy hoor die belofte en die wonderlike dinge wat van die kindjie gesê word. Gabriël knoop sy belofte selfs vas aan die Woord van God uit die Ou Testament: "En hy sal voor die Here uitgaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen" — Luk. 1:17 en Mal. 4:5, 6.

Stomme blydskap

Maar Sagaria glo die engel nie, al beroep hy hom op die Woord van God. En Sagaria word stom. Dit klink na 'n straf oor sy ongeloof en tog is dit ook vir hom 'n teken om sy geloof te sterk.

Ag, Sagaria sou hom seker meer verbly het oor sy stomheid as wat hy daaroor sou treur. Sy tong sou wel die lof van die Here nie kon verkondig nie, maar sy hart sou tintel van blydskap en vreugdevolle verwagting.

Johannes is sy naam

En dan kom die geleentheid waarop hy uiting kon gee aan sy geloof. Sy geloof wat gelouter en gesterk is, sing dit uit op 'n skryfbordjie: "Johannes is sy naam!"

So het die engel immers gesê en so moes dit wees.

Die Here was hom en sy vrou genadig: "Johannes is sy naam."

"Johannes" beteken: "Die Here is genadig."

Die genade van die Here strek egter veel verder as die gesinnetjie van Sagaria. Johannes sou immers reeds vanaf sy geboorte vervul wees met die Heilige Gees. Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God — Luk. 1:15, 16. Hy sal voor die Here, die Verlosser, uitgaan om sy pad te berei.

Oor al die dinge wat die engel gesê het, kon hy nadink.

Al die maande van sy stomheid, het die geloof en verwagting in sy hart gelewe.

In 'n sekere sin het die geloof oorgegaan in aanskouing.

Hy het saam met Elisabet belewe dat die woord van die engel waar word. Elisabet verwag 'n baba in haar ouderdom. Die Here het sy wonder aan hulle voltrek. Hulle gaan die weelde van

ouerwees nog belewe. Prys die Here!

God is getrou

Maar dit is eintlik nog die minste.

God se eeu-oue beloftes gaan nou waar gemaak word.

En Sagaria sien daarna uit — na die dag van die geboorte — ja!

Maar meer nog na die dag van die naamgewing!

Die naam van die kindjie kondig God se verbondstrou aan oor sy volk.

Toe die kindjie gebore is, is daarvan nog niks gesien nie. Die volk het nog maar gebuk gegaan onder die juk van die wrede Romeine.

Van die verlossing van die sonde was daar niks meer as vroeër te sien nie.

Die lewe het sy gewone gang gegaan.

Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het reël op reël en gebod op gebod gestapel. Hulle harde juk maak van die volk godsdienstige slawe. Die hoëpriester en sy kornuite in Jerusalem het hulle self verryk ten koste van die arm en verdrukte volk.

God is genadig

En tog:

> "Toe die tyd gekom het dat sy moeder sou word, het sy 'n seun in die wêreld gebring." Familie en vriende was saam met haar bly en spekuleer oor die naam van die seun. "Sagaria" is gewis die regte naam vir die laatkommertjie! "Maar sy moeder sê: Nee! Hy moet Johannes genoem word." Met gebare beduie hulle aan die stom vader. Hy steek sy hand uit na 'n skryfbordjie en skryf: "Johannes is sy naam."

Die Here is genadig. Hy besoek sy volk. Die wegbereider van die Here is gebore. Sy genade is in aantog in die Verlosser, die Engel van die verbond!

Deur die geloof skryf Sagaria die naam "Johannes" op sy skryfbord.

Deur die geloof vertrou hy op die dinge wat hy hoop. Deur die geloof sien hy die onsienlike. En hy bely dit: "Die Here is genadig."

4. "Kom, ons gaan kyk"

> Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem. toe om te sien wat gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het — Luk. 2:15.

Deur die geloof het die skaapwagters na Betlehem gegaan.

In die stille nag is 'n groepie skaapwagters buite Betlehem by hulle skapies op die wag. Hulle sorg is om te waak teen veediewe en roofdiere, wat hulle kosbaarste besit kan wegdra of verskeur. Daarom is hulle nog wakker — in die diepte van die nag.

> "Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik. Toe sê die engel vir hulle: ‚Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle die goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is in die stad van Dawid vir julle gebore die Verlosser, Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê" — Luk. 2:9-12.

Daarop verskyn 'n menigte engele wat sing:

> "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"

Kom, ons gaan kyk!

Bevoorregte manne — die eenvoudige skaapwagters in die nag!

Hulle het iets van die hemel op aarde gesien.

Watter gewaarwording sou in hulle harte lewe?

Vrees? Skrik? Verwondering? Blydskap? Of alles tegelyk?

En tog:

> "Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het!"

Skryf nou maar gerus hier:

Deur die geloof het hulle dadelik na Betlehem gegaan. Deur die geloof het hulle geweet dat die Here dit aan hulle bekend gemaak het.

Deur die geloof staan hulle op en gaan om te sien. Hulle wou die teken van die Here sien — die Kindjie in doeke toegedraai wat in die krip lê.

So is die geloof.

Deur die geloof word mense wakker en vol verwagting en haastig.

Deur die geloof gryp hulle die Woord en sy beloftes vas en gaan snel vorentoe.

Deur die geloof leef in hulle 'n vaste vertroue op die dinge wat hulle hoop.

Deur die geloof het hulle 'n bewys van die dinge wat hulle nie sien nie.

Wat sien hulle?

Wat het hulle per slot van sake in Betlehem gesien?

'n Moeder en 'n Kindjie en 'n man — stil op die agtergrond.

In doeke toegedraai lê die Kindjie in die krip van die herbergier se koei.

Kunstenaars teken in hulle verbeelding 'n ligkringetjie rondom die kop van die moeder en die koppie van die Kindjie.

Die skaapwagters sou verseker niks daarvan gesien het nie.

Die Kindjie was vir hulle 'n "teken".

En wat is 'n "teken"? Dit vertel normaalweg van iets anders wat meer as die teken is.

Ons kan selfs sê dat hulle buite op die donker veld veel meer gesien het, as hier in die stal.

'n Kindjie — klaarblyklik gebore uit brandarm ouers!

Wat glo hulle?

En tog:

> "Deur die geloof" het hulle gekom en gesien en geweet: "Hy is die Verlosser, Christus die Here!"

Waarom?

Omdat hulle geglo het dat die Here dit aan hulle bekend gemaak het. Daarom kon hulle ook nie daaroor swyg nie. Hulle het vertel wat hulle gehoor en gesien het. En hulle het God geloof en geprys. Dit was alles net soos vir hulle gesê is.

Jesus is en word deur baie mense misgekyk. Omdat Hy "onaansienlik" is? Omdat Hy niks skouspelagtigs doen nie? Nee, omdat hulle nie glo nie. Daarom het Hy vir vele gewoon en onaansienlik geword. Hy is arm en doodgewoon in hulle oë omdat hulle meen: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie" — Open. 3:17.

Dat die skaapwagters in die Kindjie die Verlosser, Christus die Here sien, is 'n wonder — die wonder van die geloof. En dat ons Hom ook so sien — is net so 'n groot wonder, waarvoor ons sonder ophou die Here moet loof en prys!

5. "Maria het al hierdie woorde bewaar"

Maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink — Luk. 2:19

Deur die geloof het Maria die woorde bewaar.

Die Roomse kerk het Maria verhef tot die heilige, sondelose, "Maagd" wat selfs lewend in die hemel opgeneem is.

So 'n Maria ken die Bybel nie.

Sy was wél 'n begenadigde vrou om die moeder van Jesus te wees.

Toe sy Elisabet, haar bloedverwant, die moeder van Johannes besoek, het die kindjie in Elisabet se skoot beweeg:

"En Elisabet is met die Heilige Gees vervul en het hard uitgeroep:

> "Geseënd is jy onder die vroue
> en geseënd is die vrug van jou moederskoot!
> Waaraan het ek dit te danke
> dat die moeder van my Here
> na my toe kom"? —Luk. 1:42, 43.

Nederig en dankbaar

En Maria self?

Sy het in nederige dankbaarheid haar lofsang gesing. Maar verder het sy geswyg — maar net gekyk en beleef en die wonderlike dinge in haar hart bewaar en oordink. Sy was 'n goeie moeder — soms selfs te besorg oor haar Seun.

Sy het selfs moeilik kon afstand doen van Hom as haar Kind — om Hom te aanvaar as haar Here en Verlosser. Sy was begenadig en geseënd — maar nie die sogenaamde "onbevlekte heilige" voor wie die Roomse neerkniel nie.

Sy het moedervreugde en moedersmart geken — "En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan" — sê die ou Simeon vir haar — Luk. 2:34, 35.

Van die begin af moes Maria met die geheim in haar hart loop. Alleen Elisabet, die moeder van Johannes, kon iets weet van wat in die skoot van Maria in wording was. Daarom het die engel, by die aankondiging van Jesus se geboorte, aan haar gesê: "Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. Niks is vir God onmoontlik nie" — Luk. 1:36.

Elisabet se verwagte kindjie word vir Maria 'n teken om haar eie geloof te sterk — niks is vir God onmoontlik nie. Maar in haar gang na Elisabet is sy ook op pad na iemand met wie sy die vrae in haar hart kon deel. Die engel het nie verniet vir haar die weg aangewys nie. Selfs die intieme gesprek met Elisabet het sy bewaar en in haar hart oordink.

Hy wat die naaste aan haar was — haar verloofde, Josef — kon sy nie deelgenoot maak van haar groot geheim nie. Aan niemand anders kon sy dit vertel nie. Sy het alleen moes loop met haar vreugde en vrae. Sy het alleen maar geglo — en wat 'n geloof moes sy hê? Wat kon sy teenoor mense sê, toe haar toestand sigbaar begin word en giftige tonge laster oor haar sou begin uitstort. Swyg — stil wees — in haar hart oordink — wat kon sy anders?

Gelukkig het die Here haar tegemoet getree en die geheim aan Josef geopenbaar.

So is haar eer gered, maar die geheimenis? Hoe kon sy daarby?

En dan kom die sware tog vanaf Nasaret na Betlehem — op bevel van keiser Augustus. In die oorvol dorp is geen plek vir haar nie — en haar tyd het aangebreek. Eindelik is die kindjie gebore en vind sy wieg in die krip van die diere in die stal.

In haar hart bewaar en oordink

Dan storm die skaapwagters binne — opgewonde en nuuskierig. Hulle vertel van die gesig van die engel en die boodskap:

> "Vandag is in die stad van Dawid
> vir julle gebore
> die Verlosser wat Christus die Here is" — Luk. 2:11.

Die skaapwagters het gesien en vertel wat hulle gesien het.

Maar Maria?

Sy het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink. Die wonder van alle wonders — dit is die geboorte van Jesus Christus. Ons herdenk sy geboorte met glans en lofsange en selfs uitbundigheid. Maar dink ons nog daaroor na — in ons vinnige tyd waarin alles en almal haastig beweeg en elkeen vlug vir die stilte van die eensaamheid?

Verwonder ons ons nog oor die geheimenis — of is dit vir ons 'n afgeslyte oorkonde wat nie 'n tweede gedagte werd is nie?

Tyd vir meditasie of nadenke het ons nie meer nie?

So verdwyn die geheimenis van die godsaligheid uit ons lewe en slyt af tot iets — vér en buite ons — en vreemd aan eie belewing.

Hoe droewig tog!

6. Johannes doop vir Jesus

> Daarna het hy (Johannes) aan Hom toegegee. Jesus is toe gedoop — Matt. 3:15, 16

Deur die geloof het Johannes vir Jesus gedoop

Sagaria, sy vader, het deur die geloof die skryfbordjie geneem en geskryf:

> "Johannes is sy naam."

Ja, God is genadig:

> Reeds van sy geboorte af sou hy met die Heilige Gees vervul wees. "Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here, hulle God. En hy sal voor die Here uitgaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei" — Luk. 1:15-17.

By sy geboorte en naamgewing was daar al verwondering by die bure. Hulle is met ontsag vervul en het oor die dinge gepraat en het daaroor nagedink en gevra: "Wat sal hierdie kindjie eendag word" — Luk. 2:66. En Johannes self?

> " .... die hand van die Here was met hom — Luk. 2:66.
>
> "Die kindjie het opgegroei en sterk geword deur die Gees. Hy het in die wildernis gebly tot op die dag van sy openbare verskyning in Israel" — Luk. 2:80.

Bekeer julle!

En dan begin hy preek. En hy doen wat die engel al voor sy geboorte van hom gesê het: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom!" Hoe kan 'n prediker ook anders sy volk gereed maak om sy Koning te ontmoet as om te roep: "Bekeer julle"? Om God tegemoet te gaan moet daar verandering wees. Jy moet innerlik verander. Jou insigte en oortuigings moet anders word — op God gerig en nie op jouself nie. En jou lewe moet verander. "Dra vrugte wat bewys dat julle bekeer is." Dit geld vir alle mense van alle tye. En hy doop hulle met die doop van bekering tot vergewing van sondes.

Doop met Heilige Gees en vuur

Sondaars moet gedoop word. Met water? Ja, ook met water. Maar hulle mag nie op die doopwater vertrou nie. Hulle moet ook gedoop word met die doop wat nie Johannes — en geen ander prediker — kan bedien nie: Hulle moet gedoop word met die Heilige Gees en met vuur. Dit sou en het Jesus gedoen — nadat Hy sy werk volbring het. Hy alleen kan volkome reinig van alle ongeregtighede.

En dan sien Johannes Hom.

Hy het Hom nie geken nie, maar God het Hom vir Johannes aangewys. En Jesus loop ook na Johannes in die water. Hy wil gedoop wees.

Johannes skrik terug:

> "Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: Ek moet eintlik deur U gedoop word, en U kom na my toe"! — Matt. 3:14.

Johannes weet: Hyself is 'n sondaar. Hy het nodig dat Jesus hom doop en reinig van sy sonde.

Maar Jesus? Nee! Hy is die Regverdige, die sondelose Lam van God! Nee, Here! Dit kan en

durf ek nie!

Die wil van God

Rustig antwoord Jesus: "Ja, en jy moet dit doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen."

En "deur die geloof" gee Johannes toe. Hy doop Hom.

Die Heilige en onbevlekte Seun van God buig soos 'n sondaar neer en laat Hom soos 'n onreine "afwas".

En Johannes doen dit.

Sou hy dit begryp het? Ek wonder. Ek dink hy het nie verstaan nie. Hy het egter geglo en daarom gehoorsaam hy. Jesus ken immers die wil van God. Dit glo Johannes.

En Jesus weet dat God Hom gestuur het om in die plek van sondaars te staan en soos 'n sondaar die vuur van Gods oordeel in te gaan. Hy dra immers alreeds die teken van die besnydenis in sy liggaam. Sy bloed sou vloei om die "profesie" van die bloed van die besnydenis te vervul.

Maar sy bloed sou ook vloei en ons sondes afwas, soos die onreinheid van ons liggaam deur water gewas word. Dit word deur die waterdoop aangedui.

En dan word Johannes se geloof uit die hemel bekragtig: Die Gees van God daal uit die hemel neer — soos 'n duif — en kom op Jesus. En Johannes sien dit: Jesus is gedoop met die Heilige Gees. En daar kom 'n stem uit die hemel:

> "Dit is my geliefde Seun, oor Wie Ek My verheug" — Matt. 3:16, 17.

Hoe sou die nederige Johannes hom toe ook verheug!

En hoeveel redes het ons ook om ons te verheug dat die Here so 'n groot genade aan ons bewys het! Hy is met misdadigers gereken. Ook met my!

Soos ek, is ook Hy gedoop!

Ons Vader doen wat goed is vir sy kinders

Hy het die vuurgloed van die toorn van God ingegaan.

Kom ons bekyk Hom wat gedoop is met die Heilige Gees en met die helse vuur 'n bietjie uit 'n ander hoek.

Hy doop ons ook met die Heilige Gees en met vuur.

En in die vuur is dit vir niemand lekker nie. U weet mos — die onbegryplike pyn en lyding! Dink aan al die "waaroms" van die lewe. Kanker, hartaanvalle van dierbares, honger van miljoene! En dan, veral, wanneer sy eie dierbare dissipels, wat Hom van harte vrees en dien, wegsink in afgronde van ellende en nood. Onbegryplik! Waarom tog?

Kyk dan na Hom.

Hy, as Gods eie Seun, het so diep na benede gedaal dat Hy ons swaar pak skuld van ons kon afneem. Die skuld waarmee onsself in ewigheid geen raad sou weet nie.

Die God wat dit vir ons doen, slaan ons nie om ons verdriet aan te doen nie.

Hy is 'n Vader wat alleen maar doen wat goed is vir sy kinders.

Daarom bring Hy ons ook in die vuur.

Soos die smelter van goud en silwer, gooi Hy ons in die smeltoond.

Hy doen dit egter nie om ons te vernietig nie, maar om ons te toets en te suiwer.

Wie kan sien hoeveel daar nog by jou weggebrand moet word — in die vuur van die Heilige Gees?

Goddank! Die Here weet dit en Hy doen dit op sy tyd en wyse!

7. Hulle het Jesus gevolg

Die twee het hom dit hoor sê en Jesus gevolg — Joh. 1:37

Deur die geloof volg Johannes en Andreas vir Jesus

Dit is minstens veertig dae nadat Johannes die Doper die Here Jesus gedoop het — Matt. 3:13 - 4:11. Hy is nog steeds besig om te preek en te doop.

Daar was 'n aantal manne wat vaste volgelinge van Johannes geword het. Onder hulle was Johannes, die Evangelieskrywer, en Andreas, die broer van Simon Petrus.

Johannes die Doper sien Jesus verbyloop. Eintlik loop die Here as 't ware heen-en-weer. Hy dring Homself nie op nie, maar laat Hom wel sien.

Johannes kon nie nalaat om sy volgelinge daarop te wys nie, met die woorde: "Daar is die Lam van God!" — Joh. 1:35.

Hulle glo wat Johannes sê

Die twee volgelinge van Johannes hoor die aanwysing en reageer dadelik. Hulle loop agter Jesus aan.

By hulle het die wonder gebeur. Hulle het Johannes se prediking gehoor en weet dat die Messias of Christus in aantog is. En nou glo hulle wat Hy sê. Hy is immers die profeet van die Here, wat soos Elia, deur die Gees en krag van die Here optree. Hulle glo hom en volg Jesus. Hulle volg Jesus al klaar deur die geloof.

Hulle doen dit nog huiwerend. Skugter, miskien op 'n kort afstand, volg hulle die Meester. Hulle het nie die moed om met Hom te praat nie. Die aanwysing van Johannes was ook so geweldig en in hulle harte sou baie vrae na vore kom — en ook verwagtinge. Al die beloftes uit die Ou Testament lewe in hulle herinnering.

Eindelik:

Die Christus het gekom — die Lam van God! — Jes. 53:7.

Hy is die Seun van Dawid wat vir ewig op die troon van sy Vader sal sit.

Hy is die takkie uit die stomp van Isaï.

> "Op Hom sal die Gees van die HERE rus,
> die Gees van wysheid en verstand,
> die Gees van raad en sterkte,
> die Gees van die kennis en van die vrees van die HERE"
>
> — Jes. 11:1, 2.

Met eie oë gesien

Geweldig is dit om Hom met eie oë te sien.

> "Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak" — 1 Joh. 1:1.

So skryf dieselfde Johannes, wat nou aarselend en onseker op 'n afstand volg, later met groot blydskap en sekerheid.

Hy deursien ons

Ag, die Here weet dat hulle Hom volg.

Eindelik kyk Hy om en sien hulle. Hy "sien" nie maar nie, maar deursien hulle en ken hulle vrae en skugterheid. En dan vra Hy:

"Wat soek julle"? — Joh. 1:38.

Ook dit weet Hy wél, maar Hy werk só met mense. Hy ontlok aan hulle antwoorde en vrae om hulleself tot vrymoedigheid te bring. Hy gee hulle — en ons— geleentheid om ons hart uit te stort.

Skugter en half ontwykend is die antwoord:

"Rabbi, waar gaan U tuis?" — Joh. 1: 38.

Hulle wou Hom graag nader leer ken, maar huiwer om dit reguit te sê. Hulle moet nog soveel onsekerheid oorwin. Hoe sou Hy reageer? Wat kon hulle van Hom verwag? Sou Hy hulle nie as opdringerig en voorbarig beskou nie?

Kom saam met My

En dan vang die Here hulle liefdevol op. Hy kom hulle tegemoet en nooi hulle uit:

"Kom saam dan sal julle sien" — Joh. 1:39.

En dan val hulle vrymoediglik langs Hom in en stap saam na sy verblyf.

Hulle het gesien waar Hy tuisgaan, ja.

Maar die woordjie "sien" wil hier tog meer sê. Hulle het nie alleen sy tuiste gesien nie, maar Homself gesien. Hulle het gesien wat hulle aan Hom het en die hele dag daar gebly.

En Hy sou hulle seker een en ander vertel het.

Ja, hulle het goed gesien!

Die aand toe hulle terugkeer, kry Andreas eerste sy broer Simon. Dadelik vertel hy: "Ons het die Messias gekry" — Joh. 1:41. En Hy lei Simon na Jesus toe om hom voor te stel.

So eenvoudig en so mooi begin dit.

Die geloof van Jesus se dissipels.

Deur die geloof het hulle Hom gevolg.

Deur die geloof het hulle Hom gesien en leer liefkry.

Deur die geloof het hulle by Hom gebly.

"My skape luister na My stem; Ek ken hulle en hulle volg My" — Joh. 10:27.

So is dit om deur die geloof te lewe:

Luister na sy stem! Volg Hom!

Dit is al! En tog so baie!

8. Filippus sê: "Kom kyk!"

> Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: Volg My!... Maar Natanael sê vir hom: Kan daar uit Nasaret iets goeds kom? "Kom kyk! antwoord Filippus hom" — Joh. 1:43, 46

Deur die geloof het Filippus vir Jesus gevolg.

Deur die geloof het Filippus vir Natanael na Jesus gelei.

Volg My!

Johannes, Andreas en Simon Petrus het hulle alreeds by Jesus gevoeg as sy volgelinge. Hy het hulle wel later weer eens "amptelik" geroep, want hulle het in Galilea maar weer hulle daaglikse werk gaan doen — Matt. 4:18-22; Mark. 1:16-20; Luk. 5:1-11. Hier in Johannes 1 het hulle egter alreeds tot geloof gekom.

Hulle was nog by die Jordaan waar Johannes die Doper besig was om te preek en te doop. Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: "Volg My!"

Dit word nie uitdruklik gesê dat Filippus Hom gevolg het nie. Johannes vertel egter wel wat Filippus as gelowige gedoen het, nadat hy hom by Jesus gevoeg het.

Filippus kry 'n sekere Natanael — later bekend as "Bartolomeus" — Matt. 10:3. Hy sê vir hom:

> "Ons het Hom gekry van Wie Moses in die wet geskrywe het en van Wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef" — Joh. 1:45.

So bely Filippus sy geloof in Jesus as die Christus. Dit is egter duidelik dat sy kennis van Jesus nog maar gebrekkig is. Hy noem Hom die seun van Josef. Vanselfsprekend is daar nog baie dinge wat die Here Jesus hulle moet leer. Filippus was egter seker daarvan dat Hy die beloofde Messias is, wat deur Moses en die profete aangekondig is.

Natanael weet beter

Natanael is egter 'n man wat sy Bybel ken. Hy weet dat die Messias in Betlehem gebore sou word — Miga 5:1. Daarby ken hy ook die dorpie Nasaret — klein en agterlik. Hoe sou Nasaret die heerlike Messias, die Koning van Israel, kon oplewer?

Filippus kan of wil geen teen-argument teen Natanael se opmerking aanvoer nie. Moontlik was hy nie so goed onderlê in die Skrifte nie. Hy kon dit selfs nie nodig vind om 'n argument aan te knoop nie. 'n Argument of redenasie is gewoonlik 'n onvrugbare besigheid. Dit bring mense gewoonlik nie nader aan Christus nie, maar hou hulle juis weg van Hom af. Die man wat nie wil glo nie, werp 'n argument voor jou op tafel om Jesus van sy hart af weg te hou.

Kom kyk!

Nee, Filippus glo en hy is nie skaam of verleë daaroor nie. Deur die geloof sê hy aan Natanael:

"Kom kyk!" Waarom moet ons redekawel man? Kom saam met my en kom maak kennis met Jesus self! Dan kan jy self oordeel of ek sommer praat. Kom kyk gerus!

Ek glo dat Jesus Christus, my Verlosser die Seun van God is. Maar hoe moet ek nou — hier in ons verligte eeu — aan 'n mens sê: "Kom kyk!" Kan ek 'n man aan die hand vat en met

hom saam stap en hom aan Jesus — in lewende lywe — voorstel?

O ja, ek kan. Jesus is wel na die liggaam nie meer by ons nie, maar na sy genade, waarheid en Gees wyk Hy nimmermeer van ons nie. Hy self het gesê: "Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" — Matt. 28:20. Ons moet Hom kan aanwys — maar hoe dan?

Allereers is elke Christen wat in Jesus glo self 'n lewende aanwysing van Wie Jesus is. Christus woon immers deur die Heilige Gees in ons: "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?" — 1 Kor. 3: 16.

Leef maar, soos jy glo, en jy hoef selfs nie uit te nooi: "Kom kyk!" nie. Mense sien Christus vanself in jou lewe en werk: "ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe" — Gal. 2:20.

Kom kyk! In my ganse lewe — my werk en ontspanning — alles!

Kom kyk! In my huis — die omgang met my vrou en kinders Kom kyk! Wanneer ek huisgodsdiens hou en die Woord ondersoek en met my gesin om die huisaltaar aanbid.

Kom kyk! Sondags, wanneer ek saam met die gemeente die Here dien in die erediens.

Kom kyk na my — en jy sien Wie my Verlosser is.

9. Natanael bely: "U is die Seun van God"

> Toe roep Natanael uit: Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel! — Joh. 1:49

Deur die geloof roep Natanael uit: "Rabbi, U is die Seun van God! U is die Koning van Israel!"

Waarvandaan ken U my?

Filippus het Natanael, die Skrifkenner, na Jesus gelei. Natanael het krities, selfs twyfelend, teenoor Filippus se belydenis, dat hulle die Messias gekry het, gestaan. So kom hy by Jesus aan. Dan merk hy dat Jesus hom ken en selfs sy innerlike deursien het: "Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie" — Joh. 1:47. Verwonderd is Natanael se reaksie: "Waarvandaan ken U my?" Dit is 'n vraag wat seker al by miljoene mense opgekom het. Vanwaar ken U my? Ek het U nie gesoek of na U gevra nie. Ek het selfs gedink dat U nie eens aan my — nietig en sondig — sou dink nie. Jesus antwoord: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien — 48. Wat maak dit tog saak waar Hy was — of ons is? Hy sien ons en ken ons — van buite en binne. Hy sien ons in die kerk en ook in die kroeg; in ons binnekamer en ook op die donker doolweë waarin ons wegdwaal en verdwaal. Hy sien ons in voorspoed en teëspoed — in siekte en gesondheid — in dankbaarheid en ondankbaarheid.

U is die Seun van God

Dan volg Natanael se belydenis:

> "Rabbi, U is die Seun van God! U is die Koning van Israel!"

Hoe kom Natanael so dadelik by die suiwere belydenis?

Hulle sou tog almal nog baie moes leer om werklik te begryp Wie Jesus inderdaad is?

Hy kom daartoe deur die geloof.

Alleen die geloof — as 'n gawe van God — kon hierdie wonderlike belydenis uit sy hart laat opkom.

Die belydenis laat ons sterk dink aan die belydenis van Simon Petrus: ..U is die Christus, die Seun van die lewende God" — Matt. 16: 16.

Dat die Here Jesus daarop vir Simon Petrus gesê het:

"Salig is jy, Simon Barjona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is", kan ons net so goed op Natanael toepas.

Deur 'n dowwe spieël in 'n raaisel

Uit homself — met al sy Skrifkennis — sou hy daartoe nie kom nie. In die algemeen al is die geloof 'n gawe van God — Ef. 2:8. Hier kan ons wel aanneem dat die Heilige Gees op 'n besondere wyse Natanael se oë oopgemaak het. Ons kan dit selfs sien as 'n besondere openbaring en dat hyself die draagwydte daarvan nie begryp het nie.

Maar wie van ons ken ooit die draagwydte van ons geloof?

Wie kan ooit verklaar: Ek begryp alles wat ek glo?

Deur die geloof sien jy immers die "Onsienlike".

Ons kan dit Paulus hoogstens nasê: "Nou kyk ons deur 'n dowwe spieël en sien 'n

raaiselagtige beeld" — 1 Kor. 13:12.

Die Evangelieskrywer wou egter duidelik laat sien dat Jesus van die begin of deur sy dissipels as meer as 'n blote mens bely is. Hy is God uit God — Hy deel in die Goddelike natuur — en Hy wil so bely wees.

Deur Jesus se opmerking en deur Natanael se Skrifkennis kom hy dan tot hierdie belydenis. Sou hy onthou het dat Jesaja van Hom sê:

> "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors — Jes. 9:5?

Deur die geloof bely Natanael ook: "U is die Koning van Israel." Dit is vir 'n Israeliet 'n nadruklike Messiasverklaring. Ook dit sou hy miskien anders begryp het, as wat hy later sou leer. Dit is en bly tog 'n heerlike belydenis.

Deur die geloof het Natanael Christus bely as sy Messias — sy Verlosser en Saligmaker. Hy is deur die geloof in Christus ingelyf en het al sy weldade aangeneem — Kategismus Sondag 7.

Bely ons Jesus so, dan volg ook die belofte vir ons:

> "Jy sal groter dinge sien as dit.
> Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van
> God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe" —
> 50, 51.

Hemelse skatte en gawes is die deel van elkeen wat glo.

10. Wondergeloof

> Terwyl Jesus in Jerusalem was..., het daar baie mense tot geloof in Hom gekom toe hulle die wondertekens sien wat Hy doen. Maar Hy het nie vertroue in hulle gestel nie — Joh. 2:23, 24.

Deur die geloof in wondertekens

Waar Jesus kom, kom mense na Hom toe.

Almal kom egter nie in die ware geloof nie.

Dit wat ons kan noem: "die saligmakende geloof", besit hulle nie. Ons kan sê: Hulle glo, solank hulle sien, maar as hulle nie sien nie, glo hulle nie meer nie. Later blyk selfs dat mense graag die "wonderbrood" eet wat Hy maak, maar sy woord as hard beskou en Hom verlaat — Joh. 6.

Die Here Jesus was met sy dissipels vir die viering van die paasfees in Jerusalem. By so 'n fees was die stad vol mense. Uit Galilea was daar baie feesgangers wat al van Jesus en sy wonderdade gehoor en gesien het. Gerugte het vinnig versprei en mens met allerlei kwale het ook in Jerusalem na Hom toe gekom. En Hy het hulle genees.

Vir baie mense word Jesus nou 'n sensasie — 'n wonderdoener. Hulle kom tot geloof in Hom toe hulle die wondertekens sien wat Hy doen.

Die wonders, wat Jesus gedoen het, kon nie uit natuurwette of die gewone verloop van dinge verklaar word nie. Dit het ingegryp en op 'n bonatuurlike wyse — onverklaarbaar vir die menslike verstand — dinge laat gebeur. En die toeskouers kon dit nie ontken nie. Hulle sien dit vir hulle oë plaasvind.

Geen saligmakende geloof

En dan kom hulle tot geloof in Hom — eintlik as wonderdoener.

Die wondergeloof beteken dat 'n mens glo dat Jesus aan jou — of ander mense — wonders kan doen. Jy kan selfs in sy Naam wonders doen.

En tog is die geloof nie aan Hom persoonlik gebind as die Christus wat jou ook van jou sondes verlos nie. Deur die lewende band van die geloof in Jesus is jy nie opgewek tot 'n nuwe lewe nie. Jy handhaaf jouself en leef buite Hom. Selfverloëning — kruisdra — Jesus elke dag volg? Nee, dit ken die man met 'n wondergeloof nie. Hy kan selfs wonders doen "in die Naam van Jesus" om homself in die kalklig te stel.

Luister wat sê Jesus self:

> "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here ,Here',
> sal die koninkryk van die hemel ingaan nie,
> maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.
> Baie sal daardie dag vir My sê:
> 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie,
> deur u Naam duiwels uitgedryf
> en deur u Naam baie wonders gedoen nie?'
> Dan sal Ek openlik vir hulle sê:
> "Ek het julle nooit geken nie.
> Gaan weg van my af julle wat die wet van God oortree"
> Matt. 7:21-23.

Elders verklaar Hy:

> "Daar sal valse christusse en valse profete na vore kom, en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen, om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei" — Matt. 24:24.

Jesus deursien hulle

Daarom lees ons hier by die paasfees in Jerusalem van die baie mense wat in Hom glo, omdat hulle sy wondertekens gesien het:

> "Maar Hy het nie vertroue in hulle gestel nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is" — Joh. 2:24.

Seker, die Here kan nog altyd wondertekens doen.

Niks is vir God onmoontlik nie.

Maar bid die Here en ondersoek die Skrifte om die geeste te kan onderskei.

> "Pasop vir die valse profete.
> Hulle kom na julle toe in skaapsklere,
> maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe.
> Aan hulle vrugte sal julle hulle ken" — Matt. 7: 15, 16.

Hulle preek in die Naam van die Here. Hulle dryf duiwels uit in sy Naam en doen baie wondertekens in sy Naam. Maar pas op vir hulle — van binne is hulle roofsugtige wolwe.

Judas Iskariot, wat die Here verraai het, staan nog altyd daar as 'n waarskuwende voorbeeld. Hy het die Here Jesus drie jaar gevolg as een van die intieme kring geroepenes. Hy was getuie van sy wondertekens — en het selfs die Evangelie uit sy eie mond gehoor — en hy was een van die twaalf wat Jesus uitgestuur het. Saam met hulle het hy selfs ook wondertekens gedoen. En hy is die seun van die verderf — vir ewig verlore. Ja, Hy weet hoe ons almal is.

11. Nikodemus kom na Jesus toe

> Daar was 'n man met die naam Nikodemus.... Een nag het Hy na Jesus toe gekom — Joh. 3:1, 2

Deur die geloof het Nikodemus, die Fariseër en lid van die Joodse Raad, in die nag na Jesus toe gekom.

"Kerkman"

In Nikodemus het ons te doene met 'n vooraanstaande en invloedryke man. Hy het behoort aan die godsdienstige rigting wat die Fariseërs genoem is. Hulle was nougeset gehoorsaam aan alle wetsvoorskrifte en voorvaderlike tradisies, genoem "die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte" — Matt. 15:2. Hulleself het ook allerlei voorskrifte gemaak om die volk te bring tot vervulling van die wet — om so die guns van God te verwerf.

Hy was ook 'n lid van die Joodse Raad of Sanhedrin — "Raad van sewentig" — wat onder die Romeinse bewind die godsdienstige sake van die Jode moes bewaak en behartig. Die Raad het nie alleen groot mag oor die Jode gehad nie, maar selfs die Romeinse goewerneurs het hulle met agting behandel. Hulle kon maklik so optree dat daar onrus ontstaan en die goewerneurs by die keiser van Rome in die gedrang sou kom.

Nikodemus wou Jesus graag alleen ontmoet. Hy was werklik beïndruk deur wat Hy gedoen het en het nie met 'n agterdogtige hart by Hom gekom nie. Hy was egter versigtig genoeg om nie in die daglig met Jesus te gaan praat nie, sodat sy posisie nie in gedrang sou kom nie. Sy gesprek met Jesus word redelik breedvoering weergegee.

Wondertekens

Sy eerste woorde laat 'n mens dink dat hy ook maar net 'n "wondergeloof" besit het:

> "Rabbi, ons weet dat U 'n leermeester is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat U doen, as God nie met hom is nie" — 2.

Weer gebore

Vir die Here Jesus is dit in elk geval duidelik dat die man nog nie ver genoeg is nie. Ondanks sy erkenning van Jesus se aansien en sy kennis van die Bybel en ywer vir "God" — soos die Fariseërs dink — antwoord die Here:

"Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" — 3.

So kom Nikodemus onder die prediking van Jesus.

En dit is sy redding. Hy sou trouens ook gekom het om die Here van naderby uit te hoor. En daarom handhaaf ek my opskrif: Deur die geloof het Nikodemus na Jesus gekom — al sou hy nog eers werklik moes leer wat dit beteken om te glo.

Dit het baie gelowiges in die "ou tyd" maar ook in ons tyd, ondervind.

Dit maak eintlik nie saak hoe of wanneer 'n mens by Jesus kom nie. Kom maar in die nag of die dag. Kom maar uit heilbegeerte of nuuskierigheid. Solank jy maar net werklik kom.

Weergebore deur die Woord van God

En dan "luister" na wat Hy te sê het.

Dit het Nikodemus gelukkig gedoen.

Hy, die leraar van Israel, het nog nie eens sy Bybel geken nie.

Hy het nog nie geweet wat dit beteken om weer gebore te word nie. Maar hy is nou onder die gehoor van Jesus Christus — en hy luister. En Jesus se woorde is lewewekkende woorde.

Dit wek die nuwe geboorte in mense.

> "Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God" — 1 Petr. 1: 23.

Wie kan die werking van die Heilige Gees, met die lewende Woord van God, in 'n mensehart naspeur?

> "Die wind waai waar hy wil.
> Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom
> en waar hy heengaan nie.
> So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is" — 3.

Gehoor en gedoen

Nikodemus het baie meer gehoor: "Van Jesus wat van die hemel kom en van die hemelse dinge kon vertel. Van die liefde van die Vader:

> "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"
>
> —16.

En met die skatte in sy hart verlaat Nikodemus Jesus daardie nag. Hy sou voorlopig nog bekend bly as Fariseër. Hy het ook later nog op die Joodse Raad sitting geneem. In die Raad het hy selfs vir Jesus in die bres getree: "Volgens ons wet kan ons mos nie sommer iemand veroordeel, sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie — Joh. 7:51.

En eindelik lees ons weer van dieselfde Nikodemus na die kruisdood van ons Heiland. Hy staan ook by die graf van Jesus:

> "Nikodemus, wat 'n keer in die nag na Jesus toe gekom het, het ook gekom en 'n mengsel van omtrent vyftig liter mirre en alwyn gebring" — Joh. 19:39.

Dan sak die sluier van die Skrif oor Nikodemus.

Weer sou u kon vra: Maar het hy werklik geglo? Dit word tog nêrens uitdruklik gesê nie.

Ag, in die Evangelie het dit nie alleen om Jesus gegaan nie. Dit gaan ook om die verlorenes wat Hy gekom het om te soek en te red.

En dat Nikodemus Hom opgesoek het — al was dit in die nag — bewys dat Jesus hom gesoek het.

"Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom, wat na My toe kom, nooit uitwerp nie" — Joh. 6:37.

Deur die geloof het Nikodemus in die nag na Jesus gekom. Kom na Jesus toe — dit is die hoofsaak! Kom luister na sy Woord en leer by Hom! Kom deur die geloof na Hom toe! Al kom jy aarselend en huiwerend met die bede in die hart:

> "Ek glo Here!
> Kom my ongeloof te hulp!"

12. "Hy moet meer word en ek minder"

Hy moet meer word en ek minder — Joh. 3:30.

Deur die geloof het Johannes die Doper van Jesus gesê: "Hy moet meer word en ek minder."

Teen Jesus uitgespeel

So ontmoet ons weer vir Johannes die Doper in ons gang deur die Evangelies.

Johannes is nog steeds besig om te preek en te doop.

Jesus kom ook met sy dissipels in dieselfde omgewing.

'n Jood, wat waarskynlik geen van beide goedgesind is nie, knoop 'n woordewisseling aan met Johannes se dissipels oor die "reiniging". Dit gaan hier eintlik maar om die doop, wat vir die Jode ook neerkom op 'n reinigingseremonie.

In die woordewisseling sou Jesus en Johannes blykbaar vergelyk word. Die bepaalde Jood sou hom daarin verlekker dat Johannes se aansien besig is om af te neem en Jesus se aanhang by die dag aangroei.

Met die verleentheid kom die volgelinge van Johannes by hom aan.

> "Rabbi, Hy wat oorkant by die Jordaan by u was, van wie u getuig het, weet u,
> Hy doop ook, en almal gaan na Hom toe" — Joh. 3:26.

So neem hulle dit vir hulle meester op teen Jesus.

Dit kon Johannes nie toelaat nie. Nooit nie!

Hy weet immers te goed wie hy en Wie Jesus is.

> "Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie uit die hemel aan
> hom gegee is nie" — 27.

Johannes ken sy plek

Ek, Johannes, ken my bevoegdheid. Ek het dit uit die hemel ontvang.

> "Julle is self my getuies dat ek gesê het:
> Ek is nie die Christus nie.
> Ek is maar net voor Hom uit gestuur" — 28.

Hy, Johannes, is wel die grootste van die wat uit die vroue gebore is — Matt. 11:11.

Hy ken egter sy plek. Hy was die voorloper of wegbereider van die Christus. Dit is groots en heerlik. Maar dit maak hom juis klein, want hy weet — op hierdie stadium — die beste hoe groot Christus werklik is.

Daarom sê hy deur die geloof:

> "Hy moet meer word en ek minder."

Die Bruidegom en sy vriend

Johannes het sy werk gehad. Hy was die vriend van die Bruidegom. Hy het die koms van die Bruidegom aangekondig. Hy het aan die bruid vertel dat sy bereid moes wees om haar Bruidegom te ontmoet. Dit is sy taak of bevoegdheid wat hy uit die hemel ontvang het. Meer nie. Maar dit was tog so vreeslik baie — onberekenbaar groot was sy voorreg om dit te kon doen.

Sy werk het Johannes nie ter wille van homself gedoen nie. Hy het nie gekom om in die

kalklig te staan nie. Hy was nie eens soos die nederigste slaaf in die huishouding, wat sy baas se skoene losmaak en uittrek om sy voete te was nie — Joh. 1:27.

Omdat hy so klein was, juis daarom was hy so groot. Dit kan alleen die geloof aan 'n mens doen. Deur die geloof sien Johannes homself klein. En deur die geloof sien hy Jesus groot.

Deur die geloof wil hyself graag nog minder of kleiner word in die oë van die mense — indien Jesus maar groter en heerliker word.

Vir hom is Jesus alles en hy niks nie. Dit geld van elke ware prediker. Hy mag nie homself soek nie. Eie belang en eie voordeel tel nie. Hy moet homself kan wegsyfer tot niks, opdat Christus

alleen skitter in sy grootheid.

Daarom kon Paulus, die grootste sendeling van alle tye, verklaar:

> "Maar wat my betref ....
> ek is saam met Christus gekruisig,
> en nou is dit nie ek wat meer lewe nie,
> maar Christus wat in my lewe" — Gal. 2:19, 20.

Dit geld nie alleen van die predikers nie. Deur die geloof moet elke volgeling van Jesus daartoe kom. Hy moet in homself sterwe, opdat Christus in hom kan lewe.

> "As iemand agter My aan wil kom,
> moet hy homself verloën,
> sy kruis opneem
> en My volg" — Matt. 16:24.

Ook 'n Christen het dit maar moeilik met homself.

My "ek" wil nie graag minder word nie. Hy wil nie graag dood nie.

En hy is juis my doodsvyand nommer een.

Gelukkig is die mens wat deur die geloof kan doen wat Johannes gedoen het.

13. "Is Hy nie miskien die Christus nie?"

> Die vrou het toe haar waterkan net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê: 'Kom kyk! Hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?' — Joh. 4:28, 29

Deur die geloof het die Samaritaanse vrou gevra: "Is Hy nie miskien die Christus nie?"

Sy staan so na aan ons

In die Bybel het ons uitstaande geloofsbelydenisse. Dit staan daar soos bakens van krag en vertroue en insig.

Staan die meeste van ons nie dikwels daarby verleë nie?

As ons dit die mense agterna sê, kla ons hart ons dan nie soms aan nie? Is dit by my so van harte as wat dit by hulle was?

Hoe baie keer het ek dit self al gehoor op 'n vraag na geloof en bekering en wedergeboorte: "Ag, ek probeer maar. Ek het maar te doene met my swakheid. Om die waarheid te sê: Ek weet nie altyd verseker waar ek staan nie."

Daarom is die geskiedenis van die slegte Samaritaanse vrou — wat al met die sesde man saamleef — so kosbaar dat Johannes dit in besonderhede aan ons vertel.

Daarom is haar geloofsbelydenis 'n juweeltjie in die Bybel. Dit kom immers so naby aan ons:

> "Is Hy nie miskien die Christus nie?"

Die mooi en insiggewende gesprek van Jesus met haar moet u maar self weer in die Bybel deurlees — Joh. 4:1-26. Praat van "sielkundige" benadering van 'n mens — hier het ons 'n uitnemende voorbeeld daarvan. Hoe taktvol en met groot erbarming het Jesus hierdie verdwaalde vrou nie tot haarself en tot Hom gebring nie?

Jesus soek en red verlorenes

Eers moes hy haar vooroordeel as Samaritaanse vrou teen Hom as Jood oorwin.

Daarna moes Hy haar laat insien dat daar belangriker dinge as kos en water is. Daar is ook die lewende water wat Hy alleen kan gee. Hy moes ook haar eie sonde aan haar ontdek deur die eenvoudige vraag: "Gaan roep jou man!" Dan kom haar hele sieklike bestaan aan die lig. Soos 'n vlinder het sy van een man na 'n ander gefladder en steeds dieper die modder ingesak.

Eindelik begryp sy dat sy ten minste met 'n profeet te doene het. Hoe sou Hy anders kon weet van haar sondige lewe? Gou probeer sy die aandag aflei van haarself deur te begin praat oor die verskil in aanbiddingsplek tussen die Jode en Samaritane. Uiteindelik kom sy self by die Messias uit — wat die Samaritane ook verwag het.

Dit is Ek!

Dan is sy ryp om dit te hoor: "Jesus sê vir haar: 'Dit is Ek wat met jou praat' "— 26.

Sy staan van aangesig tot aangesig voor die Messias self met haar verspeelde lewe. Wat sou in haar hart omgaan? Sy het geen geleentheid om die gesprek voort te sit nie, want net toe kom Jesus se dissipels daar aan. Die vertroulike sfeer, wat Jesus so moeisaam en teer opgebou het, verdwyn soos 'n seepbel.

Die vrou — sku en teruggetrokke soos sy sou wees — word onrustig en haastig. Sy los sommer haar waterkan net daar by die put van Jakob en haas haar na die dorp.

Is Hy nie miskien... ?

Dan kom aan die lig dat sy nie besig was om te vlug nie. Dit is nie uit vrees vir die dissipels dat sy so vinnig vertrek het nie. Nee, daar is iets anders wat haar voete maak soos die van herte en haar laat tree op haar hoogtes. Sy het iets gevind — iets wat so kosbaar is dat sy dit nie vir haarself kon hou nie. Al was sy moontlik in die dorp berug en verstote — sy het nou 'n boodskap vir die dorp.

> "Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het.
> Is Hy nie miskien die Christus nie?"

Ag, sy het klaar geweet dat Hy die Christus is. Hy het dit vir haar gesê en sy het dit geglo. Sy het dit geglo — ook omdat Hy haar sondige lewe oopgevlek het. Sy het dit geglo — omdat sy geweet het waarom Hy dit gedoen het. Hy wou haar uit die modder optrek en aan haar die lewende water gee, wat Hy alleen kan gee. Ondanks haar sonde wou Hy Homself aan haar bind — Homself vir haar gee — om haar te behou.

Dit het sy ingesien! Sy het geglo. Maar waarom dan haar "onsekere" belydenis? "Is Hy nie miskien die Christus nie?"

Stel u voor: 'n Vrou wat bekend is as 'n straatvrou — wat deur ordentlike mense vermy word — storm die straat af en begin sommer so uit die bloute die Evangelie van Jesus die Christus verkondig! Hulle sou seker dink dat sy van haar wysie af is.

Jesus het haar as 'n brandhout uit die vuur geruk

Dat sy nie kon swyg nie — ondanks haar eie slordige lewe — bewys dat sy gegryp is. En dat sy dit beskeie stel, sê baie vir haar besef van eie onwaardigheid. Selfs dat sy verwys na alles wat sy gedoen het — waarvan die dorpsbewoners weet en seker ook al dikwels gepraat het — openbaar die egtheid van haar geloof. Sy het haarself met haar eie sondige lewe nie probeer verbypraat nie. Dit moes juis vir die dorpsmense die bewys wees dat dit haar erns is en dat Jesus iets besonders is.

En dat die inwoners van Sigar uiteindelik die dorpie uitstroom na die put van Jakob, is die bewys dat hulle nie anders kon as om haar boodskap ernstig op te neem nie.

Deur die geloof het sy dit gedoen.

Sy kon nie anders nie — al moes sy haar vir haarself skaam.

Die Here Jesus het sekerlik baie swakker "getuies" as hierdie vrou. En wat 'n vrug het haar getuienis nie opgelewer nie!

> "Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het: "Hy het my alles vertel wat ek gedoen het" — Joh. 4:39.

14. Die man het geglo

Die man het geglo wat Jesus vir hom gesê het, en gegaan — Joh. 4:50

Deur die geloof het die amptenaar huis toe gegaan op die woord van Jesus.

Nadat Hy twee dae, op versoek van die Samaritane, in Sigar gebly het, vertrek Jesus na Galilea. Kapernaum was sy bestemming, want die dorp het Hy sy tuiste gemaak.

Man van gesag

Daar was 'n bepaalde regeringsamptenaar met 'n groot nood. Sy seun was dodelik siek en die vader was baie lief vir hom. Hy het seker gehoor van Jesus en alles wat Hy kon doen. Toe Jesus nog op pad was na die dorp, haas die ongelukkige vader Hom al tegemoet. Of hy 'n Romein was, word nie gesê nie. Hy was egter 'n man van gesag — dit blyk uit sy benadering van Jesus. In Jesus se reaksie op sy vraag om te kom om sy seun, wat op sterwe gelê het, gesond te maak, merk ons dat Jesus nie besonder ingenome was met die man se optrede nie:

> "As julle nie tekens en wonders sien nie,
> glo julle eenvoudig nie."

Ja, die man wou blykbaar al te duidelik sy outoriteit laat geld. Aan die ander kant kan ons die uitspraak van Jesus so goed begryp.

Mense het immers veel liewer van Hom wondertekens ontvang en daaruit voordeel getrek as om na sy woorde te luister. Hulle het wel smaaklik saamgeëet aan die brood en vissies wat Hy vermeerder het — en wou Hom toe selfs met geweld koning maak. 'n Dag later was hulle kommentaar op sy preek egter:

> "Wat Hy nou sê is darem te erg.
> Wie kan daaraan gehoor gee?" — Joh. 6:60.

Juis daarom sou die opmerking van die Here Jesus nie onvanpas wees nie. Hy ken die mense — ook hierdie vername amptenaar hier voor Hom. Hulle is wel versot op tekens en wonders.

'n Angstige vader

Intussen staan die man onrustig en ongeduldig voor Jesus. Hy kan haas nie wag nie — sy kind lê immers op sterwe.

"Here, kom tog voordat my kind sterwe" — 49. Dan kom die genadige antwoord tog:

"Gaan maar huis toe, jou seun lewe." In die Here se antwoord lê tog wel iets van 'n toets vir die man. Hy het gevra: "Here, kom tog." Jesus antwoord: "Gaan maar ..."

Gaan sonder My. Ek hoef immers nie self te gaan nie. My Woord kan dit doen. Indien jy maar glo en gaan.

Deur die geloof

En deur die geloof doen die man wat Jesus sê. Hy gaan huis toe. Op pad kom hy van sy bediendes teë wat hom vertel dat die kind gesond is. Hy vra hulle toe presies wanneer die kind begin beter word het. Hulle antwoord: "Gisteraand sewe-uur het die koors hom begin verlaat."

Die vader besef toe: Dit kom presies ooreen met die tyd waarop Jesus gesê het: "Jou seun lewe."

Ons lees nou 'n merkwaardige uitspraak van die skrywer:

"En hy en sy hele huisgesin het tot geloof in Jesus gekom." Hy het mos al geglo. Waarom dan die navraag en uiteindelike uitspraak dat hy tot geloof gekom het? Het hy nog getwyfel toe hy van Jesus af weggestap het?

Nee, hy het nie in ongeloof navraag gedoen nie. Hy gaan nie uit van die standpunt: Dit is goed, maar dit sou wel nie op die woord van Jesus gebeur het nie. Dit sou dan ongelowig wees.

Hy wou alleen sy geloof bevestig sien. Die uitkoms van die woord van Jesus en sy geloof daarin, is heerlik bekragtig. Dit kon hy gerus vasstel en hom daarin verbly.

Geloof versterk

So word sy geloof bekragtig en versterk. Dit is maar wat die skrywer bedoel met die uitdrukking dat hy tot geloof in Jesus gekom het. 'n Mens se geloof staan immers nie stil nie, maar groei. En die Here gebruik ook tekens en middele om dit te sterk.

Dit ondervind ons ook — indien ons maar oplet. Klein dingetjies — op bepaalde ure en minute — gebeur nie toevallig nie. Die Here beskik die dinge dat ons daarop moet let en sien dat Hy besig is met ons. Hy wil ons steeds vaster aan Hom bind. Soms gaan dit ook, soos by die man, om lewe of dood, maar dikwels om wat ons as nietighede sou beskou. Let maar op!

Nog ryker is die vrug op die man se geloof. Sy huisgesin glo ook. Dit gaan by ons ook om onsself en ons huisgesin. Onthou dit altyd!

15. "Gaan weg Here"

> Toe Simon Petrus dit sien, val hy voor Jesus se knieë neer en sê: "Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens" — Luk. 5:8

Deur die geloof het Simon dit gesê.

Die Here Jesus het pas Simon Petrus se bootjie gebruik as preekstoel. Vanaf die bootjie het Hy die volk op die oewer toegespreek. Toe Hy klaar gepraat het, sê Hy vir Simon: "Vaar uit na die diep water en gooi julle nette uit om te vang." Simon antwoord: "Meester ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang, maar op u woord sal ek die nette uitgooi."

Teen menslike berekening in

Simon vind die bevel van die Here vreemd. Dit is al teen die middag en die swakste tyd om vis te vang. Die groot skole vis is gewoonlik ook in die vlak water. Waarom juis na die diep water? Vandaar sy aarseling. As visser verwag hy niks nie — of weinig.

Maar hy ken sy Meester nou al 'n bietjie. Hy het al die tekens gesien en geleer om te luister na sy prediking. Hy weet aan die wondermag van die Here is geen grense nie. Daarom vaar hy, na sy aarseling, uit en gooi die groot sleepnet in die water. Al varende trek hulle die net. Opeens merk hulle dat die skippie die net nie meer kan trek nie. Die net is vol. Hulle wink hulle maats op die ander bootjie om te kom help. Die een punt van die net word aan die ander bootjie — van Jakobus en Johannes — vasgemaak. So sleep die twee bootjies die net strand toe. In die vlak water word die visse uit die net gehaal en in die bootjies gelaai. Die bootjies was so vol dat hulle haas wou sink.

Gaan weg Here!

Toe dring dit deur tot Simon Petrus. Hy het nog geweifel toe die Here hom gevra het om die net uit te werp. Nou skaam hy hom. Dit alles, die hele ryk vangs van visse, het Jesus aan hom geskenk — ondanks sy klein geloof. Hy sien sy eiewysheid en klein geloof nou duidelik in.

Daarteenoor sien hy die groot liefde en guns van Jesus. Hy gee oorvloediglik.

Maar hy sien meer.

Hy besef dat hy hier iets van die Goddelike heerlikheid van Jesus aanskou het. Dit dring tot hom deur dat hy by Jesus, die sondelose Lam van God, nie pas nie. 'n Huiwering deursidder sy siel — 'n koue vrees gryp hom aan.

Hy val voor die knieë van Jesus neer:

> "Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige man!"

So iets ondervind elke sondaar wat enigsins tot die besef kom van die heiligheid van God en sy eie sondigheid. Dit het Jesaja laat uitroep, toe hy in 'n visioen die heerlikheid van God aanskou:

> "Wee my, ek is verlore!
> Want ek is 'n man onrein van lippe,
> en ek woon onder 'n volk wat onrein van lippe is;
> en my oë het die Koning, die HERE van die leërskare,
> gesien" — Jes. 6:5.

Ook in Openbaring 1 lees ons so-iets van Johannes.

Die Here Jesus verskyn aan hom in sy verheerlikte opstandingsgestalte. En Johannes vertel:

"En toe ek Hom sien val ek soos 'n dooie aan sy voete." Dit kom Simon oor by Jesus in sy vernederde toestand. Op aarde was Hy immers soos 'n dienskneg en het sy heerlikheid skuil gegaan agter 'n "misvormde voorkoms" — Jes. 52:14. Tog het iets daarvan deurgedring tot die besef van Petrus by die aanskouing van die ryk oes aan visse in die bootjies. Hy het dit nie verdien nie. En hy sien die hand van die Almagtige daarin — die Almagtige wat woon in die "mens" Jesus "van Nasaret.

En hy sidder.

As iets daarvan tog ook maar by ons wil deurdring — wanneer die Here sy gawes so oorvloediglik op ons uitgiet.

Ons leef elke dag uit sy vrye guns alleen.

En ons besit die ewige lewe, met alles wat dit inhou, uit vrye genade alleen.

En wanneer teëspoed en donkerheid op ons weg kom, is ons soms selfs opstandig teenoor die liefdevolle hand van ons Vader wat ons tugtig.

Eers wanneer jy gesidder het vanweë die onverdiende genade, waarmee die heilige en sondelose Lam van God, jou oorlaai, kan jy in dankbaarheid alles ontvang en aan Hom alleen die eer gee. Ook in teëspoed en nood.

16. Hulle het die nette gelos en Hom gevolg

> Hy sê toe vir hulle: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg — Matt. 4:19, 20.

Deur die geloof het die dissipels hulle nette gelos en Jesus gevolg.

Roeping

Hierdie vissers, Simon Petrus en sy broer Andreas en — 'n bietjie later — Jakobus en sy broer Johannes, het alreeds in die Here geglo. Hy het hulle die eerste keer daar by die Jordaan, waar Johannes die Doper gepreek en gedoop het, ontmoet. Sedertdien het hulle Hom alreeds gelowig gevolg.

In Galilea aangekom het hulle egter maar weer met hul daaglikse werk begin. Hulle was vissers wat hulle lewensbestaan gemaak het uit die meer van Galilea.

Toe die Here Jesus in Galilea in die openbaar begin optree, het Hy Hom gaan vestig in Kapernaum by die see van Galilea.

Eendag loop Hy langs die see. Hy sou dit opsetlik gedoen het, want Hy was op pad na bepaalde mense toe. Eindelik bereik Hy hulle — besig om 'n werpnet in die see uit te gooi. Dit was Simon en sy broer Andreas.

Jesus sê vir hulle:

> "Kom hier! Kom saam met My,
> en Ek sal julle vissers van mense maak" — Matt. 4: 19.

Dit kan ons hulle "roeping" noem.

Hulle word geroep tot 'n nuwe lewenstaak.

Sommerso midde in hulle bedrywigheid kom die roepstem tot

hulle:

> "Staak julle werk en kom hier — kom saam met My."

Vooruitsigte

Hulle sou hulself kon afvra: "Wat het Hy om ons aan te bied? Ons moet immers lewe en het gesinne om te versorg. Ons lees later van Simon se skoonmoeder — Matt. 8:14, 15. Hy was dus in elk geval getroud. Hy sou moes voorsien in die behoeftes van sy gesin. En nou roep Jesus hom weg van sy werk af.

En wat bied Hy aan? Hy sal hulle vissers van mense maak. Wat hou dit vir hulle in? Sou daar vir hulle enige vooruitsigte wees om 'n bestaan te maak — saam met Hom? En die vissers van mense? Hulle sou wel begryp dat dit staan in verband met sy Evangelie, wat Hy alreeds begin preek het: "Bekeer julle want die koninkryk van die hemel het naby gekom" —17.

Hy wil hulle oplei om Hom te help.

Hulle moes ook leer om te preek en te help om sy koninkryk op te rig.

Maar is Hy nie nog maar vir hulle 'n vreemdeling nie?

Deur die geloof antwoord hulle

En tog:

"Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg." Waarom doen hulle dit? Omdat hulle in Hom geglo het. Deur die geloof het hulle dadelik die nette gelos en Hom gevolg. Hulle het nie eens geweifel of bedenktyd gevra nie, maar onmiddellik besluit en gehandel.

Die manne het nie bedenktyd nodig gehad nie. Hulle het geweet omdat hulle geglo het. En dadelik laat hulle die skuite en nette net daar — en stap saam met Jesus 'n nuwe onbekende toekoms tegemoet.

Wanneer die Here roep, verwag Hy 'n antwoord.

Hy roep tot die besondere ampte — ouderling, diaken of predikant. Soms kos dit worsteling met jouself en met die duiwel.

Ook Moses en Jeremia en soveel andere het hulle stryd met hulle roeping gehad.

Hier gaan dit nie om die opweeg van voor- en nadele nie. Selfs eie onbekwaamheid en swakhede mag nie in berekening gebring word nie. Dit is selfs gevaarlik om jou deugde en talente op te tel. Dit kan geestelike hoogmoed beteken en jou diskwalifiseer vir die roeping. Nee, hier gaan dit om glo en gehoorsaam ondanks alles. En dan moet offers gewilliglik gebring word.

Offers en vreugde

Die manne het hulle nette gelos — dadelik.

Ons moet ook bereid wees om ter wille van die besondere roeping baie dinge te los. Ons roeping moet dit vir ons die moeite werd maak — al sien ons soms weinig sigbare vrugte op moeisame arbeid.

Om vissers van mense te wees is die heerlikste taak op aarde.

In die hemel is blydskap oor een sondaar wat hom bekeer.

En sal dit dan nie ook vir ons 'n vreugde wees nie! Ons wat die instrumente kon wees om sulke mense die weg na Jesus te wys!

Maar daar is ook baie struikelblokke en die pad is soms so eensaam tussen die mense.

Iemand het êrens geskryf oor die roeping tot predikant:

> "Moenie 'n predikant word, as jy iets anders kan word nie."

Dit moet vir jou so duidelik wees en so vas staan dat jy met Luther kan sê: "Hier staan ek! God help my — ek kan nie anders nie!"

Dat die manne hulle nette gelos het, beteken dat hulle die skepe agter hulle verbrand het. Daar was geen moontlikheid om om te draai nie. Hulle moes voortaan met Jesus alleen rekening hou. Sy pad en sy wil was hulle lewenswet.

Selfs toe Hy later vir hulle vra:

"Wil julle nie ook weggaan nie?" was hulle antwoord by monde van Petrus:

> "Here na wie toe sal ons gaan?
> U het die woorde wat die ewige lewe gee" — Joh. 6:67,68.

Hoor u dit?

"Kom hier! Kom saam met My!"

Deur die geloof het hulle hul nette dadelik gelos en Hom gevolg.

17. "Here, as U wil..."

> Toe die man Hom sien, val hy op sy knieë en smeek: Here, as U wil, kan U my gesond maak — Luk. 5:12.

Deur die geloof het die melaatse gesmeek: "Here, as U wil, kan U my gesond maak."

Vervloekte mens

Melaatsheid was 'n vreeslike siekte — in daardie tyd geheel ongeneeslik. Die Jode het dit beskou as 'n straf op 'n bepaalde sonde. Die Joodse geskrifte noem elf sondes wat met melaatsheid gestraf kan word. Daarom was 'n melaatse 'n van God vervloekte. Hy mog met geen ander mens omgaan nie en nie iemand anders minder as twee meter nader nie. Raak jy hom aan, dan word jyself ook onrein — belaai met die vloek. Sonder medelye moes hulle buite die dorpe en stede in die veld woon — miskien in grotte of opgestapelde kliphutte.

Die melaatse man het van Jesus gehoor en dan waag hy dit om Jesus tegemoet te gaan. Hoewel hy oortrek was van melaatsheid, kon sy onreinheid hom nie weghou van die Here nie. Hy val op sy knieë voor Jesus en smeek Hom: "Here, as U wil, kan U my gesond maak."

Geloofstaal

Hier het ons geloofstaal in die suiwerste sin van die woord. Hy glo Jesus kan hom gesond maak. By die Here is niks onmoontlik nie. Selfs die ongeneeslike melaatsheid, kan Hy genees.

Dit kan ons ook maar gerus glo — die Here kan alles!

Ja, Hy kan, as Hy wil.

Daarom gaan dit vir die melaatse en daarom gaan dit ook by ons.

Wil die Here dit doen, dan gebeur dit.

Wil Hy anders, dan gebeur dit anders.

Beide die melaatse en ons, moet ons onderwerp aan sy wil. Dit het die melaatse goed begryp — daarom is sy smeekbede duidelike geloofstaal. Hy gee hom geheel oor aan die wil van die Here. Aan sy vermoë om te genees twyfel hy nie.

Reine raak onreine aan

En dan doen Jesus iets wat by 'n melaatse nie mag nie. Hy steek sy hand uit en raak hom aan. Hy ignoreer die Joodse wette, wat die aanraking van melaatse mense verbied — dit maak jouself ook onrein. Normaalweg het Hy nie mense aangeraak om hulle te genees nie. Ook nou is die genesing nie die gevolg van die aanraking nie.

Nee, sy uitspraak— sy gesproke woord — is genoeg. Dit is die normale wyse waarop Hy tekens en wonders doen.

Waarom raak Hy die man dan aan?

Hy wou deur die aanraking toon dat Hy sterker as die "onreinheid" is wat die man aankleef. Wanneer Hy, die reine Jesus, die onrein melaatse aanraak, dan word die Here nie onrein nie, maar dan word die melaatse rein.

Kan ons, wat in ons sondeverlorenheid voor God "melaats" is en eintlik "Onrein! Onrein!" moet uitroep, dit begryp? Wanneer Jesus ons aanraak — en ons Hom aanraak in die geloof — dan word Hy nie besmet met ons sonde nie, maar Hy reinig ons van ons sonde.

Hierop volg Jesus se uitspraak:

"Ek wil. Word gesond!' En die wonder gebeur. Die man is gesond — rein van sy melaatsheid.

Vertel dit nie

Maar dan wag daar ander gevare vir hom.

Daarom beveel Jesus hom:

> "Moet dit aan niemand vertel nie!"

Dit is so maklik vir 'n mens om self die middelpunt van jou wondergenesing te word. So kom die mens — en die menslike sensasie-belustheid — op die voorgrond. Indien die man met sy reinheid voor die mense gaan spog, is sy toestand uiteindelik erger as toe hy melaats was.

Ook al is 'n mens hoe gelowig, staan jy altyd aan die verleiding bloot. Daarom kan die sogenaamde "geloofsgenesing" uiters gevaarlik wees vir mense. Met die heilige God se heiligheid moet 'n mens baie versigtig omspring. So kom Christus self in gedrang. 'n Mens mag nie met die gawes van die Heilige Gees smous asof dit negosieware is nie.

Maar al sou dit nie die geval wees nie, moes Hy ter wille van Jesus swyg. Omdat hierdie man nie geluister het nie, moes die Here Hom na eensame plekke onttrek, vanweë die gedrang en entoesiasme van die menigtes.

Sy tyd het nog nie gekom nie. Sy vyande was wakker en op die uitkyk en Hy mog nie voor die bestemde tyd die kruisweg betree nie. Daarom hoor ons herhaaldelik sy bevel: "Moet dit nie vertel nie!"

18. Toe Hy hulle geloof sien

> Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: Mens, jou sondes is vergewe.... Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe — Luk. 5:20, 24

Deur die geloof het die verlamde man vergewing van sondes en gesondheid ontvang.

Gedrang van mense

Na 'n tyd van omswerwinge in Galilea, kom Jesus weer in Kapernaum aan. Baie mense wag Hom in. Daar is selfs 'n groepie geleerde here uit Jerusalem. Hierdie Fariseërs het die lang reis vanaf Jerusalem onderneem om ook te kom kyk en luister — en beoordeel — wat hierdie Jesus van Nasaret besig is om te doen. Dit sou die belangstelling nog aangewakker het. Moontlik is daar 'n botsing — so iets mis mense nie graag nie. Die Here Jesus praat in 'n huis met die mense. Die vertrek is stampvol. Almal luister met groot aandag, want die krag van die Here was daar.

Deur die geloof

Bo op die dak is daar ineens geluide. Van die plat klippe of dakpanne word verwyder. Die gat in die dak word al groter.

Eindelik word 'n man op 'n draagbaar neergelaat tot voor die voete van die Here.

Die Here kyk die man aan.

Hy kyk ook na sy vier helpers bokant Hom.

Sy Middelaarshart is met blye ontroering vervul, toe hy die geloof van die manne sien. Hulle liefde vir die sieke en geloof in Jesus het struikelblokke oorwin om hulle vriend aan die voete van die Here te kry.

Jesus sien hulle geloof. Hy sien ook die man hier aan sy voete. Hy sien in sy oë en hart — want die man praat nie. Moontlik was hy so verlam dat hy nie kon praat nie. Meer moontlik is dit dat hy bang was of selfs vervul met wroeging. Hy was immers 'n Jood en die Jode het 'n ernstige siekte gesien as die straf op 'n ernstige sonde. En dit is vir geen mens moeilik om jou ellende in verband met jou eie sonde te bring, indien jy jouself eerlik ondersoek nie.

Jou sondes is vergewe

Die Here sien in elk geval dat die man se sonde sy grootste nood is. Daarom sê Hy:

"Mens jou sondes is vergewe." Dit is jammer dat die ontroerende erbarming, wat uit die oorspronklike taal spreek, so moeilik weergegee kan word. Moenie bang wees nie, seun, jou sondes is vergewe. Jy is so angstig voor God, maar Hy is genadig oor 'n berouvolle sondaar en vergewe al jou skulde. Wees tog maar gerus.

Jesus swyg en die verlamde man sê niks nie. Hy vra nie om gesondheid nie. Hy het die rus in sy hart ontvang en waarom sou sy siekte hom nog hinder? Dit is asof dit hom nie meer pla nie.

Wat is makliker?

Uit die hoek van die Skrifgeleerdes en Fariseërs hoor die Here egter 'n gemompel: "Dit is Godslasterlik — God alleen kan sondes vergewe."

Jesus wend hom na die Fariseërs: "Waarom redeneer julle by julleself? Wat is makliker? Om te sê: ‚Jou sondes is jou vergewe' of om te sê: 'Staan op en loop'?". Vergewing van sondes is 'n baie groter en heerliker saak as die genesing van 'n mens se liggaam. "Maar Ek gaan nou

vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om sondes op aarde te vergewe."

Weer kyk Hy na die verlamde man:

"Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe" —24.

En die verlamde man doen dit.

Deur die geloof het hy vergewing van sy sondes ontvang.

Deur die geloof is hy gesond gemaak.

Sonder dat hyself iets gesê of gevra het.

Maar die Here het sy hart gesien en sy behoeftes geken.

Jesus het geweet dat die geloof die man daar aan sy voete gebring het. Allereers met sy sondenood, wat hom innerlik verlam het, maar ook met sy liggaam wat verlam was. En hy word volkome uit sy nood verlos — deur die geloof.

Die mens sien aan wat voor oë is, maar God sien die hart aan. "Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses" — Ps. 34:19.

Al sou ons maar net kan sê: Die man het deur die geloof sy eie sonde voor God geken, dan is dit genoeg. Deur die geloof het hy vrede in sy hart en gesondheid vir sy liggaam ontvang.

En die grootste hiervan is die vergewing van sy sondes. Ligvoets stap hy uit en prys die Here.

19. Hy het toe opgestaan en Hom gevolg

> Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: "Volg My!" Hy het toe opgestaan en Hom gevolg" — Matt. 9:9

Deur die geloof het Matteus — ook bekend as Levi — alles net so laat lê en opgestaan en Jesus gevolg. (Verg. Luk. 5:27, 28).

Die tollenaar

Miskien op dieselfde dag as die genesing van die verlamde man — of 'n dag of wat later — loop Jesus by die tolhuis van Kapernaum verby. Daar sit Matteus die tollenaar op sy pos.

Die tollenaars is deur die Jode verag en beskou as van die grootste sondaars wat 'n mens kon kry. Hulle was dit ook, want hulle het gewoonlik gewetenloos — met die steun van die Romeine agter hulle — belastings en doeanegelde ingesamel.

Die tollenaars is gehaat omdat die belastings en doeanegelde self gehaat is.

Hulle is gehaat omdat hulle saamwerk met die Romeinse besettingsmag, wat deur die volk gehaat is.

Hulle is ook gehaat omdat hulle op onregverdige wyse hulle beroep uitgeoefen het en mense op groot skaal uitgebuit het.

En Matteus was een van hulle. Totdat Jesus hom daar uithaal. Matteus sou seker van Jesus geweet het. Hy ken die dorp en sy mense en almal ken hom. Hy sou gehoor het van Jesus se werke en sy prediking. Of hy elke dag onverskillig en ongeraak met sy gemene werk voortgegaan het, weet ons nie. Dit is moontlik.

Dit is egter ook moontlik dat die gesprekke oor Jesus en sy optrede 'n bepaalde onrus in sy hart gewek het. Hy was miskien nie meer so seker dat hy so mag voortlewe nie. Sy gewete kon al begin praat het.

Bly sit — totdat die Here roep

Matteus het egter op sy plek in die tolhuis bly sit.

Tot daardie dag — toe Jesus daar verbykom en gaan staan en hom aankyk: "Volg My!" is al wat Hy sê.

En Matteus raap en skraap nie eers papiere en goudstukke bymekaar nie. Hy laat alles net so lê en staan op en volg Jesus.

Verlate staan die tolhuis. Die Romeine kan maar iemand anders soek. Gewoonlik moes so 'n tollenaar vooruit tender en betaal aan die Romeine en agterna soveel moontlik insamel om sy koste te dek en sy wins te maak.

Maar Matteus kwel hom nie daaroor of hy nou ook al verliese ly of nie.

Hy staan op en volg Jesus.

Waarom doen hy dit?

Deur die geloof doen hy dit.

Die geloof laat 'n mens alles anders sien en bereken. Vir die geloof geld ander waardes as vir die wêreld. In die wêreld is daar wellusslawe en geldslawe en allerlei ander soorte van slawe. Die geloof maak mense egter vry van die slawebande — vry in Christus. Daarom kon

Matteus so maklik alles net so laat lê en Jesus volg. En hy het ook by Jesus gebly. Hy het

nie alleen in Jesus sy Verlosser gevind nie, maar het later self die evangelie van Jesus verkondig. Hy het 'n dissipel en later 'n apostel geword — 'n "gesant" van Jesus Christus.

Nooi vriende uit — na Jesus toe

Hy doen selfs meer deur die geloof — op daardie self de dag of moontlik 'n dag of wat later. Hy reël 'n feesmaal ter ere van Jesus in sy huis. En hy nooi sy eertydse vriende daarheen — die tollenaars en hulle kornuite, wat net sulke sondaars as hy was. En daar sit Jesus aan tafel saam met die geselskap — die vriende van Matteus die tollenaar.

Ook dit is 'n geloofsdaad van Matteus. Dit blyk uit die reaksie van Jesus op die beskuldiging van die Fariseërs, wat vir sy dissipels vra: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?" Jesus sê vir hulle: "Die wat gesond is het die dokter nie nodig nie, maar die wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte weg is nie, maar sondaars."

Dat Matteus die mense uitgenooi het om saam met Jesus te kom eet, was uit die geloof. Hy wou nie alleen die Here eer nie, maar hy wou die tollenaars en sondaars ook by Jesus bring. En hy doen dit, omdat hy glo.

En dan keur die Here sy daad nie alleen goed deur die uitnodiging te aanvaar nie. Hy laat Hom daar bring en gaan sit tussen die "siekes" — sondaars — as hulle "dokter", wat genesing kan en wil gee. En dan verdedig hy nog Matteus se goeie geloofswerk teenoor die mense wat meen dat hulle op die regte pad is. Doen gerus deur die geloof wat Matteus gedoen het.

Barmhartigheid

Jesus het vir die Fariseërs gesê: "Gaan leer wat dit beteken: 'Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie'." Die uitspraak ken die Fariseërs uit Hosea 6:6, maar begryp hulle wat dit beteken? Jesus begryp dit — barmhartigheid het Hom immers na die aarde, in sonde verlore, gebring.

Maar selfs Matteus weet al klaar meer van barmhartigheid af as die Fariseërs en skrifgeleerdes. Hy het dit bewys deur die afgedwaaldes byeen te bring — om een tafel met Jesus.

Dit het die geloof aan hom gedoen.

Hy het al klaar geleer om deur die oë van Jesus te sien. En dan sien hy homself as verlore sondaar en as verloste sondaar en sy oë en hart gaan met barmhartigheid uit ook tot die ander verlore sondaars. Hy bring hulle na Jesus toe.

Hoeveel ander tollenaars en sondaars die dag ook op die knieë voor Jesus te lande gekom het, weet ons nie.

Maar dit is wel seker dat die mense daardie dag gesien en gehoor het waarvan hulle nooit kon droom nie.

Dink daaraan dat Jesus Hom neerbuig tot hulle en hulle nie verag of verstoot nie — hulle, die uitvaagsel van die Jodendom!

En juis verklaar dat Hy ter wille van sulke mense gekom het!

Waarlik Matteus het dit deur die geloof alleen kon doen!

20. "Wil jy graag gesond word?"

> Jesus sê vir hom: "Staan op, tel jou goed op en loop." Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop — Joh. 5:8, 9

Deur die geloof het die verlamde man — na agt en dertig jaar — opgestaan, sy goed opgetel en geloop.

Betésda

Is daar by die man nog werklik van geloof sprake? Jesus is tydens die paasfees in Jerusalem. Hy kom dan by die bad Betésda. Daar sien Hy die siek mense sit en intens na die water staar. Hulle wag op 'n engel wat neerdaal en die water roer. Dan storm elkeen so haastig moontlik na die water. Die een wat eerste inspring, word genees van sy kwaal.

Daar sien hy iemand — waarskynlik 'n bietjie opsy — lê. Hy sou merk dat die man belangeloos en afwesig — moedeloos — sommer maar bly lê waar hy is. Hy kyk nie eens afwagtend na die water nie. Alles aan die man teken sy totale oorgawe en gebrek aan enige lewensvooruitsig. Ook sy geeskrag het mettertyd verlam geraak

Jesus ken hom, hoewel hy nie weet wie Jesus is nie. Ja, die Here weet dat hy al agt en dertig jaar lank siek was. Dan praat Hy met die man: "Wil jy graag gesond word?" Dit lyk asof die wil om gesond te word nie meer by hom bestaan nie. Hy wag maar net gelate — fatalisties — op die dood.

Ek het niemand nie

Moedeloos antwoord die sieke:

> "Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in."

Hy het deur die jare heen baie sien kom en gaan, maar hy het telkens oorgeskiet. Niemand sien na hom om nie. Niemand stel in hom belang nie. Niemand probeer help dat hy ook 'n beurt kry nie. Hoe liefdeloos kan mens tog wees! Selfs hier waar die Here wondere doen, bly almal selfsugtig en vergeet die arme man. Dit is waar wat Paulus sê: Die tye is swaar, wanneer die mense liefhebbers van hulleself geword het. Hierdie arme sukkelaar het dit aan eie lyf ondervind.

Een ding het die Here egter wel in hom ontdek. Hy begeer darem ten minste om gesond te word. As hy maar iemand gehad het om hom te help.

Miskien sou die vriendelike meneer by hom wil wag en hom help, wanneer die water weer opborrel. Hy sien wel dat die vreemdeling na hom kyk asof Hy hom graag sou wil help.

Die man glo

Onverwags is vir die man Jesus se woorde:

"Staan op, tel jou goed op en loop." Ag, hy kan nie opstaan nie! Hy kon dit vir agt en dertig jaar al nie meer doen nie! Wat sou die vreemdeling nou makeer? As Hy my liewer help om in die water te kom! Dan het ek ten minste 'n kans! So sou hy kon dink — en dit sou verstaanbaar wees. Watter rede het hy hoegenaamd om te dink dat Jesus dit werklik ernstig bedoel?

En tog:

"Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel

en geloop." Waarom het hy dit kon doen? Omdat hy geglo het. Dit is al.

Hoe die geloof in hom gewerk is? Wie kan die weë van die Here in die hart van 'n mens bepaal?

Hy het selfs nie geweet wie Jesus was nie en tog het hy Hom geglo.

Bekeer jou

Later kry Jesus hom in die tempel. Ook dit was nie toevallig nie, want Jesus moes nog iets vir hom sê. Sy liggaam was nou wel gesond, maar daar moes meer met hom gebeur. Daarom sê die Here nou vir hom:

> "Kyk, jy is nou gesond; moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie" —14.

Kan ons aflei dat sy siekte die gevolg van een of ander groot sonde was? Dit is moontlik. Dit is egter ook moontlik dat Jesus hom tot bekering en dankbaarheid aanspoor. Die geloof moenie bloot 'n wondergeloof bly nie. Hy moenie by die liggaamlike vassteek nie, maar ook innerlik genees word. Sy gesonde liggaam mag nie in die diens van die sonde gestel word nie, maar in die diens van die Here.

'n Mens kan soms so bly wees wanneer jy van 'n groot siekte genees is. En dan kan jy opstaan, jou goed vat en uit die hospitaal stap en die Here vergeet.

Met so 'n mens gebeur iets veel erger as om agt en dertig jaar verlam te wees. Dit mag wees dat hy tot in alle ewigheid nie met sy ellende klaarkry nie.

Dit moes die man ook uit die mond van Jesus hoor.

21. "Ek is dit nie werd nie"

> Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie — Luk. 7: 6

Deur die geloof het die offisier dit gesê. Die Jode het die Romeinse oorheersers gehaat — en met rede. Die Romeine het wreed en meedoënloos opgetree teen die volkie, wat die oorheersers by hulle gehaat gemaak het. Vanselfsprekend was dit nie maklik om 'n onderworpe volk van die ysterryk van die keiser van Rome te wees nie. En die Jode was ook meer verbete en opstandig as die meeste ander volke, wat deur Rome onderwerp is. Binne veertig jaar na die kruisdood van Christus het die volkie selfs in opstand gekom en is hulle volksbestaan in Palestina beëindig. Hulle stad en tempel is verwoes en hulleself is oor die wêreld verstrooi.

Hy is dit werd

Hierdie hoof van die Romeinse garnisoen in Kapernaum was egter vir die Jode 'n uitsondering. Selfs van die oudstes in Kapernaum — die destydse leiers van die Joodse gemeenskap — kom by Jesus aan met die boodskap van die offisier. 'n Kosbare slaaf van die offisier is baie siek en hy laat vra dat Jesus moes kom en die slaaf gesond maak. Hulle — die Jode — het selfs aangedring dat Jesus moet kom: "Hy is dit werd dat U dit vir hom doen, want hy het ons volk lief en het op eie koste die sinagoge vir ons gebou" — 4, 5.

Die getuienis van die Jode is alreeds 'n bewys van die offisier se geloof. Hy was simpatiek teenoor die Jode, omdat hy geglo het in die God van die Jode. Sy dade het laat blyk: "Julle God, is my God!" Daarom het die Jode baie van hom gedink. Dit is nie 'n onverskillige saak wat die mense se opinie van ons is nie. Hulle moet in ons iets sien — uit ons werke — ons hele lewe. "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" — Matt. 5:16. Dit het hierdie offisier gedoen en hy was 'n geliefde man — selfs onder die Jode, sy vyande.

Ek is dit nie werd nie

Jesus is oortuig en stap saam met die oudstes — op weg na die huis van die offisier.

Daar kom egter weer 'n paar vriende van die offisier aan met 'n boodskap van hom:

> "Here, moenie moeite doen nie,
> want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie.
> Sê maar net 'n woord, en my slaaf is gesond."

Deur die geloof het die man voorbeeldig gelewe.

Deur die geloof was hy geliefd by die dorpenaars.

Deur die geloof het hy vir hulle die sinagoge laat bou.

Deur die geloof sê hy: "Ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie."

Deur die geloof weet hy dat 'n woord van Jesus voldoende is om sy slaaf gesond te maak.

Hy weet wat dit beteken om te glo:

Hy het 'n vaste vertroue op die dinge wat hy hoop.

Sy geloof is die bewys van die dinge wat hy nie sien nie — Hebr. 11: 1.

Wat sou dit nie vir 'n Romeinse offisier — die trotse Romein — kos om vir 'n veragte Jood te kan sê: "Ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie!"

Dit is die allergrootste bewys dat hy glo.

Hy glo in die God van die Jode.

Wou hy daarom nie vir Jesus aanstoot gee deur Hom te laat verontreinig in die oë van die Jode, deur sy huis te betree nie?

Ja, dit mag selfs 'n bydraende motief gewees het.

Daar is egter gewis by hom 'n dieperliggende oorsaak dat hy so min van homself dink.

Ken 'n mens God waarlik, dan ken jy ook jou eie onwaardigheid. Selfs Petrus het, onder die besef van sy sondige onwaardigheid, vir Jesus gesê: "Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige man!"

Groot geloof

Die offisier se uitspraak het egter selfs ingehou dat hy deur en deur geglo het dat Jesus die Seun van God — die Christus is. Daarin is hy selfs die meeste Jode voor — ook die dissipels van Jesus — deur te sê:

"Sê maar net 'n woord en my slaaf sal gesond word." Soos hy glo dat hy self onder gesag staan en bevele moes ontvang — en soos hy as offisier opdragte gee aan ondergeskiktes en hulle gehoorsaam. So gehoorsaam alle magte aan Jesus.

Voor sy woord hou niks stand nie — ook nie die dodelike siekte van sy slaaf nie. Waarlik, die man het geglo.

Die Here Jesus luister na die boodskap van die offisier. Hy is ontroer en verwonderd oor die belydenis van geloof wat daaruit spreek. Hy draai om na die mense wat agter Hom aankom en sê vir hulle:

"Ek sê vir julle: Selfs in Israel het Ek so 'n geloof nie teëgekom nie!" Ja, Jesus dink baie van die man se geloof. Die man dink van hom self klein, maar Jesus verhef sy geloof bo alles wat Hy in Israel teëgekom het. Dit is goed om te weet wat mense van ons dink. Ons moet ook weet wat ons van onsself dink. Die belangrikste is egter wat die Here van ons dink. Hy sien immers nie wat voor oë is nie, maar deurvors ons harte.

Hy weet hoe hart en sinne staan daarbinne. Vra uself af:

Wat dink die mense van u — op grond van u lewe? Wat dink u van uself — as sondaar voor God? Wat dink u van Jesus en sy mag en genade? Wat dink Jesus van u? O ja, ook dit weet ons!

Ons weet wat Hy van ons dink deur wat Hy deur sy Woord in en deur ons doen.

22. "Is U die Een wat sou kom?"

Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag" — Matt. 11:2

Deur die geloof het Johannes vir Jesus laat vra: "Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander verwag?"

Kan ons dit beweer?

Is dit dan nie juis ongeloof nie? Of, ten minste, twyfel of kleingeloof?

Johannes en ons

Kom ons ondersoek Johannes se vraag — en die toestand waaruit dit voortkom — tot ons eie troos en bemoediging.

By een of ander geleentheid het elkeen van ons al naas Johannes gestaan. Indien u kan sê: "Nie ek nie!" dan is u 'n gelukkige mens — of miskien leef u selfs in valse gerustheid. Dit is selfs moontlik dat eiegeregtigheid dan op die troon mag sit en dat u self nog hardhandig deur die Here klein gemaak moet word. Wie weet?

Johannes was 'n bevoorregte mens.

Hy was die wegbereider vir die Christus, wat sy mense moes voorberei om Hom te ontvang.

Hy het die voorreg gehad dat die Here aan hom geopenbaar het Wie die Messias is.

"Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en op Hom bly....

God het vir my gesê:

> "Die Een op Wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop" — Joh. 1: 32-34.

En die volgende dag wys hy Hom aan vir twee van sy dissipels: "Daar is die Lam van God!"

Johannes in nood

Maar nou?

Nou sit Johannes oorkant die Dooie See in 'n donker gevangenishool onder die vesting Machaerus.

Herodes het hom laat opsluit en hy bring sy dae en nagte deur in die klam en donker gat onder die aarde.

Dit is sy beloning dat hy getrou was aan sy roeping. Hy het Herodes, die koning, vermaan, omdat hy saamleef met die vrou van sy broer. Hierdie vrou, Herodias, het Johannes met 'n giftige en dodelike haat gehaat. Sy het gesorg dat Herodes, die swakkeling, hom opsluit. Indien Herodes self — al was hy te swak om te breek met die vrou — nie nog enige respek vir die profeet gehad het nie, was sy kop lankal afgekap. (Soos later gebeur het.)

Johannes sit daar in sy eensame sel in 'n donker waarin hy nie eens sou kon vasstel wanneer dit dag of nag is nie.

Herodes is nog so menslik om toe te laat dat van sy volgelinge hom besoek. Van Jesus self ontvang hy geen boodskap nie. En sou Jesus dan nie by magte wees om hom uit die donker kerker te red nie? Wanneer haal Hy, as die Christus, die Koning van die Jode, sy skopgraaf uit en maak sy dorsvloer skoon? Wanneer gooi hy die kaf — waarvan Herodes en Herodias 'n deel uitmaak — in die onuitbluslike vuur van sy oordeel?

Intussen vertel sy dissipels vir Johannes een en ander van die vreemde optrede van Jesus. Hy maak siekes gesond en preek die evangelie aan tollenaars en sondaars — met wie hy ook omgaan. Hy vermy selfs die konfrontasie met die Joodse leiers en trek Hom terug na eensame plekke. Wat moet hy van Jesus dink?

Ag ja, Johannes het vergeet dat hy self ook — deur die Gees — gesê het:

> "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem" — Joh. 1:29.

Hy wou hê dat Jesus moes optree soos 'n verskeurende leeu, terwyl Hy gekom het as die Lam wat na die slagplek gelei sou word — Jes. 53.

Gaan vra die Here self

Johannes die Doper twyfel.

Selfs hy — die bevoorregte profeet van die Here — twyfel in Jesus. Sy eie omstandighede — waar hy dae en nagte in die donker tob en in sy innerlike worstel met homself en die duiwel — het hiertoe bygedra.

Maar ook Jesus se optrede — dat Hy Hom klaarblyklik niks aantrek van Johannes se nood nie en allerlei vreemde dinge doen — laat hom twyfel.

En dan maak hy werk van sy twyfel.

Hy wil nie aanhou twyfel nie.

Hy wil sekerheid hê.

En dan kom hy tot die geloofsdaad:

Deur die geloof stuur hy twee van sy dissipels om sy onrus en vrae aan Jesus self voor te lê.

So handel die geloof met twyfelvrae.

Die geloof vlug nie weg van die Here af met sy twyfel nie.

Die geloof gaan soek die antwoord op sy twyfel by die Here self.

Gaan vra die Here — wanneer u twyfel.

Moenie met bitterheid en opstand u twyfel koester nie.

En soek die antwoorde op u vrae by Hom — sy dienaars — sy kerk — in sy Woord — en deur die gebed.

Dit is die allerbeste wat 'n mens kan doen.

Dit is selfs die mooiste en mees versterkende kenmerk van die geloof.

Dit is die bewys dat my Here my vashou en dat niemand my uit sy hand kan ruk nie.

Kyk en luister

En Johannes kry 'n antwoord van Jesus. Natuurlik!

Hy is immers die Kneg van die Here wat die geknakte riet nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie — Jes. 42.

Hy blaas geen mens se kwynende geloofsvlammetjie uit nie — ook nie die van Johannes nie.

En Jesus se antwoord is so wys en so barmhartig.

Hy sê nie: "Ja Ek is die Een wat sou kom" nie.

Dit sou Johannes nie uit sy dilemma help nie.

Hy wys op wat Hy doen:

> "Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: Blindes sien weer, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig" — Matt. 11:4, 5.

En Johannes, wat die Skrif ken, sou weet dat dit van Hom gesê is deur die profeet Jesaja. Die Skrif word in Hom vervul. Glo maar net in die Bybel en — jou twyfel is weg!

Maar Jesus voeg nog iets by:

> "En gelukkig (salig) is elkeen wat nie aan My twyfel nie." [Mat. 11:6]

Johannes bly in die donker kerker.

Maar hy het lig ontvang — die Lig van God se Woord. Daarom het dit aan hom geen saak gemaak dat Salome, die dogter van Herodes, later sy bebloede afgekapte kop, op 'n skottel uit die hand van sy beul, ontvang nie. Johannes is salig!

23. "Jou geloof het jou gered!"

> 'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n sondige lewe gelei het, bring toe 'n albasteflessie met reukolie en gaan staan agter Jesus by sy voete en huil, sodat haar trane op sy voete begin drup het. Daarna het sy sy voete met haar hare afgedroog, hulle gesoen en met die reukolie gesalf — Luk. 7:37, 38.

Deur die geloof het hierdie sondige vrou dit gedoen. Daarvan kan ons seker wees. Jesus het dit self gesê:

> "Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede" — 50.

Gas van Fariseër

Jesus is uitgenooi om by 'n Fariseër, 'n sekere Simon, te gaan eet. Die Here laat Hom dit welgeval. Al ken hy die Fariseër se gesindheid en moontlike motiewe. Die Fariseër het wel deur allerlei klein dingetjies getoon dat hy die Here Jesus darem nie as sy gelyke beskou nie, maar ook daaroor swyg die Here voorlopig.

Die gaste het aangelê aan die tafel. Hulle lê op 'n soort "divan" met hulle voete weg van die tafel af. Die maaltyd is aan die gang. Ineens kom 'n vrou die vertrek binne. Sy sou wel baie moes oorwin om dit te waag. Waar manne besig was met 'n maaltyd, moes die vroue wegbly.

Eers gejaag deur duiwel — nou gedryf deur liefde

Dit was, wat haar aanbetref, selfs nie die ergste nie.

Sy dring die eetsaal van 'n Fariseër binne.

En sy het geweet van die gestrengheid van die geleerde here.

Sy het ook geweet dat hulle baie gesteld daarop is met wie hulle omgaan.

Hulle is doodbang dat hulle "verontreinig" sou word deur andere — veral sulke mense soos sy.

Sy was bekend daarvoor dat sy 'n losbandige en sondige lewe gelei het.

Maar sy kon nie anders nie.

Sy het Jesus êrens teëgekom en gehoor van sy mededoë oor verlore sondaars. Dit het haar geraak en sy het begin nadink

oor haar eie verdorwe lewe. Uiteindelik het sy tot berou gekom. En voortaan kon sy nie anders as om Jesus te volg nie.

Oorweldigend was die ervaring van die sondaarmens. Sy kon dit uitsing:

"Verlos, en nie verlore nie!" En sy wou so graag iets doen vir die Here — iets wat haar dank sou toon. Sy wou aan Hom iets doen wat 'n uiting sou wees van haar oorstelpende liefde vir die genade wat sy ontvang het.

Sy koop 'n flessie kosbare salf — miskien die beste wat sy kon bekostig.

En toe soek sy Hom. Sy hoor dat Hy in die huis van die Fariseër, Simon, is vir 'n ete.

Ag, sy kon dit nie help nie. Haar hart dryf haar daarheen. Sy dring die eetsaal binne en gaan staan by Jesus se voete.

Die sondares en die Fariseër

Haar gemoed skiet vol. Trane vloei oor haar wange.

Dit drup op die voete van die Here.

Die trane vertel van verdriet oor 'n verspeelde verlede en vreugde oor 'n nuwe lewe uit die hand van die Here Jesus.

Dan buk sy neer, maak haar hare los en droog die voete van die Here met haar hare af.

Daarna gooi sy die salf op sy voete uit.

Soos die liefde in haar innerlike, versprei die geur van die salf en vervul die vertrek.

Simon, die Fariseër, sit die toneeltjie met argwaan en aanskou. "Ag nee wat, hierdie Jesus is geen profeet nie. Anders sou Hy geweet het dat die vrou 'n bekende sondares is. En Hom aanraak!!"

Jesus het die vrou stil laat begaan.

Sy is nie nou in 'n stemming om mee te praat nie.

Jesus en die Fariseër

Hy deursien egter Simon se gedagtes.

"Simon, Ek het iets om vir jou te sê."

"Meester, sê dit maar!" antwoord Simon. En, soos Natan vir Dawid, vertel die Here dan 'n verhaaltjie aan Simon:

> "Twee mense was in die skuld by 'n geldskieter.
> Die een het vyfhonderd rand geskuld en die ander een vyftig.
> Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie, het
> hy die skuld vir albei kwytgeskeld.
> Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?" [Luk. 7:41-42]

Dit is maklik om te bepaal, dink Simon:

> "Ek veronderstel die een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het."

Soos Dawid teenoor Natan, gaan Simon nou sy eie regter word. Jesus gaan al voort:

"Jou antwoord is heeltemal reg." Maar toe draai Jesus Hom na die vrou:

"Sien jy hierdie vrou?" Is dit nou iets om te vra — hy sit hom lankal innerlik en vererg oor die stomme opdringerige mens! Wat soek sy hier in die uitgelese geselskap? Rustig gaan Jesus voort:

"Ek het in jou huis gekom (as jou genooide gas)—en jy, water vir my voete het jy My nie gegee nie, maar sy, met haar trane het sy my voete natgemaak en met haar hare het sy dit afgedroog.

'n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie.

My kop het jy nie eers met olie gesalf nie; sy het my voete met reukolie gesalf."

Wat kon Simon hierop antwoord? Sou hy skuldig gevoel het of het hy hom moontlik vererg? Dit hang daarvan af of hy geglo het of nie. Hy het in elk geval die Evangelie van Jesus Christus uit sy eie mond gehoor.

Jesus en die verlorenes

Jesus gaan voort met sy gesprek met Simon:

"Daarom sê Ek vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, bewys sy baie liefde. Maar

hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde."

Pas dit nou maar toe op jouself, Simon — of wie jy ook al is.

Dit is immers 'n algemene waarheid!

Dan praat hy weer met die vrou, wat intussen rustig geword het: "Jou sondes is vergewe."

> "Dan troos vrede in volle vloed
> die verbryselde gemoed" (Skrifberyming 6:2).

Al weer is daar 'n gemompel tussen die vriende van die Fariseër — waaraan hy miskien alweer meedoen. 'n Verharde mens is tot baie in staat! "Hoe kan die mens voorgee dat Hy sondes kan vergewe?"

Jesus ignoreer hulle. Hy het klaar met hulle almal gepraat, toe Hy met Simon besig was.

Die vrou is nou die verlore skaap. Sy het sy volle aandag nodig:

"Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede."

Deur die geloof het sy by die voete van Jesus gekom.

Dit was haar redding.

Deur die geloof het sy Hom baie lief gehad en dit bewys deur

haar dankoffer.

Haar flessie reuksalf is maar 'n nietigheid.

Haar dankoffer was alte duidelik haar hart — haar hele stukkende en juigende hart.

Daarom: "Sjaloom! Gaan in vrede!"

Dankie Here!

24. "Wie het My aangeraak?"

> 'n Vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, het nader gekom en van agter aan die soom van sy klere geraak — Matt. 9:20

Deur die geloof het die vrou aan die soom van Jesus se klere geraak.

Wat 'n stryd sou sy moes stry?

Van agter af

Die Here Jesus was op pad na Jaïrus, wie se dogtertjie van twaalf jaar, op sterwe lê.

Toe die dogtertjie gebore is, het die vrou se kwaal al begin.

Wat sou sy nie al gedoen het, om van die moeilike kwaal ontslae te raak nie?

Oor die kwaal het die HERE in sy wet bepaal:

> "En as 'n vrou lank 'n bloedvloeiing het.... sy is onrein.
> Elke bed waar sy op lê .... alles waarop sy sit, sal onrein wees.
> En elkeen wat aan hierdie dinge raak, sal onrein wees" — Lev. 15:25-27.

Dit is byna asof sy melaats is — asof die vloek van die Here op haar rus.

Sy moes die aanraking van mense vermy en sou vereensaam.

Elke dag druk die kwaal op haar.

Sy sou selfs van die "geestelike" leiers van die volk geen simpatie ontvang nie. Hulle sou haar kwaal verbind met een of ander groot en ernstige sonde. Die Here straf haar! Vreeslik!

Lukas, self 'n geneesheer, merk byna spottend op:

> "Sy het alles wat sy gehad het, aan dokters uitgegee, maar niemand kon haar gesond maak nie" — Luk. 8:43.

Sy het gehoor van Jesus — Homself moontlik gesien en was miskien self getuie daarvan dat Hy mense van hulle kwale genees.

Sy durf Hom egter nie openlik nader nie.

Die jare het haar menssku gemaak.

Sy skaam haar ook vir haar kwaal — om dit voor andere uit te spreek.

Maar sy kon nie anders nie — sy word na Hom getrek.

En haar nood is so groot — die eensame lydster!

Soos gewoonlik, is Jesus omring deur 'n menigte mense.

Hy beweeg tydsaam in die rigting van Jaïrus se huis.

Van alle kante dring mense op Hom aan — skuur teen Hom en druk teen Hom.

Wie het My aangeraak?

Opeens gaan Hy staan. Hy kyk rond en vra:

"Wie het My aangeraak?" Petrus vra half ongeduldig:

"Meester die mense dring tog rondom U saam en druk teen U?" Maar Jesus bly staan en bly beslis:

> "Iemand het My aangeraak, want Ek het agtergekom dat daar van My krag uitgegaan het" — Luk. 8:46.

Eindelik kom die vrou na vore en val angstig en bewend voor die Here. Sy is die skuldige!

Sy vertel: Alles van haar kwaal en lyding kom nou uit haar hart. Haar stryd en skroom. Hoe sy agter die Here te lande gekom het nadat sy deur die skare moes dring — en stilletjies die soom van sy kleed aangeraak het.

En dan! Die blydskap! Sy is verlos — sy is genees!

Soos by die melaatse, het haar "onreinheid" die Here Jesus nie "verontreinig" nie. Nee, sy "reinheid" het haar "gereinig".

Hy het daartoe gekom om ons "onreinheid" op Hom te neem.

Ag, Jesus het geweet van haar.

Hy kon haar ook "spaar" deur haar stil met haar geheim en stryd te laat gaan. Maar dit sou nie vir haar goed wees nie. Sy mog miskien dink dat sy klere 'n bepaalde "toorkrag" besit.

Tussen al die mense wat teen Hom stamp en by Hom verbyskuur, het Jesus die aanraking onderskei. Hy het agtergekom dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het onmiddellik geweet:

"Hier raak 'n hulpbehoewende mens My aan." En vanself — outomaties — vloei sy krag na haar.

Hoe baie mense kom op Jesus se weg?

Hulle raak Hom aan. Dring hulle aan Hom op.

Dit mag mense wees wat eenkeer deur God verlig is.

Hulle het die goeie Woord van God leer ken.

Hulle het die kragte van die toekomstige wêreld ondervind.

Hulle het selfs deel gekry aan die Heilige Gees, deur die Woord.

En tog is dit moontlik dat hulle Jesus nie werklik innerlik "aangeraak" het nie.

Hulle het nogtans afvallig geword — Hebr. 6:4-6.

Ja, Jesus weet wanneer 'n hulpbehoewende mens Hom aanraak.

'n Mens wat geen raad meer weet met homself en sy nood en sy "onreinhede" nie.

En "outomaties" vloei sy krag oor in so 'n mens.

Nog iets vir haar te sê

En dan kan Hy gerus maar die beskeie vrou — of wie ook al — tot verantwoording roep.

Hy het nog iets vir haar te sê — deur sy Woord. Sy Woord is sy "krag" — die instrument waarmee Hy mense van alle kwale genees — allereers van die onreinheid van die sonde. Daarom moes Hy nog iets vir haar sê:

"Dogter, jou geloof het jou gered.

Gaan in vrede.

Wees vir goed van jou kwaal genees" — Mark. 5:34. Ja, jou geloof het jou gered — van jou kwaal — maar ook van jou onvrede — die onrus en nood van jou hart. Jou geloof het jou gered — ook van die aanklagte van die duiwel en die mense en — jou eie gewete!

Deur die geloof is sy gered — geheel-en-al na liggaam en siel.

Hulpsoekend, het sy beskeie en skugter, net maar 'n hand uitgesteek. Sy het nie die moed gehad om iets te sê nie. Net maar 'n skugter hand aan die soom van sy kleed — laag teen die grond — soos sy ook laag en nederig voor God in haar nood is.

En sy is gered — deur haar geloof. Hy woon by die nederige van gees. Hy woon by die verbryselde van hart — Jes. 57.

25. "Talita Koem!"

> Net toe hy vir Jesus sien, val hy op sy knieë voor Hom en smeek Hom dringend: "My dogtertjie lê op haar uiterste. Kom lê tog u hande op haar, sodat sy kan gesond word en lewe" — Mark. 5:22, 23

Jaïrus se dringende nood

Deur die geloof het Jaïrus sy dogtertjie uit die dood terug ontvang.

Maar kan 'n mens sê dat Jaïrus dit geglo het?

Nee, Jaïrus het nie meer verwag dat Jesus kon help, nadat die kind alreeds dood was nie.

En tog was sy geloof hierby betrokke.

Eintlik is dit altyd met die geloof so, soos dit by Jaïrus verloop het. Deur die geloof ontvang 'n mens veel meer as wat jy hoop of verwag. Indien jy maar oplet.

Jaïrus was een van die raadslede van die sinagoge in Kapernaum. Hier het Jesus dikwels op die sabbat gepreek — en Jaïrus sou ook daartoe toestemming moes gee. Hy het dus heelwat van Jesus se wonders al gesien. Hy het Hom geken.

Daarom was Jaïrus baie bly toe hy verneem dat Jesus teruggekeer het na Kapernaum. Sy dogtertjie van twaalf jaar lê op sterwe: Hyself haas Jesus tegemoet.

Hy skaam hom nie om op sy knieë voor Jesus te val — in 'n gebedshouding — en smekend te bid nie:

> "My dogtertjie lê op haar uiterste.
> Kom lê tog u hande op haar,
> sodat sy kan gesond word en lewe."

Oponthoud

Dadelik stap die Here, omring deur die menigte wat Hom volg, saam met Jaïrus.

Maar dan kom die oponthoud deur die vrou wat aan bloedvloeiing gely het. En die Here is so tydsaam en kalm. Hy gaan nog staan en wag dat die vrou na vore kom en haar verhaal vertel. Rustig praat Hy nog eers met haar.

Intussen staan Jaïrus daarby en brand van ongeduld en angs. Dit kan te laat word — die kind is op haar uiterste. Kon die dinge met die vrou nie maar gewag het nie?

Te laat!

Ja daar kom die tyding al:

"U dogter het gesterwe. Waarom val u nog ons Leermeester lastig?"

Te laat!

Sy is klaar dood!

Jaïrus se vadersmart is duidelik op sy gesig.

Sy trane vloei oor sy wange en Jesus sien sy ontsteltenis.

Jesus se antwoord

Rustig wend die Here Hom tot die bedroefde vader: "Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!"

"Julle moenie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My" — Joh. 14:1.

Dit is die Bybel se antwoord op alles wat 'n mens op aarde kan ontstel: Die dood — van jouself of jou dierbares.

Liggaamlike nood en pyn en vrees.

Wêreldomstandighede en die dreiging van die nasies.

Die duiwel met sy helse aanvegtinge.

Oor dit alles heen weerklink Jesus se woorde: "Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo."

"Talita koem"!

Daarop stap Hy rustig saam met die bedroefde Jaïrus na sy huis. Hy kan rustig wees, want vir Hom is dit nooit "te laat" nie.

Daarom sê Hy ook vir die gehuurde rouklaers: "Wat raas en huil julle so? Die kindjie het nie gesterwe nie, sy slaap net."

Vir Hom is dit net so 'n kleinigheid om iemand uit die dood op te wek, as wat dit vir ons sou wees om iemand uit die slaap wakker te maak.

Die rouklaers — wat persoonlik geen belang by die dood van die kind het nie — kan Hom nou selfs spottend uitlag.

Jaïrus en sy vrou lag egter nie.

Hulle volg die Here en drie van sy dissipels — Petrus, Jakobus en Johannes — na die sterfkamer.

Stil, met betraande oë, kyk hulle na die lyk van hulle kind.

Jesus neem die slap handjie in sy hand en sê:

"Talita koem!"

"Dogtertjie staan op!" Die verbaasde en verskrikte ouers weet nie wat hulle moet sê of doen nie. Droom hulle?

Die kind het opgestaan en dadelik begin loop.

Jesus sien hulle verdwaasdheid en Hy help hulle daaroor heen deur die bevel om vir haar iets te gee om te eet.

Toe sou die ouers eers werklik begryp:

Dit is waar. Ons het ons kind uit die dood terug ontvang. Deur die geloof het Jaïrus meer ontvang as wat hy ooit kon hoop of bid. Hy het sy kind uit die dood terug ontvang.

Die dissipels van Jesus was sterk onder die indruk van die gebeure. Later het hulle, wanneer hulle die verhaal vertel, Jesus se eie woorde — in sy moedertaal Aramees — letterlik herhaal:

"Talita koem!" Hulle het die woorde so heilig, so groot, gevind, dat hulle dit so aan ons deurgegee het.

"Talita koem" is as 't ware die oorwinningsteken van Christus, wat Hy oprig bokant die dood.

Die dood het geen krag meer waar Hy kom en kan sê: "Talita koem!" nie (J. H. Bavinck).

26. "Ontferm U tog oor ons!"

> Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het twee blindes Hom gevolg. Hulle het aanhoudend geskreeu: "Ontferm U tog oor ons, Seun van Dawid" — Matt. 9:27

Deur die geloof is die twee blindes se oë geopen.

Seun van Dawid

Dit moes kort na die opwekking van die dogtertjie van Jaïrus gebeur het — miskien nog dieselfde dag.

Die berig dat Jesus 'n dooie lewendig gemaak het, het vinnig versprei en groot opspraak verwek. Die twee blindes moes dit ook gehoor het.

Dit was selfs vir blindes nie moeilik om die weg na Jesus te vind nie. Hy was steeds omring deur 'n menigte mense.

Hulle val ook in agter Jesus aan en begin dan hardop roep. Dit is asof die uitroepe klink soos 'n noodgeskreeu in die ore van die Heiland:

"Ontferm U tog oor ons, Seun van Dawid!" "Seun van Dawid" is die voor-die-hand-liggende titel vir die Christus. Die Christus sou uit die geslag van Dawid kom. Die profeet Natan het dit in die Naam van die HERE aan Dawid gesê:

"As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig.

Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid. Ek sal vir hom 'n Vader wees en hy sal vir my 'n seun wees" — 2 Sam. 7:12-14.

Ook die profeet Jesaja praat van Hom as die "takkie uit die stomp van Isai" — Jes. 11:1 — en Isai was die vader van Dawid.

Geloof beproef

Daarom hou die uitroep van die blindes al die bewys in dat hulle Hom beskou as die Christus.

En tog lyk dit asof Jesus Hom aanvanklik nie aan hulle steur nie. Hy laat hulle maar agter Hom aan loop en skreeu. Miskien wou Hy 'n volksoploop vermy of hulle geloof op die proef stel. Die Here het wel sy redes waarom Hy nie dadelik hoor — ook 'n gebed verhoor — nie. Gewoonlik is die uitstel vir die roeper ten goede bedoel. Iets daarvan blyk uit sy gesprek met hulle.

Eindelik gaan Hy 'n huis binne en die blindes volg Hom. Daarop vra Hy hulle:

"Glo julle dat Ek dit kan doen!" Dit is 'n gewigtige vraag vir elke mens wat na Jesus toe kom. Glo jy dat Ek dit kan doen?

Die vraag geld vir elke nood en elke omstandigheid. Glo jy dat Jesus almagtig is en jou uit elke nood kan verlos? Glo jy dat Hy jou in elke nood kan bewaar — al gaan jy liggaamlik ten gronde?

Glo jy dat sy hand nie te swak is om vas te hou en sy arm nie te kort om jou by te kom nie?

Hoeveel verwag ons van Jesus

Spontaan antwoord die twee blindes:

"Ja, Here!" As 'n mens weinig van die Here verwag, dan ontvang jy ook weinig.

Staan Hy in ons oë magteloos voor ons probleme, dan gebeur daar ook niks nie.

Die geloof tog is 'n vaste vertroue op dit wat ons hoop — 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Op die manne se spontane antwoord doen die Here selfs nog iets om hulle geloof te sterk.

Hy raak hulle oë aan, voordat Hy praat.

Vir die blindes het dit baie beteken.

Hulle kon nie sien nie en is afhanklik van hulle gevoel en gehoor, om kontak met andere te kan hê. Deur die aanraking word hulle bewus van sy liefdevolle belangstelling.

"Wat julle glo, sal gebeur" sê Hy. En dan sien hulle! Die wonder het gebeur!

Deur die geloof het hulle hul gesig ontvang.

Dan volg weer die opdrag om hiervan te swyg.

Jesus wou dit nie rugbaar maak nie — uit vrees vir 'n toestroming van mense. Dit kon ook skadelik wees vir die gewese blindes. Hulle self kon daardeur 'n sensasie word.

Ongelukkig was hulle nie gehoorsaam aan die Here nie. Miskien was hulle dankbaarheid so groot dat hulle nie kon swyg nie.

27. "Here, red my!"

> Toe sê Petrus vir Hom: "Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom." "Kom!" sê Hy — Matt. 14:28

Deur die geloof het Petrus op die water geloop.

Dit was tog darem iets besonders wat Petrus deur die geloof verrig het. Hy klim uit die bootjie en begin op die water aanstap na Jesus toe. Dit is geloof!

Jesus loop op die see

Die Here Jesus het aan land agtergebly. Dit was by die geleentheid toe Hy die brood en vissies vermeerder het om 'n menigte mense te voed. Hy dwing sy dissipels as 't ware om in die skuit te gaan en weg te vaar. Hy self bly agter om die skare weg te stuur. Daarna gaan Hy in die eensaamheid bid.

Dit het intussen nag geword en die dissipels was alleen op die see in hulle bootjie. 'n Sterk wind het opgesteek en was teen hulle.

Maar Jesus het hulle nie vergeet nie. Hy het hulle gesien — alleen op die see in die donker stormnag. Hy laat Hom ook nie keer deur die woeste golwe nie, maar gebruik dit juis as die weg waarlangs Hy na hulle kom. Teen dagbreek die volgende môre het Hy op die see na hulle toe aangeloop gekom.

Oor onrus en nood — kom Hy — juis dan.

Hulle skrik en roep benoud uit: "Dis 'n spook!"

Besoek die Here 'n mens nie dikwels en sien jy Hom dan aan as 'n "spook" nie? So vind Hy dit soms goed vir ons.

Petrus waag dit

Die Here stel hulle dadelik gerus:

> "Wees gerus, dit is Ek! Moenie bang wees nie!"

Dit gryp Petrus aan: Waarlik die Here Jesus kan alles doen! Toe sê hy vir Hom:

> "Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom!"

Dit is tipies Petrus — die waaghals. Hy is impulsief en haastig om dinge te doen. Die man van die daad. Toe Jesus na sy opstanding aan hulle aan die oewer van dieselfde see verskyn, sê Johannes: "Dit is die Here!" Daarop spring Petrus in die see en swem na die Here toe. Hy kan nie anders nie — hy doen dinge selfs voordat hy behoorlik 'n saak deurdink het. En soms is die konsekwensies vir hom te veel — soos hier — en ook later toe Hy die Here drie maal verloën het.

Maar dit is tog 'n magtige geloofsdaad.

Hy stap uit die bootjie en begin op die water loop — die oë gevestig op Jesus.

Deur die geloof loop Petrus op die water.

Deur die geloof "het hulle leeus se bekke toegestop, gloeiende vuur geblus ... . in swakheid krag ontvang" — Hebr. 11.

Waarom twyfel jy?

Maar dan?

Petrus wend sy oë af van Jesus wat oor die water aangestap kom. Hy sien hoe waai die wind en hoe kom die magtige golwe aangerol en.... hy word bang. En toe is die water weer "water" onder sy voete en hy begin wegsink — die diepte in.

Ag, Petrus, jy het tog die wind en die golwe gesien. Jy het tog geweet op watter weg jy dit waag. Jou uitwendige omstandighede het tog nie verander nie. Dit is maar steeds dieselfde stormnag.

Waar lê dan die fout? Waarom sink hy?

Die fout lê in homself. Hy het te veel op homself vertrou — te veel gewaag. Uitwendige omstandighede is gewoonlik nie die dinge wat ons bangmaak nie — die gevaar lê binne onsself. Lê maar jou hand in die hand van die Here en stap die donker in. Dit is vir jou beter as 'n lig en veiliger as 'n gebaande weg.

Met reg kon Jesus vir hom sê:

"Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?"

As hy maar sy oë op die Here gehou het. En as ons dit maar doen.

Ons saligheid en ons krag lê buite onsself in Christus.

Daarom kan Paulus sê: "As ek swak is, dan is ek sterk."

Dan soek jy jou krag by die Here.

Here, red my!

Maar gelukkig: Petrus het getwyfel, maar hy het tog geglo. Vandaar sy gebed in sy twyfel:

"Here, red my!" En die Here steek sy hand uit en gryp Petrus vas en — hy is gered!

Hou jou oë op Jesus. Roep maar gerus in jou nood: "Here red my!"

28. "Na wie toe sal ons gaan, Here?"

> Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat die ewige lewe gee — Joh. 6:68.

Deur die geloof het Petrus dit bely.

Hy sê inderdaad ook waarom hulle die Here nie wil of kan verlaat nie:

> "En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is" — Joh. 6:69.

In die Evangelies praat Petrus gewoonlik namens die ander ook. Hy is hulle mondstuk. Daarom het ons telkens met hom te doene. Hy praat dikwels deur die geloof.

Menigte gaan huis toe

Die menigtes het Jesus gevolg.

Dit is aangrypend om hulle honger na Hom en sy woorde en sy tekens te sien. Hulle het die vorige dag ver gestap om hy Hom te kom — so ver dat daar geen dorp naby was om kos te kry nie. Toe het Jesus hulle op wonderbare wyse gevoed. Daarop volg die stormnag waarin Jesus op die water geloop het. Hulle — die menigte volgelinge — kry Hom eindelik die volgende dag in Kapernaum in die sinagoge.

Daar kom toe eindelik die breuk. Sy woorde is vir hulle harde woorde.

> "Wat Hy nou sê, is darem te erg, Wie kan daaraan gehoor gee?" — Joh. 6:60.

En dan keer die menigtes Hom die rug toe:

> "Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie" — Joh. 6:66.

Miskien was daar behalwe die twaalf dissipels nog 'n klompie getroues, maar die "wondergloërs" en "tekensoekers" het Hom verlaat. Hulle wou Hom met geweld Koning maak — Joh. 6:15, maar sy evangelie wou hulle nie ontvang nie.

Streep-streep tou hulle weg — huis toe!

Hulle glo nie dat sy juk sag is en sy las lig nie.

Nee wat, sy woord is hard — wie kan daaraan gehoor gee?

Vaarwel, Jesus van Nasaret!

Wil julle nie ook maar weggaan nie?

Die Here Jesus kyk na die twaalf manne wat Hy uitgekies het as sy leerlinge. Van hulle wou Hy vissers van mense maak.

Hulle het nou gehoor dat die menigte nie na Hom wou luister nie. Hulle beskou sy woord as 'n harde woord. Dit is darem te erg — die meerderheid kan dit nie aanvaar nie.

En Hy laat hulle gaan. Hy pas nie, soos die moderne teoloë, sy evangelie aan by die sinne en grille van mense nie — al is hulle geleerd en volwasse.

Hy staan en val by sy Evangelie as die Woord van God.

Dan gee Hy aan die twaalf nog 'n geleentheid om te oorweeg of hulle wil volhard om Hom te volg.

Hy wil niemand dwing nie. Die een wat nie wil nie, kan ook maar huis toe gaan:

"Wil julle nie ook weggaan nie?"

Na wie toe sal ons gaan?

Jesus het ons nie nodig nie — niemand nie. Hy kan sonder ons klaarkom. As sy kerk verleë raak oor mense en hulle na die mond praat en sy Evangelie aanpas na die sin van mense, dan is dit nie meer sy kerk nie. En dan antwoord Petrus namens die twaalf:

"Here na wie sal ons gaan?" Moet hulle Hom loslaat en terugkeer na die tradisies en leer van skrifgeleerdes en Fariseërs?

"Hulle bind swaar en ondraaglike laste saam en sit dit op die mense se skouers, maar self wil hulle nie 'n vinger verroer om dit te dra nie. Hulle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Hulle gaan self nie in nie, en hulle verhinder die wat wel wil ingaan" — Matt. 23. So beskryf Jesus die Fariseërs en skrifgeleerdes.

U het die woorde wat ewige lewe gee

Nee, die twaalf het klaar gekies.

Terug kan hulle nie. Waar anders moet hulle heen?

"Here, na wie toe sal ons gaan?

U het die woorde wat ewige lewe gee."

Die harde woorde vir die andere, is vir hulle die lewende woorde — die woorde wat die ewige lewe gee. Deur die woorde kom die nuwe lewe — die lewe uit God — in ons harte. Dit is en kan alleen van Jesus kom. Hy alleen doop immers met die Heilige Gees.

> "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens dra niks by nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe" — Joh. 6:63.

By wie anders kry ons dit? Deur die geloof praat Simon Petrus verder:

> "En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is" — Joh. 6:69.

Ons glo vas

Jesus Christus het geëis — en eis dit nog — dat sy prediking deur die geloof aanvaar moet word.

Die baie volgelinge wat huis toe gegaan het, het ook by die twaalf 'n geloofskrisis veroorsaak. Ook hulle moes rekenskap gee van wat hulle glo.

En nou verklaar Petrus dat hulle, teenoor die skare wat weggaan, klaar standpunt geneem het: " ... ons glo vas en ons weet..."

Dit is 'n baie sterk belydenis: " ... ons glo vas en ons weet..." Glo en weet kom hier op dieselfde neer. Hulle glo, daarom weet hulle dit verseker:

" ... dat U die Heilige van God is." Ander mense word ook "heiliges" genoem — omdat hulle aan God behoort. Hy is *die* Heilige — die ware Heilige — die enigste wat innerlik en geheel heilig en sonder gebrek is.

Dit is ook duidelik dat die benaming "Heilige" 'n naam is waarmee die Christus bedoel word.

Die benaming was daarvoor bekend by die volk.

Hy is daarom die Messias wat die volk so lank verwag het. Simon Petrus kon dit alleen deur die geloof bely:

> "Here na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons

glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is."

Deur die geloof is die dissipels salig.

Ja, elkeen wat van harte so bely, is salig en het die ewige lewe.

29. "Vrou, jou geloof is groot"

> Sy het aanhoudend geroep: Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid. My dogter is in die mag van 'n duiwel en dit gaan sleg — Matt. 15:22

Deur die geloof het die Kanaänitiese vrou tot die Here geroep.

Deur die geloof het sy volhard.

Deur die geloof het sy haar diep verneder.

Ontferm U oor my!

Die Here Jesus het met sy dissipels gereis na 'n heidense land — die gebied van Tirus en Sidon. Hy het dit gedoen om weg te kom van die drukte en 'n bietjie rustig te kon wees. Hy het daar waarskynlik by 'n Joodse gesin tuisgegaan.

Hy kon egter nie verborge bly nie.

Alreeds op straat het 'n vrou, wat Hom op een of ander wyse geken of van Hom gehoor het, agter Hom aan begin loop en roep:

> "Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid! My dogter is in die mag van 'n duiwel, en dit gaan sleg!"

Sy het al maar deur geloop en roep.

Jesus het egter stil gebly. Hy het geen woord vir haar nie. Swyend stap Hy voort na sy verblyfplek.

God swyg

Dit is swaar wanneer die Here stilbly.

Dit kan voorkom asof Hy 'n mens in sy nood ignoreer.

Hy trek Hom daar niks van aan nie.

Die hemel is soos koper en jou gebede slaan teen die kamermure vas.

> "Hoe lank is ek van hulp ontbloot,
> my God in u gedagtes dood?
> Hoe lank sal ek in donkerhede
> geen antwoord hoor op my gebede,
> en ongetroos wees in die nood?" — Ps. 13:1.

Ag, dit baat nie! Hierdie Jesus negeer haar.

Sy dissipels is bekommerd oor die Here se rus. Die vrou loop agter hulle aan en roep en netnou is hier weer 'n menigte mense, wat die Here kom lastig val.

"Help haar, Here, dat sy kan wegkom. Sy hou aan met skreeu hier agter ons aan."

Jesus se antwoord aan sy dissipels is:

"Ek is net na die verlore skape van die volk Israel gestuur." Dit is waar. Die wil van die Vader is dat Hy sy evangelie alleen aan Israel verkondig. Eers nadat sy eie volk Hom verwerp het, sal sy evangelie na die heidene gaan. Die tyd daarvoor het nog nie aangebreek nie.

Die vrou hoor wat Hy sê en tog — hou sy aan!

Intussen het sy Hom bereik — miskien het sy selfs die huis binnegekom, waar Hy tuis was. Sy kniel ootmoedig voor Hom en stort haar nood uit:

"Here help my!" Wat 'n wêreld van nood en ellende lê opgesluit in die paar woorde? Kan die Here nog weier? Kyk hoe laag buig sy — sy kruip as 't ware in die stof voor Hom. Sy erken Hom as aanbiddingswaardig.

Kinders en hondjies

Maar nog is sy antwoord afwysend — eintlik klink dit beledigend:

> "Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie."

Dit is die algemene opvatting van die hooghartige Jode. Hulle is die kinders en die heidene is die honde. Maar pas dit uit die mond van Jesus, die goeie Herder?

Het Hy self dan nie verklaar nie?

> "Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei" — Joh. 10:16.

En is hierdie vrou, met haar nood, dan nie een van die ander skape nie?

Waarom noem Hy haar 'n hond en nie 'n kind nie? Haar hele optrede openbaar tog dat sy 'n kind van God is!

En die vrou? Word sy moedeloos of selfs woedend oor die hooghartige uitspraak van die Joodse Rabbi? Nee!

Sy deurstaan die toets — want dit is wat Jesus gedoen het.

Hy het haar op die proef gestel.

Daarom is haar antwoord gevleuelde woorde — woorde wat haar nog altyd nagesê kan word.

Deur die geloof het sy geantwoord — ja, deur die geloof:

> "Dit is waar, Here,
> maar die hondjies eet darem van die krummels
> wat van hulle base se tafels afval."

Sy vang die Here as 't ware in sy eie woorde. Om dit te kon doen, aanvaar sy dat sy niks meer as 'n hond is nie.

Maar selfs 'n hond het bepaalde regte. Hy behoort aan een of ander baas.

En hy moet ook leef — al is dit dan maar van die krummels wat van sy baas se tafel afval.

Laat my maar net 'n paar krummels kry van die brood van die kinders!! Dit is vir my genoeg.

Groot geloof!

Kan 'n mens nog laer buig voor Christus? Maar wat 'n bevoorregte vrou!

> "Mevrou, jou geloof is groot.
> Jou wens word vervul."

'n Groot geloof?

Ja, sy het geglo dat Hy kon help. Sy het aangehou toe Hy haar ignoreer.

Sy het voor Hom in aanbidding neergebuig.

Sy het haar laat verneder en 'n hond laat noem.

Dit is 'n groot geloof.

Die een uitstaande kenmerk van 'n groot geloof is dat jyself klein voor God is.

Wees nie moedeloos, wanneer die Hemel swyg nie.

Wag op die HERE !

Wees sterk en laat jou hart sterk wees!

Ja, wag op die HERE ! — Ps. 31.

30. "Effata!"

> Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer. Daarna het Hy na die hemel toe opgekyk, gesug, en vir hom gesê: "Effata!" Dit beteken: "Gaan oop!" — Mark. 7:33

Deur die geloof het die doofstom man sy gehoor en spraak teruggekry.

Maar kan dit wees? Was sy eie geloof hierby betrokke?

Land van towenaars

Die Here het vanaf die gebied van Tirus en Sidon terug gereis, by Kapernaum verby, en oor die Jordaan gegaan na die gebied, wat bekend is as Dekapolis. Dekapolis beteken "tien stede" en dit was dan ook 'n bondgenootskap van tien heidense stede. Hy was dus weer in 'n land van heidene. Die gebied grens ook aan die See van Galilea.

Hier laat Hy Hom dit welgeval. Volgens Matteus 15:29-31 het Hy daar selfs talle mense van hulle kwale genees — anders as by Tirus en Sidon.

Vriende of familie bring toe ook hierdie man na Hom toe. Hy was doof en het 'n spraakgebrek gehad. Waarskynlik is hy nie doof gebore nie, maar het later, as gevolg van een of ander siekte, doof geword. Daarom kon hy wel gebrekkig praat.

Gebaretaal

En nou moet ons oplet hoe die Here hierdie man tot geloof bring. Hy neem hom eers eenkant toe — weg van die ander mense af.

Omdat die man nie kon hoor nie, moes Jesus met gebare dinge aan hom verstaanbaar maak.

Hy steek sy vingers in die man se ore.

Hy maak sy vinger in sy mond nat met spoeg en raak daarmee die man se tong aan.

Aan die soort dinge sou die man gewoon wees. Die heidense towenaars doen ook sulke dinge aan mense. Die man sou ook verwag dat daar nou iets moes gebeur. Die Here het sy ore en tong aangeraak — die siek plekke — en hulle moes nou gesond wees. Ja, indien die geneeskrag in sy vingers en spoeg sou lê, dan sou 'n mens dit kon verwag. Maar Jesus wou juis aan die man tuisbring dat die geneeskrag nie daarin geleë is nie. Hy is geen towenaar nie. Dit moes hierdie heiden goed begryp. Daarom gebeur daar nog niks nie.

Sug, na die hemel

"Daarna het Hy na die hemel toe opgekyk en gesug."

Ook dit is vir die dowe man 'n taal wat hy moes begryp. Jesus sug na die hemel. Ook hy moes dit doen. Hy moes van God uit die hemel sy genesing verwag.

Jesus sug ook saam met die man. Hy stel Hom in die man se plek en kyk sugtend na die hemel. Hy vereenselwig Hom met die nood van die man.

> "Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte het Hy gedra" — Jes. 53:4.

Vir ons hou hierdie sug van Jesus nog 'n duideliker boodskap in, want ons leef na sy kruisdood en opstanding en hemelvaart. Ons leef in die bedeling van die Heilige Gees en:

> "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons

behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie onder woorde gebring kan word nie" — Rom. 8:26.

Ons sug nie alleen na die hemel nie.

Jesus self het saam met ons na Bo gesug, veral aan die kruis. En die Heilige Gees tree vir ons in met versugtinge wat nie onder woorde gebring kan word nie.

'n Christen is 'n bevoorregte mens — al weet hy nie wat of hoe hy behoort te bid nie. Hoe sou hierdie heiden dan, wat nie kan hoor en selfs nie behoorlik kan praat nie, weet hoe om te bid? Daarom wys die Here dit vir hom en tree as 't ware in sy naam op.

Hy verstaan gebaretaal en glo

En toe die dowe man dit begryp — en in sy hart gewis beaam — volg sy genesing deur die woord van Jesus. Hy sê, moontlik langsaam en afgemete, vir hom:

"Effata!" Dit beteken: "Gaan oop!" En sy ore gaan oop en sy spraakgebrek is weg.

Deur die geloof in Jesus se gebaretaal, het die man se ore oopgegaan en sy spraakgebrek verdwyn.

So preek Hy nog deur gebare — dade — dinge wat ons kan sien. En ons sien dit en sugte gaan na Bo en ons hoor en praat van die groot dade van God.

"Effata!" Ons ore is oopgemaak! Ons spraakgebrek is weg!

31. "Wie, sê julle, is Ek?"

> Maar julle, het Hy gevra, wie, sê julle, is Ek? Simon Petrus het geantwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God — Matt. 16:15, 16.

Deur die geloof het Simon, wat Jesus Petrus genoem het, bely: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

Wat dink die mense van Jesus?

Wie sou oor die geloof kon skryf, sonder om by die monumentale belydenis van Simon Petrus te kom?

Dit is die Evangelie van Jesus Christus in 'n neutedop.

Jesus het die twaalf dissipels weggelei na die buiteland. Hulle het buite Palestina in die streke van Sesarea-Filippi gekom. Die dorp is deur Herodes Filippus gebou en hy het dit vernoem na die keiser van Rome, met sy eie naam daaraan gekoppel.

In die dorp is 'n tempel gebou vir die keiser-god van Rome. Daar naby — by die oorspronge van die Jordaan-rivier — was ook 'n heiligdom vir die natuurgod Pan of Paneas. Asemberowend is die natuurskoon hier in die berglandskap.

Jesus was besig om aan die twaalf in besonder onderrig te gee. Hulle moes goed weet Wie Hy is en wat Hy leer, want hulle sou sy getuies word, wat die boodskap verder moes dra — Hand. 1: 8.

Hier in die stil en rustige natuur — weg van die saamdrommende skares — begin Jesus dan sy gesprek met hulle:

> "Wie sê die mense, is die Seun van die mens?"

Watter indruk maak Jesus op die ander mense?

Wat dink die mense van Hom, wat Hom agterna loop om sy wonders te sien en sy woorde te hoor?

Dit is nie so moeilik om die vraag te beantwoord nie.

Die mense praat baie oor Hom. Hulle dink ook selfs baie van Hom:

> "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete."

Die mense dink dat Hy 'n profeet is. Alleen die name van profete word genoem. Ook Johannes die Doper was 'n profeet.

Hoe hoog die profete ook al gesien word, is dit tog 'n diepe vernedering vir Jesus.

Hulle sien Hom bloot as 'n mens — soos die profete.

Daarmee het ons niks aan Hom nie.

Hulle kyk sy ware wese en werk totaal mis.

Wat dink jy van My?

Maar dan kom die Here naderby:

> "Maar julle, wie, sê julle, is Ek?"

So roep Hy elkeen van hulle self tot verantwoording. Ondersoek jouself en maak by jouself

uit, wat jy van My dink! Wat elkeen van julle van My dink, is die band tussen hom en My.

Wat ander mense sê — julle ouers — julle familie — julle predikant — selfs die geleerdes van die wêreld — is wel van groot belang.

Maar vir jou is dit allereers van belang wat jyself — jy persoonlik — van My dink. Glo jy self nie, dan baat die geloof van jou ouers of jou kerk, vir jou niks nie.

Soos gewoonlik, antwoord Petrus dan namens die twaalf. Hy kon dit seker doen. Hulle het nie alleen saam na Hom geluister en gekyk nie, maar Hom ook saam dikwels bespreek. En hulle het almal al tot die sekerheid gekom, wat Petrus nou bely:

> "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

In U is die Skrifte vervul.

In U het die Messias — die Christus — eindelik gekom.

U is die beloofde Verlosser wat Eva alreeds verwag het en van Wie die laaste profeet, Maleagi, nog geprofeteer het.

U is ook die Seun van God — die Here, na wie ons soek, wat na sy tempel gekom het — Mal. 3:1.

Hy, die Vader, het van U gesê:

> "U is my Seun,
> vandag het Ek u Vader geword" — Ps. 2:7.

Salig is jy, Simon Barjona!

Petrus en die ander dissipels sou nie alles begryp wat in die belydenis opgesluit lê nie.

Pas hierna, toe Jesus van sy kruisdood en opstanding vertel, het dieselfde Petrus Hom weerspreek en is hy deur die Here vermaan:

> "Gee pad hier voor My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok" — 23.

Baie dinge sou hulle eers na sy kruisdood en opstanding begryp.

En tog is die belydenis van Petrus vir hulle as dissipels van grondliggende belang:

> "Gelukkig (salig) is jy, Simon Barjona,
> want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het
> nie, maar my Vader wat in die hemel is" —17.

Nie alleen Petrus nie, maar almal wat so bely, is salig. Hulle is in Christus behoue en besit die ewige lewe. Hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie. En niemand sal hulle uit sy hand ruk nie.

> "En Ek sê vir jou: jy is Petrus,
> en op hierdie rots sal Ek my kerk bou,
> en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" —18.

Daarom is Petrus se belydenis ook van wêreldomvattende betekenis. Tot in die verste nageslagte sal mense glo en bely:

"U is die Christus, die Seun van die lewende God" en hulle sal salig wees. So bou die Here sy kerk op die belydenis van Petrus — die rots.

Maar Hy bou sy kerk ook met belydende mense wat bely soos Petrus bely het.

Wie so deur die geloof bely is salig.

Maar wie dit nie glo en bely nie, kan nooit salig wees nie.

> "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie" — Joh. 3:18.

Deur die geloof het Simon Petrus bely:

> "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

Deur die geloof is Simon salig.

Deur die geloof was hy 'n medebouer van die kerk op die Rots:

JESUS CHRISTUS, DIE SEUN VAN GOD.

32. "Kom my ongeloof tot hulp!"

> "Ek glo," roep die seun se pa dadelik uit. "Help my waar ek nog ongelowig is!"
> — Markus 9:14

Deur die geloof het hierdie man uitgeroep: "Ek glo. Help my waar ek nog ongelowig is!"

Gee my maar net dit, wat hierdie man gehad het, Here. Dit is vir my genoeg — en tog so vol troos, dat U hom wel gehelp het. So het U my ook al dikwels gehelp in my swak geloof.

Dissipels kan nie help

Jesus kom vanaf die berg van sy verheerliking. Daar het Hy die hemelse heerlikheid gesmaak in geselskap van Moses en Elia — wat met Hom gepraat het oor sy uitgang in Jerusalem. Petrus, Jakobus en Johannes was daarvan getuies.

Toe hulle aan die voet van die berg kom, sien hulle 'n samedromming van mense rondom die ander nege dissipels. 'n Paar Fariseërs was besig om heftig met die dissipels te redeneer. Dit is gou duidelik waarom dit gaan. Die Fariseërs kon hulle daarin verlekker dat die nege manne nie in staat was om 'n "maansiek" seun te genees nie. Nou het hulle met alle mag probeer om die manne ook tot twyfel in hulle Here te bring.

Toe kom Jesus daar aan. Gelukkig juis toe!

> "Waaroor redeneer julle met mekaar?" vra Hy.

'n Man kom nader en vertel Hom:

> "Meneer, ek het my seun na U toe gebring omdat hy van 'n gees besete is, wat hom stom maak."

En dan vertel hy van die aanvalle wat die seun kry:

> "Ek het u dissipels gevra om die gees uit te drywe, maar hulle kon nie."

Teleurgesteld antwoord Jesus — en met toorn:

> "Ongelowige geslag,
> hoelank moet Ek nog by julle wees?
> Hoelank moet Ek julle nog verdra?"

Dit is die eerste keer dat Hy sy dissipels op die wyse aanspreek.

So pas het Hy in die hemel gekyk.

Nou sien Hy weer die afgrond van sonde en kleingeloof by sy eie dissipels! Wat het Hy, met sy groot sondaarsliefde, tog moeite met ons?

Die geloof kan alles

Deur wie word Hy die meeste verneder en teleurgestel?

Deur sy vyande — in die geval die Fariseërs — of deur sy eie volgelinge?

Ons het alle rede om ons saam met die nege manne te skaam.

Dit klink kortaf en ongeduldig, toe Hy vir die pa van die kind sê:

> "Bring hom hier na My toe!"

Toe hulle die seun nader bring, kry hy juis weer 'n aanval.

Hy kry geweldige stuiptrekkings — slaan neer op die grond en rol daar rond met skuim in sy

mond. Die duiwel toon vir laas sy krag asof hy Jesus uitdaag.

Op sy kalm vraag, hoelank dit die seun al oorkom, antwoord die pa:

> "Van kleins af, en baie keer het hy hom al in die vuur en in die water gegooi om hom dood te maak. As U tog iets daaraan kan doen, kry ons jammer en help ons."

Waarom twyfel die man of Jesus hom kon help?

Gewis omdat sy dissipels hom nie kon help nie. Hulle was die struikelblok vir sy geloof. Hulle — die vissers van mense, wat vroeër al getuig het dat hulle "baie duiwels uitgedryf het" — Mark. 6:13 — staan nou hulpeloos.

Geen wonder dat die man sê:

> "As U tog iets daaraan kan doen,
> kry ons jammer en help ons."

Jesus antwoord:

> "As U iets kan doen," sê jy.
> Vir die een wat glo, kan alles."

Ek kan alles. Vir My is niks onmoontlik nie, want Ek is die Seun van God. Die vraag is of jy kan glo — dan is alles vir jou ook moontlik.

Kom my ongeloof te hulp!

Nie alleen die nege magtelose dissipels staan verleë nie. Ook die pa van die seun is skuldig. Ook sy geloof het tekort geskiet. En dit bely hy dan ook:

> "Ek glo.
> Help my waar ek nog ongelowig is!"

So staan die diep behoeftige pa daar met sy kind — magteloos gebind deur die mag van die duiwel.

En hy self — met sy geloof en ongeloof, wat teen mekaar worstel. Die duiwel is ook met hom besig — weet dit maar vir seker.

Gelukkig staan hy met sy ongeloof voor Jesus Christus.

En Jesus hoor die roep van sy geloof dwarsdeur sy ongeloof heen. En Hy help hom:

> "Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou:
> Gaan uit hom uit en moet nooit weer in hom invaar nie!"

Die gees verlaat hom, maar die seun kry eers weer hewige stuiptrekkings en bly soos 'n dooie op die grond lê. Die omstanders roep mekaar ook al toe: "Hy is dood!"

Jesus buk egter en neem sy hand en help hom op. Deur die geloof van sy pa het die seun gesond geword. Geloof is altyd 'n wonder — ook wanneer dit vermeng is met ongeloof.

Bid, en vir julle sal gegee word

Toe hulle êrens tuis kom, kom die nege verleë dissipels en vra vir die Here:

> "Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?"

Hulle voel skuldig en verleë. En tog: hoor ons nie ook van hulle kant die aanklag dat Jesus hulle nie genoeg geloof gegee het om dit te kon doen nie?

Jesus antwoord:

"Hierdie soort goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie."

Dit was julle fout. Julle wou dit in eie krag doen.

Maar dit kan nie. Bid om geloof en bid om krag — elke dag. Al is jou geloof dan soos 'n mosterdsaadjie — klein en nietig — dan sal jy hierdie berg optel en na die diepte van die see verplaas.

Jesus self het kort vantevore bo-op die berg gebid en die voorportaal van die hemel betree.

Ook ons kan — indien ons biddend lewe. Ons kan alles — deur Jesus Christus — indien ons deur die gebed in kontak met Hom bly.

Ag Here, ons geloof is so klein — ons moet ook kla vanweë eie ongeloof.

Ons gebede is so skraal — en dikwels so weinig.

Is dit daarom dat U so weinig kragte onder ons doen?

Leer ons om te glo en met hartlike sugte, sonder ophou, te bid om die krag van die Heilige Gees. Amen.

33. "Wie nie teen ons is nie, is vir ons"

> Johannes sê toe vir Hom: "Meester, ons het iemand gesien wat in u Naam duiwels uitdrywe. Ons het probeer keer omdat Hy ons nie volg nie" — Mark. 9:38

Deur die geloof het hierdie buitestaander duiwels uitgedryf.

Amptelike Kerk

Dit is tog maar vir die gewone of tradisionele kerkmens moeilik om te sien dat 'n buitestaander in die Naam van Jesus kragte doen.

Daarmee het die gewone dissipels van Jesus — die amptelike kerk — ook hulle probleme gehad.

Hulle het 'n man teëgekom, wat hulleself nie eens ken nie.

Die man was besig om te doen, waartoe hulle "mag" van die Here ontvang het:

> "Hy het aan hulle (die twaalf) mag oor onrein geeste gegee" — Mark. 6:7.

Die vreemdeling was ook besig om in die Naam van Jesus bose geeste uit mense uit te dryf — en hy volg Jesus nie soos hulle nie.

Hulle voel egter nou 'n bietjie skuldig daaroor. Hulle het onder mekaar gestry wie van hulle twaalf die belangrikste is. Jesus het toe 'n kindjie geneem en tussen hulle in laat staan en toe vir hulle sy les geleer:

> "Elkeen wat so 'n kleintjie in my Naam ontvang,
> ontvang My;
> en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie,
> maar ook vir Hom wat My gestuur het — Mark 9:36, 37.

Stop dit!

En nou pla hulle gewete hul oor daardie vreemdeling.

Is hy nie maar soos hierdie kindjie in hulle oog nie?

En hulle het hom probeer verhinder om in die Naam van Jesus duiwels uit te dryf!

Dit is uiteindelik Johannes, die apostel van die liefde, wat dit nie meer kon uithou nie. Hy sê vir Jesus:

> "Meester, ons het iemand gesien wat in u Naam duiwels uitdrywe. Ons het hom probeer keer, omdat hy ons nie volg nie" —38.

Johannes durf nie sê: "omdat hy U nie volg nie."

Sou hy besef het dat hulle in die man se hart nie kon sien en nie kon beoordeel of hy nie dalk werklik die Here volg nie? Hulle gramskap is egter gewek omdat hy nie, saam met hulle, die Here volg nie.

Sektaries of stagnant

Hy is nie by ons nie — daarom is hy verkeerd.

Hy dink nie presies soos ons nie — daarom moet hy niks doen in die Naam van die Here nie.

Dit is wat ons kan noem 'n "sektariese" opvatting.

Vir die "sektariër" is almal wat nie presies doen soos hy doen en alles vermag wat hy kan vermag nie, 'n verlore mens.

Jy moet presies soos hy "tot bekering kom" en presies soos hy "die Gees ontvang", of anders is jy verlore.

Die tradisionele kerk kan egter stagnant raak.

Hulle kan ook in die bepaalde opsig "sektaries" word.

Hulle kan meen "buite ons" is alles skyn en bedrog en die "dwalendes" en "kindertjies in die geloof" daarbuite veroordeel.

Gelukkig is ons belydenis in die opsig baie ruim. Ons glo dat die "heilige algemene Christelike kerk" nie alleen tot ons kerkmure beperk is nie. Ons glo dat die kerk in die geloof wêreldwyd een is, ondanks verskille onderling. Selfs in die mees afgedwaalde rigting, kan die Here nog sy Woord laat deurbreek en mense tot die ware geloof bring.

Moenie oordeel nie

Daarom moet 'n mens leer om te onderskei, maar jy moenie oordeel nie. Laat dit liewer aan die Here oor — Hy ken die harte. Die dissipels stry al oor wie van hulle die grootste in die koninkryk van die hemel is. Jesus wys hulle daarop dat hulle eers soos die kindertjies moet word — anders is hulle nog nie eens in die koninkryk nie.

Daarom antwoord die Here op Johannes se vraag:

> "Moet hom nie keer nie .... Wie nie teen ons is nie, is vir ons" — 39, 40.

Om duiwels uit te dryf sê al oneindig baie. "Al sou iemand maar vir julle 'n beker water te drinke gee, omdat julle aan Christus behoort, hy sal beslis die beloning daarvoor kry. Dit verseker Ek julle."

Iemand wat dit doen, openbaar die Christelike liefde. En dit is tog uiteindelik die belangrikste maatstaf. Daarvolgens sal ons almal geoordeel word.

Het jy vir iemand, in die Naam van die Here, 'n beker koue water gegee?

34. Sewentig maal sewe keer

> Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?" — Matt. 18:21.

Deur die geloof het Petrus hierdie belangrike persoonlike vraag aan die Here gestel: "Hoeveel keer moet ek my broer vergewe? Selfs sewe keer?"

Lastige "broer"

Petrus sou 'n bietjie gesit het met hierdie lastige "broer".

Die man het elke keer iets teen Petrus.

En hoewel hulle elke keer weer versoen — en Petrus hom maar vergewe — doen hy tog telkens maar weer iets wat vir Petrus krenk.

Hoe lank moet 'n mens toelaat dat jy beledig word?

Het ek dit nie al genoeg kere gedoen nie?

Die skrifgeleerdes leer dat 'n mens darem ten minste drie keer verplig is om jou naaste te vergewe.

Maar ek, Petrus, het dit al sewe keer gedoen.

Dit is seker nou darem genoeg. Wat te erg is, is te erg!

Die lastige broer, wat so omspring met Petrus se geduld, kon selfs een van die twaalf gewees het.

Dan sou ook hy in spanning luister na wat die Here gaan antwoord.

Hy sou Petrus gewis ook in sy hart kwalik geneem het.

So, sonder om die moed te hê om sy naam te noem, stel hy die vraag aan Jesus. So ewe onskuldig asof dit 'n "akademiese" vraag is wat homself nie raak nie.

Ag, wie kan die kronkelweë van die sondaar se hart naspeur?

Petrus glo — en die ander man is 'n "broer" — hy glo ook.

En tog maak hulle dit vir mekaar moeilik — soms selfs ondraaglik moeilik.

"Broers en susters" kan ook soms soos vyande lewe.

Die een kan die ander kwaad aandoen.

Die ander een kan die kwaad met kwaad vergeld — deur hom nie te vergewe nie, maar met 'n wrok in sy hart te loop.

Gelukkig — kan Here self vra

Gelukkig kom Petrus met sy vraag na die regte adres: die Here. Dit is sy en sy broer se behoud.

Vertel die Here van jou broer of suster se sonde teen jou. Maar vertel ook van jou eie gebrek aan vergewensgesindheid. Dan is jy gewis by die oplossing van die probleem.

En luister saam met Petrus na die Here se antwoord:

> "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer."

Betaal my skuld

Dit beteken: altyd — sonder ophou.

Om dit te verduidelik vertel die Here die gelykenis:

'n Koning gaan sy boeke na. Hy merk dat een van sy hoë amptenare miljoene rande aan hom skuld. Toe die koning hom regmatig wou straf, begin hy pleit om genade. En die koning skeld hom alles kwyt. Gelukkige mens!

Die man is skaars buite toe hy 'n outjie sien loop.

A, wag 'n bietjie, kom hier kêreltjie! Jy skuld my mos 'n paar rand! Dok op — ek het nou lank genoeg gewag vir my geldjies!

Die ander man val selfs voor hom neer en pleit:

> "Gee my tog uitstel; ek sal alles terugbetaal."

Maar die hoë amptenaar wil niks weet nie. Hy laat die ander een in die tronk gooi. Hy sal hom wys!

Die koning, wat die man miljoene kwytgeskeld het, hoor van sy optrede. En toe kry hy sy regmatige straf. Hy word nie gestraf oor die miljoene wat hy geskuld het nie. Nee, hy word gestraf omdat hy sy naaste nie wou vergewe nie.

Dit maak hom meer skuldig as al die miljoene wat teen sy naam gestaan het.

Hemelse Vader en vergewing

Begryp jy dit Petrus?

> "So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."

Wat het die Here nie alles vir Petrus moes vergewe nie!

En vir my! En vir jou!

En wat kos dit ons om ons medemens van harte te vergewe?

Letterlik niks.

Ons skenk aan hom of haar maar net iets uit die miljoene wat ons uit genade ontvang het.

En die wonderlikste is dat ons kapitaal daardeur nie verminder nie, maar vermeerder.

Hoe meer jy vergewe — hoe ryker is jy geestelik.

Dit is die kapitaal van die geloof.

35. Doen die werke van God

> Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë en sê vir hom: Gaan was jou in Siloambad. Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien — Joh. 9:6, 7.

Deur die geloof het die man hom gaan was in die Siloambad. Deur die geloof is die werke wat God doen, in hom gesien.

Die Here Jesus kom die man êrens in Jerusalem teë.

Die man was van sy geboorte af blind.

Hy sou as blinde dit moeilik gehad het. Blindes is destyds nie deur die samelewing opgevang en gehelp nie. Hulle moes maar hulle bestaan maak deur te bedel.

Ter wille van wie se sonde

'n Mens kan jouself afvra: "Waarvoor lewe sulke mense eintlik? Hulle is bloot 'n oorlas vir die samelewing en kan vir hulleself niks doen nie".

Op tipies Joodse manier is die dissipels ook besig met die man, toe hulle hom sien.

Die Jode bring elke groot siekte of gebrek in verband met een of ander groot sonde. Die man ly van sy geboorte af. Hy word gestraf vir een of ander sonde.

Maar hoe kan 'n mens dit verstaan? Hy het tog nie voor sy geboorte al sonde gedoen, waarvoor hy gestraf moes word nie!

En as sy ouers dan sonde gedoen het, wat so 'n straf verdien, waarom is hulleself nie gestraf nie, maar hy — wat tog kennelik onskuldig is.

Hy is blind om te kan werk vir God

Vandaar hulle vraag aan Jesus:

> "Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is:
> sy eie of sy ouers s'n?"

Ag, ons menslike rekensommetjies tog!

Dit werk nooit uit nie.

En daarteenoor die Goddelike wysheid van ons Meester, wat altyd weet om die regte antwoord op die regte tyd te gee.

> "Dit is nie deur sy eie sonde nie
> en ook nie deur sy ouers s'n nie."

As God ons sondes sou vergeld in die lewe, wie sou voor Hom kon bestaan?

Nee, maak julle maar nie moeg met die "vergeldingsteorie" nie. God alleen kan dit vir ons oplos.

En Hy het dit gedoen, deur sy eie Seun nie te spaar nie, maar Hom vir ons almal se sondes oor te gee.

En tog doen God niks sommer so sinloos of doelloos nie. Die man se blindheid — en alle nood van elke kind van God — kom nie sommer lukraak op ons pad nie. Hier speel die toeval geen rol nie. Dit kom uit die hand van ons liefdevolle Vader.

Maar meer nog, Hy straf of slaan nie, om ons onnodig te treiter nie. Hy doen dit met 'n bepaalde doel.

> "Maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word."

Die magtelose en werklose bedelaar het werk — 'n groot werk. Hy het nie verniet van dag tot dag voel-voel sy pad deur die straatjies van Jerusalem gegaan nie.

Hy het ook nie verniet elke dag op sy bekende hoekie gesit, met gebakte hande smekend opgehef na elke verbyganger nie. God het hom daar gebring — nadat hy in sy blindheid by sy geboorte nie eens die eerste lewenslig kon sien nie. Omdat — ja, omdat God vir hom werk het. Sy werk is:

> "dat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word."

Laat maar u geestesoog gaan oor die hele skare van blindes en lammes, en geestelik vertraagdes. Dink maar aan elke denkbare nood in 'n mens se lewe. Aanvaar maar dat die mense nooit hier op aarde uit die nood verlos word nie. Dat die blinde man blind bly en die verlamde lam bly en die pyn bly knaag in die liggaam van die sieke, maak wesenlik geen verskil nie.

Almal van hulle — ten minste die voor wie se name 'n mens kan skryf: "deur die geloof" — is besig om dit te doen:

> Die werke wat God doen, word in hulle gesien.

En beproef dit maar — indien die soort nood jou gespaar gebly is.

Gaan soek hulle op in die hospitale en tehuise en u sal dit sien. Jy sien die werke wat God doen in hulle.

En jy, gesonde lewenslustige — en miskien selfsugtige — wese, gaan verkwik en gesterk — en beskaamd — daar weg. Jy het die werke van God in nietige, swakke, "werklose" mense gesien.

Las van skouers af

Die blinde man is besonder bevoorreg.

Hy luister na die vraag van die dissipels en hy hoor die antwoord van Jesus.

Alreeds val die groot las, wat die skrifgeleerdes hom opgelê het, van sy hart af. Selfs net hierna — na sy genesing, toe hy vir Jesus in die bres tree — het hulle hom dit weer toegesnou:

> "Jy is van jou geboorte af die ene sonde,
> en wil jy ons staan en leer?" — Joh. 9:34.

So het hy dit gehoor en so moes hy die dubbele las dra — die las van sy blindheid en die las van die sonde wat die mense hom as straf toedig — daarom is hy immers blind.

Hy het egter klaar gehoor wat die Here Jesus sê:

> Hy is nie blind deur sy eie of sy ouers se sonde nie. Dit weet hy alreeds.

En die lig van blydskap en groot dankbaarheid sou sy donker hart vervul.

Geestelik is sy oë klaar oop.

Toe begin die Here boonop iets aan hom doen.

Hy voel ineens dat Jesus iets aan sy oë smeer.

Wat is dit? Klei wat Hy met sy spoeg op die grond aangemaak het. Sal hy ongeduldig sy oë afvee?

Deur die geloof

Nee, hy wag geduldig.

Die goeie Rabbi het iets met hom voor — vandaar die troosryke dinge wat Hy gesê het.

Dan kom die opdrag:

> "Gaan was jou in die Siloambad!"

Deur die geloof staan die man op en gaan om te doen wat die Here Jesus — vir hom 'n geheel onbekende persoon — hom opgedra het.

Hy gaan was hom.

Wie het hom daarheen gelei?

Wat maak dit saak?

Van belang is: Die werke wat God doen, is in hom gesien.

Want hy het siende teruggekom.

Hy het selfs onwetend 'n goeie getuie van Jesus geword.

En later het hy selfs die geleentheid gehad om Jesus self te ontmoet en te bely: "Ek glo, Here!"

Hy het selfs voor sy Redder kon neerkniel en Hom aanbid. So is die werke wat God doen, heerlik in hom gesien.

36. "Ek glo Here!"

"Ek glo Here! En hy het Hom aanbid — Joh. 9:38

Deur die geloof het die blindgeborene bely: "Ek glo Here!" Deur die geloof het hy die Here Jesus aanbid.

Die geskiedenis van hierdie man wat blind gebore is, is tog wonderlik.

Waarlik, die werke wat God doen, is in hom gesien!

Die man was 'n geval

Die Here Jesus het klei aan sy oë gesmeer en hom opgedra om hom in die Siloambad te gaan was.

En ineens was sy blindheid weg. Hy het gesien deur die geloof. Wonderlik! Die lug en die wolke, die bome en blomme, die mense en diere — ineens sien hy dit alles vir die eerste keer. Hy sou duisel van die kleureprag wat hy homself nooit kon voorstel nie. Hy haas hom huis toe. Sy ouers en vriende moet dit weet!

Bure en bekendes stroom saam om te kom kyk.

Verwonderd vra sommige: "Maar is dit dan nie die man wat gesit en bedel het nie?"

"Ja, dit is hy," hoor jy mense roep.

Andere sê: "Dit kan tog nie wees nie. Hy lyk maar baie na die blinde man!"

Eindelik sê hy self: "Dit is ek!"

Verbaas drom hulle om hom saam. Hy moes vertel en hy doen dit.

Die man met die naam Jesus het dit gedoen.

"Waar is Hy nou?" vra hulle verwonderd.

"Ek weet nie," is die eenvoudige antwoord.

Hy het wel die naam van Jesus gehoor, maar verder weet hy niks nie.

Onbetrokke

Dit bring die bure en vriende in verleentheid. Jesus was nie geliefd in Jerusalem nie.

Die Joodse leiers haat Hom en soek 'n moontlikheid om Hom aan te kla.

Daarom is sy vriende nou bang vir die ding wat gebeur het. Hulle stuur hom na die Fariseërs — hulle moes maar agter die gebeure probeer kom. Ons wil daar liewer niks mee te doene hê nie.

Die Jesus kan ons ook dalk in die moeilikheid met die owerstes betrek. Hulle wil onbetrokke bly.

Wees ook maar nie te bly saam met die man wat bly is nie. Pasop — die meelewing bring jouself net in die gedrang. Die voormalige blinde gaan meld hom aan by die Fariseërs. Waarom hy die raad juis opgevolg het, weet ons nie. Hy self sou dit seker ook nie goed begryp het nie. Miskien wou hy hulle laat verstaan dat hy nie die groot sondaar was, waarvoor hulle hom, volgens die leer van die Fariseërs, altyd gehou het nie. Hy dra mos, volgens hulle, die straf van God omdat hy blind is.

Nie van God nie

Eenmaal aangemeld by een of 'n paar Fariseërs, wat luister na sy verhaal, word gou 'n klein vergadering belê van 'n groep voormanne. Ook hulle begin hom dan noukeurig ondervra.

Hy is maar 'n eenvoudige mens en vertel kinderlik en eerlik sy verhaal.

Dan kom daar tweespalt onder die geleerde here:

Party sê:

> "Hierdie man (Jesus) kom nie van God nie,
> want Hy hou nie die sabbatdag nie."

Dit was naamlik sabbat die dag. Andere sê weer:

> "Hoe kan iemand wat 'n sondaar is,
> sulke dinge doen?"

In hulle verdeeldheid vra hulle toe vir die man:

> "Wat sê jy van Hom? Hy het mos jou oë genees."

Weer is die antwoord eenvoudig en eerlik:

> "Hy is 'n profeet."

Een ding weet ek wel

Nou gooi die Jode dit maar oor 'n ander boeg. Hulle glo nie meer dat die man blind was en nou gesond gemaak is nie. Hulle laat haal sy ouers. Hulle kom — hoe kon hulle ook weier!

> "Ons weet dat hy blind gebore is.
> Maar hoe hy nou sien, weet ons nie.
> Vra homself. Hy is oud genoeg; hy kan vir homself praat."

Ook hulle bly liewer onbetrokke — vreesbevange.

Eindelik gaan die "verhoor" van die begenadigde man voort. Hy word weer binne geroep en ondervra:

> "Gee die eer aan God; ons weet dat hierdie man 'n sondaar is."

Sulke huigelaars! Om hulle op God te beroep, terwyl die bewys van die werk van God hier lewend voor hulle staan! En dan volg die pragtige belydenis van die man:

> "Of Hy 'n sondaar is, dit weet ek nie. Een ding weet ek wel: ek was blind en
> nou sien ek."

Die Fariseërs begin hom uitskel dat hy 'n dissipel van Jesus is — wat ook 'n bedekte dreigement teen hom inhou. Dan sê die gewese blinde:

> "Dis darem snaaks." Julle is die geleerde leiers van Israel.
> Julle weet nie waar Hy vandaan kom nie,
> en tog het Hy my oë genees.
> Van ewigheid af is daar nog nooit gehoor
> dat iemand die oë van een wat blind gebore is,
> genees het nie.
> As hierdie man nie van God was nie,
> sou hy niks kon doen nie."

Dit was te veel vir die Fariseërs:

"Jy is van jou geboorte af die ene sonde,
en wil jy ons staan en leer!"

Hulle wou nie glo dat hy blind was nie. En tog verklaar hulle hom, vanweë sy blindheid, as ene sonde van sy geboorte af. As 'n mens 'n hond wil slaan, kry jy wel 'n stok.

Jesus soek hom

So ondervind die geseënde man dat hy ter wille van die Naam van Jesus gehaat word. Hy word selfs uitgeban uit die sinagoge — as 'n vervloekte sondaar — ter wille van Jesus vir wie hulle haat. So word die werk wat God doen, in hom gesien.

Jesus hoor hiervan en Hy soek die man — en Hy kry hom ook. Die Here vra aan hom:

"Glo jy in die Seun van die mens?"

Dit sou in elk geval teen die tyd aan die man bekend wees dat Jesus so genoem word. Hy sou wel die fluisteringe oor Hom gehoor het tydens sy ervaringe en hy sou ook die verwarring van die Fariseërs gesien het. Maar hy kon nie sien, toe Jesus by hom was nie.

"Wie is dit Meneer, sodat ek in Hom kan glo?"

Hy sou so graag sy weldoener wou ontmoet — die onbekende Jesus, wat bekend is as die Seun van die mens — die Messias. Daarop volg Jesus se selfopenbaring:

"Jy sien Hom. Dit is Hy wat met jou praat."

Dankbaar en bly is sy uitroep:

"Ek glo, Here!"

En dan val hy op sy knieë in die stof voor Jesus.

"En hy het Hom aanbid."

Daar moes hy kom — daar op die knieë voor sy Here. Nou sien Hy eers werklik. "Jy sien Hom," het Jesus gesê. Wat 'n bevoorregte mens! Sy blindheid is weg.

Ook die sonde, waarvan die Fariseërs hom beskuldig het — en al sy sondes waarmee hy tog buitendien sedert sy geboorte mee belas was — is weg.

Jesus het gekom om te soek en te red die wat verlore was. En hier het Hy een van hulle nou in aanbidding aan sy voete.

Deur die geloof is sy oë geopen.

Deur die geloof het hy bely: "Ek glo, Here!"

Deur die geloof aanbid Hy die Here!

So word die werk wat God doen, in hom gesien!

En in elkeen wat hierdie blindgeborene navolg!

37. "Maria het die beste deel gekies"

> Marta, Marta, jy is besorgd en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie — Luk. 10:41, 42

Deur die geloof het Maria die beste deel gekies.

Sy het deur die geloof aan die voete van Jesus gesit en na sy woorde geluister.

Marta druk besig

Marta en Maria het hoë besoek ontvang.

Die Here Jesus was hulle gas — Hy was op besoek by hulle.

Hulle woon in Betanië — naby Jerusalem, waar Jesus tans is.

'n Mens sou sê: Marta het aan Hom die hoogste eer bewys.

Sy wou aan Hom graag die beste voorsit.

Sy beweeg onrustig en druk deur die huis.

Vleis word gaargemaak en groente gekook.

Jy hoor die potte en panne en skottelgoed in die kombuis — soos sy woel en werskaf om tog gou die ete reg te kry en aan haar geëerde Gas — wat sy baie liefhet — voor te sit.

Ja, aan Marta se liefde hoef ons nie te twyfel nie.

Ons hoef ook nie te twyfel aan Jesus se liefde vir haar nie.

Ons lees dit selfs in die Bybel:

> "Jesus het vir Marta en haar suster en vir Lasarus liefgehad" —Joh. 11:5.

Maar vandag "kook" Marta self ook so 'n bietjie van binne. Sy is so vol van die gedagte om vir die Here net die allerbeste voor te berei. Sy is selfs besorg en bekommerd daaroor. En intussen erger dit haar, dat haar suster geen vinger verroer om haar te help nie. Moontlik het sy die sustertjie in haar jonger dae 'n bietjie bederf. Hulle was klaarblyklik vroeg wese — want hulle ouers leef nie meer nie — en sy het maar steeds, as oudste suster, die verantwoordelikheid vir die huishouding op haar geneem.

Maria sit aan die voete van Jesus

Maria was die stille mymeraartjie. Sy het liefs in haar hoekie gesit en droom. Miskien kon sy lees en het elke ding gelees wat sy kon kry. Sy het egter nie baie gepraat nie en was nie juis 'n haastige en pligsgetroue "huisvrou" nie.

Op die bepaalde dag, kom die Here Jesus daar aan. Blykbaar was dit onverwags, want Marta was dadelik baie besig om 'n smaaklike ete voor te berei. Net die allerbeste is vir Hom goed genoeg.

Maria se sin vir waardes is egter anders as die van haar suster.

Hulle altwee is baie bly om die Here te ontvang.

Marta se blydskap kom daarin tot uiting dat sy vir Hom 'n lekker ete kan voorsit — wat ook nie verkeerd is nie.

Maria se vreugde is om maar net stil aan sy voete te sit en sy wyse woorde in te drink.

En sy kon luister!

Later het selfs geblyk dat alleen sy — nie eens die twaalf nie — alleen sy, geluister en geglo het dat Jesus binnekort doodgemaak sou word. Ja, sy kon luister.

Drink sy woorde in

Wanneer Maria aan die voete van die Here sit, vergeet sy alles. Die kospotte en kuiergaste tel dan nie — alleen die woorde van die Here.

Gevange deur sy woorde van genade en liefde is sy weg uit die beslommernis van die alledaagse.

In haar binneste leef alleen maar die vreugde en vrede wat uitstraal van die woorde uit die mond van die goeie Herder. Sy is besig om vir haar die kosbaarste skatte in te samel — die beleefde kennis van die waarhede van God se Heilige Skrifte. As die Here in haar huis kom, is sy alleen maar gereed om te ontvang. Sy kan nie dan kos gee nie, want sy is self so honger in haar binneste.

Sy kan nooit genoeg kry — versadig raak — van sy woorde nie.

Dit is salig — dit is die ewige lewe — en dit is die allerbeste op aarde — vir enige mens.

Sy eet en eet maar van die Brood van die Lewe.

Sy drink en drink maar van die water uit die Fontein van die Lewe.

Dit is haar lewe.

Die lewe van die eenvoudige, kinderlike, Maria.

En Marta se ergernis groei aan.

Sy kon dit naderhand nie meer uithou nie. Verwytend staan sy by die Here en wys op Maria:

> "Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat
> bedien nie? Sê sy moet my kom help!"

Die Here het tog lankal gesien hoe besig sy is. Hy het ook lankal gemerk hoe Maria "ledig" aan sy voete sit. En daar is dinge wat gedoen móét word. Daarom het Jesus ook "skuld" daaraan dat sy alleen haar so moet afswoeg. Dit is darem gewis te erg!

Besorg en bekommerd

Ag, Jesus het dit lankal gesien en Hy was nie daaroor gesteurd nie. Hy het Hom daaroor verbly, toe Hy Maria so aandagtig aan sy voete sien sit.

Hy het Marta ook nie verwyt dat sy dit nie ook doen nie.

Sy was ook besig met iets wat gedoen moes word.

Dit sou ook later blyk dat Marta nie maar 'n ligsinnige of oppervlakkige vrou was nie.

Sy het die Here ook geken en liefgehad.

Wat was haar fout? Dit sê die Here aan haar:

> "Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge."

Haar fout is dat sy besorg en bekommerd is oor baie dinge.

Sy is onnodig besorg en onnodig bekommerd oor onnodige dinge.

Sy kon met baie minder sorg en kommer net so goed vir die Here 'n ete gereed gekry het.

En dan sou sy OOK nog geleentheid gehad het om na die woorde van die Here te luister.

Is 'n lekker Sondagete, met poeding en al, dan van soveel waarde, dat die woorde van die Here daarvoor in die slag bly? En al die ander dinge waaroor ons besorg en bekommerd is, wat die woorde van die Here uit ons huise en harte verdring? Is dit die moeite werd?

Die beste deel

Dan gaan die Here voort:

> "Maria het die beste deel gekies,
> en dit sal nie van haar weggeneem word nie."

Marta en Maria het gekies — op daardie bepaalde dag.

Maria het die beste deel gekies.

Sy het die woorde van die Here gekies — dit is vir haar die beste.

En dit is die woorde van die ewige lewe, wat veel meer beteken as kos en klere.

Dit sal sy nooit weer verloor nie.

Terwyl al die ander dinge lankal vergaan het.

Waarom het Maria so knaend na Jesus se woorde gesit en luister?

Omdat sy so baie van sy woorde ontvang en verwag het.

Lees jy die Bybel — luister jy na 'n preek — met 'n groot honger en 'n groot verwagting?

Wees dan verseker dat jy ook veel sal ontvang.

Maar doen jy dit uit gewoonte — om dit maar weer af te kry?

Preek die dominee veels te lank — ek wil hier uit?

Hoe kan jy dan ooit verwag om veel uit die hand van die Here te ontvang?

Jy skeep Hom nie net af met die krummels van jou tyd en aandag nie, maar jyself word innerlik al armer.

Dat Maria die goeie deel uitgekies het, blyk ook daaruit dat sy kon aanhou om te luister.

Haar aandag was by die woorde van die Here.

Haar verwagting was deurentyd: Sê iets vir my.

Sê iets wat ek met my kan meeneem.

Sê iets wat my innerlik voed!

38. "Leer ons bid"

> Here leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het
> — Luk. 11:1

Deur die geloof het een van sy dissipels gevra: "Here, leer ons bid."

Waarom die vraag?

Vreemd dat 'n grootmens dit vra!

Hy het tog van kleins af geleer om te bid.

Hy het in 'n verbondsgesin opgegroei.

En buitendien was hy al byna drie jaar lank saam met Jesus.

Hy het sekerlik self al baie gebid en hy het sy Meester gehoor en gesien bid.

Hoe is dit dan moontlik dat hy nou nog nie weet hoe om te bid nie?

Uit hierdie versoek kan ons 'n paar dinge aflei. Die Here Jesus is nou waarskynlik by Betabara — die plek waar Johannes die Doper gepreek en gedoop het. 'n Paar van Jesus se dissipels was ook volgelinge van Johannes. En nou leef herinnering aan Johannes by die man. Hy onthou dat Johannes sy dissipels leer bid het. En dan kom hy na Jesus met die versoek.

Maar uit die versoek merk ons nog meer op.

Die man het die Here Jesus oor die drie jaar al beter leer ken.

En hyself het al kleiner in sy eie oë geword.

Ag, hy sou al baie gebid het. Hy sou selfs soms kon gedink het dat hy 'n "goeie bidder" is.

Moeilik om te bid

En tog, aan die voete van Jesus het hy eers werklik sy eie onvermoë begin insien.

Hy het begin begryp hoe moeilik dit is om te bid.

Om 'n gebed op te sê — of selfs af te rammel — is maklik.

Dit kan elkeen doen.

Maar om so te bid dat jy God werklik ontmoet, dat jy werklik gesterk en getroos word, is nie so maklik nie. Dit is moeilik — baie moeilik. Veral wanneer jy jouself in jou kleinheid ken en weet dat jy een stuk sonde is, kom die gebed moeilik oor jou lippe.

Toe Petrus een keer onder die indruk van Jesus se heerlikheid gekom het en daarby sy eie sonde gesien het, was sy gebed:

> "Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige man" — Luk. 5:8.

En dit was nog daar aan die begin, toe Jesus sy eerste dissipels geroep het. Hoeveel beter ken hulle die Here nou — en ook hulleself! Hulle het nou al heelwat geleer en die konsekwensies van die geloof in Jesus deur die ervaring begin insien.

Hulle het die Here Jesus ook gehoor en gesien bid. By die verheerliking op die berg het Petrus, Jakobus en Johannes Hom ook in gebed gesien — in gesprek met sy Vader. En hulle het selfs gesien hoe Hy van gedaante verander — hoe Hy as 't ware hemelse glans begin uitstraal, terwyl Hy bid.

Maar hulle almal was ook dikwels getuie daarvan hoe Jesus innerlik gesterk is, nadat hy

gebid het. Dan kon Hy weer met moed en besieling sy moeilike werk voortsit; om die wil van sy Vader te volbring.

Hoe beter jy die Here ken

Hoe beter ons die Here ken — hoe beter ken ons onsself.

Hoe groter Hy in ons oë is — hoe kleiner word onsself.

Hoe beter ons iets van sy heiligheid begryp — hoe onheiliger word ons in ons eie oë.

Ja, "ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie," het Paulus, wat tog so dikwels en so hartgrondig vir sy gemeentes gebid het, gesê — Rom. 8.

Daarom vra die man deur die geloof: "Here, leer ons bid!"

Daarom kan elke gelowige naas hom kniel met dieselfde bede: "Here, leer my bid!"

En dan antwoord die Here.

Hy herhaal die "Onse Vader" wat Hy vroeër in die bergpredikasie aan die volk geleer het.

En daarmee bedoel Hy nie dat ons altyd maar net die "Onse Vader" woordeliks moet herhaal nie.

Hy gee aan ons 'n voorbeeld van 'n eenvoudige, kinderlik gelowige gebed. So moet ons ook bid: eerbiedig, kinderlik, eenvoudig — deur die geloof.

Ons moet die ware God, onse Vader, van harte aanroep — die God van die Skrifte.

Ons moet ons eie kleinheid — ons sondenood en ellende reg ken en ons voor Hom verneder.

Ons moet gelowig bid — glo dat ons kan en sal verhoor word — nie om ons ontwil nie, maar ter wille van die verdienste van Jesus.

39. Geloofs-kennisgewing

> Die susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: Here, hy vir wie U lief is, is siek — Joh. 11:3.

Deur die geloof het Marta en Maria 'n boodskap aan Jesus gestuur: "Here, hy vir wie U lief is, is siek."

Siekteberig

Dit is al — net maar 'n "kennisgewing". Nou weet die Here dit. En dit is genoeg.

Die Here Jesus was nog in die omstreke van Betabara aan die Jordaan. Hy het daar in die landstreek, bekend as Berea, rond gepreek en siekes genees.

Marta en Maria en hulle broer, Lasarus, het in Betanië gewoon — naby Jerusalem. Die Here Jesus het dikwels by hulle tuisgegaan wanneer Hy in Jerusalem die groot feeste besoek het. Jesus het Marta en haar suster en Lasarus liefgehad. Hulle was sy vriende wat 'n besondere plek in sy hart verower het. Daarom noem die twee susters nie eens Lasarus se naam nie. Hy is die man vir wie Jesus besonder lief was. En Jesus weet — dit gaan om Lasarus.

Dit is opmerklik dat die susters niks van die Here vra nie.

Hulle stuur bloot die berig dat Lasarus siek is.

Hulle vra nie dat Hy moet kom om hom gesond te maak nie.

Hulle sê selfs nie, soos die offisier van Kapernaum: "Sê maar 'n woord en Lasarus is gesond" nie.

Nee, dit is bloot 'n berig — 'n eenvoudige boodskap.

Hulle vra Hom nie om iets te doen nie.

Groot vertroue in die Here

Hieruit spreek 'n groot vertroue in die Here.

Hulle weet dat dit nie nodig is om iets te vra nie.

Hy sal vanself weet wat om te doen. Hy weet dit nou en hulle kan dit gerus in sy hande laat.

Hy weet die beste wat om te doen.

Daarom is hierdie berig baie meer as 'n blote kennisgewing.

Dit is 'n gebed — in die mooiste vorm en met die grootste vertroue in die Here, wat 'n mens jou kan voorstel.

Hulle het hulle nood aan die Here bekend gemaak — meer vind hulle nie nodig nie.

Vertel aan die Here wat jou nood of behoefte is en wag af.

Jou saak is nou in sy hande — dit is nou sy saak.

'n Mens kan sê: Dit is nou sy sorg en jy hoef jou nie meer daaroor te bekommer nie.

> "Vind jou vreugde in die Here,
> en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.
> Laat jou lewe aan die Here oor
> en vertrou op Hom, Hy sal sorg" — Ps. 37:4, 5.

Gebed is oorgawe aan die Here.

Deur die geloof lê jy jou saak in sy hand en wag af wat Hy sal doen.

Dit het Marta en Maria hier gedoen. Nou wag hulle.

Sy boodskap

Hy het darem aan hulle 'n boodskap teruggestuur:

> "Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie maar op die openbaring van die mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word."

Ook daarom kon Marta en Maria nou gerus wees.

Hulle het egter seker nie verwag dat die "ergste" met Lasarus sou gebeur nie.

Voordat die Here daar was of weer enige berig gestuur het, was hy dood.

Ook dit het hulle gelowig aanvaar — die Here wou dit so hê.

Hulle het wel albei gesê:

> "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie."

Marta het egter daarby gevoeg:

> "Maar selfs nou weet ek dat God alles sal gee wat U van Hom vra."

Deur die geloof het hulle die berig gestuur.

En deur die geloof het hulle aanvaar dat die Here alles kan doen.

Lasarus se dood selfs het geen afbreuk aan hulle geloof gedoen nie.

Salig is elkeen wat naas Marta en Maria kan staan. Salig is elkeen wat so op die Here vertrou.

40. "U is die Christus"

> "Ja, Here," sê sy vir Hom, "ek glo vas dat U die Christus die Seun van God is,
> die Een wat na die wêreld toe moes kom" — Joh. 11:27

Deur die geloof het Marta bely: "ek glo vas dat U die Christus, die Seun van God, is, die Een wat na die wêreld toe moes kom!"

Naas Simon Petrus

Wie meen dat Marta oppervlakkig of ligsinnig is, moet na hierdie belydenis uit haar hart luister. Hier staan sy naas Simon Petrus wat destyds in Sesarea Filippi dieselfde belydenis uitgespreek het — Matt. 16:16. Net soos vir Petrus, kan ook vir haar gesê word:

> "Salig is jy, Marta,
> want dit is nie 'n mens wat dit
> aan jou geopenbaar het nie,
> maar my Vader wat in die hemel is."

Marta en Maria het laas vir die Here Jesus 'n boodskap gestuur dat Lasarus siek is. Die Here het wel gesê dat die siekte nie op die dood sou uitloop nie en tog het dit uiteindelik gebeur — bepaald al baie gou nadat Jesus die boodskap ontvang het.

Sy susters het by sy siekbed gesit en gesien hoe sy liggaam afgetakel word.

En hulle het gehoop en gewag en uitgesien — wanneer kom die Here tog? Hy het tog terug laat weet dat die siekte nie op die dood sou uitloop nie!

Maar eindelik het Lasarus sy laaste asem uitgeblaas.

Hy is dood — en nog dieselfde dag begrawe.

Familie en vriende — waarvan hulle baie sou hê, want hulle was 'n geliefde gesin — het opgedaag.

Maar Jesus bly weg.

"Here, as U hier was"

Dit is al die vierde dag na Lasarus se dood, toe Jesus opdaag.

Iemand sê vir Marta dat die Here op pad is.

En sy haas Hom tegemoet, terwyl Maria maar stil in die huis bly sit.

Toe sy by Hom kom, is haar eerste woorde:

> "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie."

So kom dit uit haar hart.

Haar vertroue in Jesus, maar ook haar teleurstelling. Waarom het Hy tog nie betyds gekom nie?

Sy voeg egter dadelik daarby:

> "Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra."

Sy weet tog ook dat Jesus al mense uit die dood opgewek het: die dogtertjie van Jaïrus en die seun van die weduwee van Nain. Die wete sou in haar geleef het, sedert haar broer se dood. En tog: sou dit nie nou al te laat wees nie? Later, by die graf, skemer hierdie twyfel ook deur, toe Jesus sê: "Rol die klip weg." Toe is haar reaksie:

"Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag."

"Ek is die opstanding"

So is die geloof maar.

Jy glo alles en hoop alles — en tog staan jy soms voor die onvermydelike — en twyfel of enigiets nog moontlik is.

Daar langs die pad by die eerste ontmoeting gaan die gesprek tussen Marta en Jesus voort. Op haar klag antwoord Jesus:

"Jou broer sal uit die dood opstaan."

O ja, Marta glo in die opstanding van die dooies:

"Ek weet hy sal met die opstanding
op die laaste dag uit die dood opstaan."

Hierop volg dan die fundamentele uitspraak van Jesus:

"Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"

"Ek glo, Here"

Hoe ryk is 'n Christenmens tog!

Jesus sê nie: "Ek verkondig die opstanding en die lewe" nie.

Nee: "Ek is die opstanding en die lewe."

Hy is die Oorwinnaar oor die dood en die graf.

Die band met Hom — die geloof in Hom — beteken dat die dood in werklikheid geen vat meer op ons het nie.

Die dood is verslind deur die oorwinning in Jesus Christus.

Glo jy dit? Ja, want ek glo wat Marta nou gaan bely:

"Ja Here, ek glo dat U die Christus, die Seun van God, is, die Een wat na die wêreld moes kom."

Dat sy in Hom glo as die Christus, die Gesalfde van God, hou ook in dat sy glo dat sy sal lewe al sterwe sy ook.

Sy glo ook dat sy tot in alle ewigheid nooit sal sterwe nie.

Deur die geloof is Marta salig — nou al reeds — sy het immers die ewige lewe al hier op aarde.

Deur die geloof sal sy lewe al het sy gesterwe, want sy glo dat Jesus die Christus, die Seun van God is, die Een wat na die wêreld moes kom.

En tog trane

Juis daarom is sy nie bekommerd oor haar oorlede broer nie, want ook hy het dit geglo.

En tog huil sy en Maria oor hom.

Hulle treur oor hom en Jesus vermaan hulle nie daaroor nie.

Hy het selfs saam met hulle gehuil:

"Toe Jesus sien dat Maria huil....
het sy gemoed volgeskiet en Hy was aangedaan."

Hier op aarde sal ons nog rou en ween by die graf.

En die Here neem ons nie kwalik nie.

Om te huil is juis die uitlaatklep vir ons emosies om tot rus te kom. So het ons Skepper ons self gemaak.

Maar ons hoef nie te huil, soos die wat geen hoop het nie.

elkeen wat lewe en in My glo,
sal in alle ewigheid nooit sterwe nie."

GLO JY DIT?

En Marta en Maria ontvang nog 'n toegif. Jesus roep hulle broer, Lasarus, terug uit die graf. Vir hulle en vir ons, is dit 'n bewys van wat Hy gesê het:

"Ek is die opstanding en die lewe."

41. "Jou geloof het jou gered!"

> En een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys. Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank — Luk. 17:15, 16.

Deur die geloof het die gereinigde melaatse omgedraai en Jesus gedank. En hy was 'n Samaritaan.

"Onrein" groep

Jesus is op reis na Jerusalem. Hy reis al met die grens tussen Galilea en Samaria — om die Samaritaanse gebied te vermy. Vroeër het die Samaritane 'n keer geweier om Hom in een van hulle dorpe te ontvang. Die Jode meng naamlik nie met die Samaritane nie — hulle beskou hul as onrein — en die Samaritane reageer daarop deur hulle ongasvryheid aan Joodse reisigers op pad na Jerusalem.

Hier in die grensgebied is egter wel 'n gemengde groep: Jode en Samaritane. Dit is tien melaatse mans. Hulle lewe saam — hulle almal is nou immers onrein — ook die Jode, omdat hulle melaats is. In hulle ellende voeg hulle hul maar bymekaar en bly op die wyse makliker aan die lewe.

Onreines word gereinig

Hulle sien Jesus en sy volgelinge nader en herken Hom. Hulle waag dit egter nie om naby Hom te kom nie, maar bly op 'n afstand staan:

> "Jesus, Meester, ontferm U oor ons!"

Jesus sien hulle en hoor hulle roep — en Hy verhoor hulle bede.

> "Gaan wys julle vir die priesters!" is sy opdrag.

Volgens die wet van Moses moes die priesters 'n gereinigde melaatse ondersoek en rein verklaar, voordat hy weer in die gemeenskap opgeneem kan word. Vandaar die opdrag van die Here.

Dadelik vertrek die tien manne na die naaste dorp waar 'n priester woon. Hulle het egter pas begin aanstap, toe hulle merk dat hulle gesond is — die melaatsheid het verdwyn. "Loof die Here, o my siel, wat al jou sondes vergewe en al jou krankhede genees!" Nege van hulle haas hulle na die priester, Hulle is haastig om weer by hulle familie te kom en hulle vreugde met hul gesinne te deel. Hulle siekte is genees! Maar is hulle sondes vergewe?

Dankie, Here!

Een van die tien spring kort om. Hy huppel en jubel hardop. Hy prys die Here terwyl hy voortgaan — reguit na Jesus toe. Hy val voor die Here neer in die stofpad en stamel sy dankgebed. "Ek dank U, Here! Ek dank U!" Die Here Jesus is bly, maar tog ook teleurgesteld.

> "Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie?
> Waar is die ander nege dan?
> Is daar niemand anders wat omgedraai het, om God die eer te gee
> behalwe hierdie man wat nie eers 'n Jood is nie?"

Ja, die man was 'n Samaritaan — 'n "veragte" Samaritaan. Normaalweg meng die Jode nie met die Samaritane nie. Die gewone "kerkvolk" — die verbondsgeslag — vergeet om hulle dank te bewys. Hulle vergeet om die eer aan God te gee. Hulle haas hulle na hulle huise om

hulle vreugde met hulle gesinne te deel. Kyk, hier is ons! Ons is tog gesond!

Maar die eer van God?

Maar die Heelmeester word vergeet!

Die eer van God is van minder belang!

Jou geloof het jou gered!

En dan hoor die Samaritaan iets uit die mond van die Here self — vir homself en vir ons is dit iets wonderliks.

> "Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered."

Het die ander nege dan nie ook deur hulle geloof gesond geword nie?

Ja, maar is hulle ook deur die geloof gered?

Dit weet ek nie, en die Bybel laat hom ook nie daaroor uit nie.

Miskien is hulle werklik — na liggaam en siel — gered.

Maar een ding leer Jesus ons tog baie duidelik:

'n Boom word aan sy vrugte geken.

> "Elke goeie boom dra tog goeie vrugte" — Matt. 7:17.

Vrug van dankbaarheid

En die vrugte van die geloof is dankbaarheid — 'n ganse lewe in dankbaarheid. Wanneer jy die vrugte van die geloof in jou lewe sien, kan jy met blydskap sê: "My geloof het my gered!"

Dit is waarop dit aankom by hierdie man.

Deur die geloof het hy gesond geword — is hy gereinig van melaatsheid.

Maar meer nog: Deur die geloof het hy sy dank aan die Here betoon.

Daarom is hy vir seker deur die geloof gered.

> "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewendige en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is" — Rom. 12:1.

Doen dit — en jy weet: My geloof het my gered!

42. "Laat jul kinders tot My nader"

> Die mense het kindertjies na Hom toe gebring dat Hy hulle die hande moet oplê en vir hulle moet bid — Matt. 19:13

Deur die geloof het hierdie mense (moeders) hulle kindertjies na Hom toe gebring.

Deur die geloof het hulle Hom gevra om die kindertjies te seën en vir hulle te bid.

Gesprek oor egskeiding

Wat 'n pragtige tafereeltjie so tussen die ernstige "grootmenssake" in!

So pas het die Here Jesus 'n lang gesprek gehad met Fariseërs wat Hom in 'n strik wou lei. Hulle soek na iets teen Hom om 'n behoorlike aanklag teen Hom te kon indien.

Die gesprek het gehandel oor die huwelik.

Nader aangedui: oor egskeidings — mislukte huwelike.

Ja, daar is mans en vroue wat mekaar nie begryp nie. Hulle leef saam maar sonder liefde en onderlinge begrip. Dan kom hulle uiteindelik tot 'n egskeiding. Vreeslik is dit vir hulle.

Eensaam is hulle binne die huwelik — nog eensamer daarbuite.

En die sonde dra altyd vrugte. Al trou hulle weer — die letsel bly en die gewete knaag en volkome argelose huweliksgeluk is verby.

Gewoonlik kry elke man en vrou net een keer kans daarvoor.

Daarom kan jy nie sommer maklik met enigiemand trou nie.

Julle moet ten minste by mekaar pas en mekaar liefhê en dan ook versigtig omspring met die liefde — dit moet 'n lewe lank hou.

En kindertjies?

Maar die gebroke huwelik se ontsettendste vrug is die ellende van die kindertjies. Hulle word gewoonlik ontwortel en ontwrig en selfs in twee geskeur. Die arme, arme bloedjies!

Is dit toevallig dat die tafereeltjie afspeel pas na die gesprek oor egskeidings? Ek glo nie. Ek dink dit vind juis so plaas as 'n praktiese illustrasie van die kosbaarste wat uit 'n gelukkige huwelik ontvang word — teenoor die mislukte huwelik.

Moeders wat hulle kindertjies op die arm neem, of aan die hand lei, en na Jesus toe bring! Wat 'n genade dat kindertjies sulke ouers mag hê!

Hulle kom aan na die Here toe — gelowige moeders.

Hulle is omring deur skaam en argelose kleingoed.

Hulle dring deur die kring van manne — wat ernstig en afwysend toekyk.

Hulle laat hulle egter nie keer nie:

> "Hier, Here — hier is my kindertjies. Wil U nie asseblief die hande op hulle lê en hulle seën nie?"

Laat die kindertjies na My toe kom

Jesus kyk en Hy sien die aantal moeders — hoeveel word nie gesê nie — omring deur hulle kleintjies.

Maar dan hoor Hy, ongeduldig en selfs driftig, hoe sy dissipels die moeders teregwys. Die

Here is besig en Hy het genoeg te doene! Ons is besig met ernstige sake! Waarom val julle Hom lastig met die kinders? Wat begryp hulle tog? En hoe sou Hy hulle kan leer? Neem die kinders hier weg — hulle is net lastig.

Maar dan tree die Here Jesus self vir die kleintjies in die bres.

> "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie
> verhinder om na My te kom nie,
> want die koninkryk van die hemel
> is juis vir mense soos hulle!"

Onthou julle nie — julle eiewyse "grootmense" — wat Ek nog onlangs vir julle gesê het nie?

> "As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle nie in die koninkryk van die hemel kom nie — Matt. 18:3.

En dan doen Jesus selfs meer as wat die moeders van Hom verwag.

> "Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën" — Mark. 10:16.

Die onskuldige kinderogies wat Hom aankyk — die armpies wat vertroulik na Hom uitgestrek is. Dit ontroer die Heiland — en Hy omhels hulle, die ou kleintjies, en druk hulle aan sy hart en seën hulle.

Die belofte kom toe aan julle kinders

Ook die kindertjies behoort aan Hom. Ook vir hulle het Hy gekom en sy bloed vir hulle geoffer. Salig is die kindertjies met sulke ouers — vaders en moeders! 'n Vader met sy kinders rondom sy tafel — wat vir hulle bid. 'n Moeder, met die kleintjie op haar skoot: "Ogies toe! Sit nou stil my ou kindjie! Kom sê nou agter mammie aan jou gebedjie op." Gelukkige kindertjies wat na Jesus gebring word.

Aan die begin van die ou verbond lees ons dat God vir Abraham, die vader van die gelowiges, sê:

"En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" — Gen. 17: 7.

En aan die begin van die nuwe verbond lees ons dit weer: "Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders ...." — Hand. 2:39.

Steeds behoort die koninkryk van die hemel ook aan die kindertjies:

> "en jy moet dit jou kinders inskerp
> en daaroor spreek as jy in jou huis sit
> en as jy op die pad is
> en as jy gaan lê
> en as jy opstaan" — Deut. 6:7.

43. "Redding vir hierdie huis"

> Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." Daarop sê Jesus: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom" — Luk. 19:8, 9.

Deur die geloof het Saggeus, die tollenaar, in 'n wilde vyeboom geklim om Jesus te kan sien.

Deur die geloof het daar redding vir Saggeus en sy huis gekom.

Jesus soek Saggeus

Jesus sê aan die einde van hierdie verhaal:

> "Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore was" —10.

En dit is nogal 'n vraag: Het Saggeus Jesus gesoek of het Jesus hom gesoek.

Saggeus, die klein mannetjie, was die hooftollenaar van Jerigo. Jerigo was 'n ryk handelstad op die groot pad wat Noord-Suid tussen Arabië en Damaskus loop. Dit was ook 'n woonplek van vooraanstaande en ryk mense. Saggeus se bedenklike beroep het hom hier ryk gemaak — hy het baie besittings gehad.

Maar Saggeus het ook gehoor van Jesus van Nasaret. Miskien het hy selfs gehoor dat hy 'n "vriend van tollenaars en sondaars" is. Hy sou die Man darem graag wou sien. En eendag hoor hy dat Jesus in die stad is. Hy is op pad na Jerusalem vir die paasfees. Hy wil Hom nie misloop nie — nou is sy kans om die Jesus te sien. Moontlik hoor hy ook wat die Man te vertelle het.

Steek daar iets meer agter dat Saggeus Jesus graag wou sien? Ons kan daar wel iets van aflei. Die Here was besig met hom. Daar was 'n klop aan sy hart — hoe hard of hoe dof weet ons nie. Maar iets het hom begin jaag. Sy eie gewete miskien, want sy bedryf was nie altyd eerlik nie. Hy het van mense geld afgepers — dit erken hy self. Hy weet iets van Jesus af. Hy sou ook weet dat die Jesus aan mense iets aanbied wat hulle selfs in staat stel om alles op te offer. Die "iets" wat Jesus het, sou die rus en vreugde kon bied wat sy baie geld en goed hom nie kan gee nie.

Saggeus soek Jesus

Hy sou Jesus graag wou sien. Maar hy is klein en die skare gee hom nie geleentheid om deur te kom sodat hy Hom van naby kon sien nie.

Wag, daar voor is 'n wildevyeboom langs die pad. Hy hardloop gou vooruit en klim in die boom. Nou sal hy Jesus mooi kan sien.

Jesus en sy volgelinge kom nader en Saggeus sit vanuit die boom op Hom en afkyk.

Onder die boom gaan Hy staan en kyk op na die klein mannetjie:

> "Saggeus, kom gou af,
> want Ek moet vandag in jou huis tuisgaan."

En Saggeus? Hy skrik nie en draai nie sy kop weg nie.

Hy begin dadelik om uit die boom te kom en spoedig staan hy by die Here.

Of hy die dinge alles so gou kon begryp — wie weet dit?

Ons lees alleen maar:

> "Hy het Jesus met blydskap ontvang."

Jesus vind Saggeus en Saggeus vind Hom

Met Jesus tree die ware blydskap sy huis binne. Mense maak beswaar en skud bedenklik hulle koppe. Dat Jesus, van alle mense, by die bekende groot sondaar tuisgaan? Nee, dit is darem te erg!

Met Saggeus het daar egter iets wonderliks gebeur.

Eerbiedig staan hy op en sê vir die Here:

> "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."

Begryp hy wat hy onderneem? Dink hy dat hy alles kan goedmaak wat hy deur die jare heen verbrou het? Of bedoel hy moontlik om die Here se guns te koop met sy geld?

Ag, wat kan ons daarvan weet?

Een ding is egter wel duidelik: Sy afgod — Mammon — het getuimel.

Geld is nie meer sy god nie, want hy het Jesus gevind.

Hy het Jesus gevind, omdat Jesus hom eerste gesoek en gekry het.

En dan praat hy geloofstaal — hy wil graag offers bring — offers van dankbaarheid. So het Abel tog ook deur die geloof geoffer!

Daarom sê hy dit.

Almal wat dit hoor sou weet dat by die man iets wesenliks verander het. Hy het geheel 'n ander mens geword.

Saggeus se dankoffer aanvaar

Maar die grootste bewys dat Saggeus deur die geloof so gepraat het, gee die Here Jesus self — ook weer soos by Abel:

> "Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë sy geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy 'n regverdige man is, want God het sy offers aangeneem" — Heb. 11:4.

En hier aanvaar Jesus Saggeus se offer. Vanweë sy geloof ontvang hy bevestiging van Jesus dat hy 'n verlorene was, wat gered is.

> "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham. Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore was."

Deur sy geloof is Saggeus gered.

Al sou hy ook moes sê: "Hoe? weet ek self nie."

Wie kan ook die gang van die Heilige Gees in 'n mens se hart naspeur?

Hy is soos die wind wat waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom of waarheen hy op pad is nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.

Sy nuuskierigheid om Jesus te sien, was al klaar nie uit homself nie. Daar het die wonder van die geloof in hom al begin.

44. Die arm weduwee het meer gegee

Sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het — Mark 12:44

Deur die geloof het die arm weduwee die laaste geldstukkies wat sy gehad het vir die Here geoffer.

Palm die huise van weduwees in

Die Here Jesus is in Jerusalem. Dit is, wat ons noem, die lydensweek — die week waarin Hy gekruisig is. Hy was meesal in die tempel besig om te leer. Hy het so pas die teerling gewerp. Hy het die skrifgeleerdes en Fariseërs skerp veroordeel. Hy het hulle skynheiligheid en meedoënlose hardheid blootgelê. Sy tyd, om as die Lam van God na die slagplek gelei te word, het aangebreek. Daarom het Hy met opset die huigelagtige leiers wat sy bloed soek, daartoe gedryf om nou tot die daad oor te gaan. Hulle moes nou maar hulle duiwelse gedagtes tot dade bring.

Hy het onder andere van hulle gesê:

> "Hulle palm die huise van die weduwees in
> en sê vir die skyn lang gebede op" — Mark. 12:40.

Die Here Jesus het regoor die offerkis gaan sit — die kis waarin die gawes vir die onderhouding van die tempeldiens gegooi is.

Hoewel die hoëpriester en sy mede-owerpriesters eintlik 'n bende misdadigers is, is die tempel nog die plek waar vir die Here offers gebring word. Deur die offers wat mense hier in die offerkis gooi, openbaar hulle hul dankbaarheid teenoor God.

Jesus kyk na die kollektebus

En die Here Jesus gaan sit waar Hy kan sien — hoe die mense hulle dankoffers vir sy Vader bring. Mense vir wie baie vergewe is, het Hom baie lief — en dit sien die Here ook aan die offers wat hulle vir Hom bring. Die offers wat ons bring — in ons kerklike bydrae en gawes aan die armes — sien die Here ook en Hy beoordeel daaraan ons liefde vir Hom en ons dank vir wat Hy vir ons gedoen het.

Hy sien hoe die ryk mense, uit hulle oorvloed, hande vol geld in die kis gooi.

Dan kom daar 'n arm weduwee aan. Het sy ook al kennis gemaak met die hebsug van die Fariseërs en skrifgeleerdes, wat die huise van arm weduwees inpalm? Sy sou dit seker wel ondervind of daarvan geweet het. Sy het moontlik alle rede gehad om die "kerkleiers" te verwyt. Hulle sien in elk geval nie om na die armes — die weduwees en die wese nie. En sy was arm — baie arm — sy het nie geweet waarvan sy die volgende dag sou lewe nie.

Duisende ander sou al in wrok en bitterheid die rug op die tempeldiens gekeer het. Die huigelagtigheid en geldgierigheid van die "kerkleiers" sou hulle afgestoot het.

Sy sien verby mense op God

Hierdie weduwee doen dit nie. Sy kyk verby die mense. Sy ken God, wat haar so lief het, te goed. Hulle kon haar bedrieg, maar God het dit nooit gedoen nie. Hy is nog haar liefde waardig, ondanks alles wat die owerpriesters misdryf en selfs die kwaad wat hulle haar miskien persoonlik sou aangedoen het.

Die rykes sou haar miskien ook sien aankom en daarop let dat sy twee geldstukkies in die offerkis gooi. Wat help dit tog! Sy kon dit liewer gehou het — vir die onderhouding van die erediens is dit nie eens 'n druppel in die emmer nie! Kyk net wat gee ons! Dit is tog die

moeite werd!

Maar die Here sien haar en haar gawe ook. Hy weet dat sy die volgende dag niks sou hê om 'n stukkie brood mee te koop nie. Daarom sien Hy in haar gawe haar groot liefde vir God.

Daaruit spreek ook haar geloof dat die Here sou voorsien — soos Hy nog altyd voorsien het. Hy sal vir haar sorg — dit weet sy.

Wie offer die meeste vir die Here?

Die Here roep sy dissipels nader en wys hulle op die gawes van die rykes en die van die weduwee:

> "Dit verseker Ek julle:
> Hierdie arm weduwee het meer ingegooi
> as al die ander mense wat iets in die offerkis gegooi het.
> Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi,
> maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad
> het, alles waarvan sy moes lewe" — Mark 12:43, 44.

Die Here sien ons offers!

Hy tel nie hoeveel elkeen van ons gee nie.

Hy meet ons liefde en dankbaarheid aan wat ons vir onsself agterhou.

Die arm weduwee het niks oorgehou nie. Sy het alle rede gehad om niks te gee nie. Haar liefde was egter so groot dat sy alles gee wat sy het. Dit is 'n offer — 'n ware dankoffer.

Het ons al ooit werklik vir die Here geoffer?

45. Nardus-olie

> Toe het Maria 'n halfliter egte, baie duur nardusolie gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy voete met haar hare afgedroog. Die hele huis is deurtrek met die geur van die reukolie — Joh. 12:3

Onthaal Jesus uit dankbaarheid

Dit is die Woensdag van die laaste week: "Julle weet dat dit oor twee dae paasfees is. Dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word" — Matt. 26:2.

Jesus het al ses dae voor die paasfees in Betanië aangekom en, waarskynlik, meesal daar tuisgegaan — Joh. 12:1. Op die Woensdag bied 'n groepie vriende vir die Here 'n ete aan in Betanië, in die huis van Simon, die melaatse. Lasarus was ook aan tafel en sy suster Marta, het bedien — Mark. 14:1-9.

Die mense is baie dankbaar en wil op die wyse hulle liefde en dank betoon. Simon is deur Hom van sy melaatsheid genees en Lasarus is uit die dood opgewek. Ook sy susters, Marta en Maria, sou maar te bly wees om hulle deeltjie by te dra.

Maria se dankoffer

Maria het vroeër by die voete van die Here Jesus gesit en na sy woorde geluister. En sy kon goed luister. Sy het alles ingeneem en in haar hart bewaar. Sy het alles geglo — ook dat Hy op hierdie paasfees oorgelewer en gekruisig sou word. Die dissipels het dit al herhaaldelik gehoor, maar dit nie geglo nie. Daarom het sy gevangeneming en dood hulle met skrik oorval. Terwyl die ete aan die gang is, kom Maria binne:

> "Toe het Maria 'n halfliter egte, baie duur nardusolie
> gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet
> en sy voete met haar hare afgedroog" — Joh. 12:3.

Uit die ander evangelies is dit duidelik dat sy ook die hoof van die Here gesalf het.

Hierdie kosbare olie se fles het 'n baie nou nek, sodat dit alleen drupsgewys gebruik kon word.

Maria breek egter die nek af en giet die hele inhoud van die olie op Jesus uit. Ook oor sy dierbare voete, waarby sy so dikwels gesit en luister het na sy woorde.

In haar offer speel geld en spaarsaamheid geen rol nie. Sy wil oorvloedig gee, want haar hart loop oor van liefde en dankbaarheid.

Uit wat Jesus self gesê het en omdat sy die haat van die owerstes sien aangroei — maar ook deur haar vroulike intuïsie — weet sy dat sy dood op hande is. Haar liefde sien verder as net vandag.

Daarom is sy gedryf deur haar hart, wat Hom baie liefhet, om hierdie liefdesdaad aan Hom te betoon.

Sy doen dit, voordat die geleentheid nie meer daar sou wees nie. Voordat dit te laat is.

> "Die hele huis is deurtrek met die geur van die reukolie."

Haar liefdesdaad is deur almal gesien en die liefdesgeur vervul die hele huis. So is dit altyd met die liefde vir die Here. Dit straal uit na almal met wie dit in aanraking kom. Dit is soos die lamp wat skyn oor almal wat in die huis is.

Reaksie!

Maar die Christelike liefde wek ook weersin by bepaalde mense.

Selfs mense binne die kring van Jesus se dissipels, kom in opstand daarteen.

Ja, Maria het deur haar offerdaad getoon dat sy vir Jesus gekies het. Hierdie kosbare fles reukolie was vir Hom enkele liefdesdruppels in die beker wat Hy aanstonds moes ledig — sy lydensbeker.

Vir die selfsugtige Judas is dit egter 'n aanstoot. Hy kom in opstand daarteen en sleep ook die ander dissipels mee.

> "Waarom is hierdie reukolie nie vir driehonderd rand verkoop en die geld vir...."

Ja, vir wie moes die geld gegee word? In Judas se hart sou hy moontlik dink:

> "Vir my, Judas, wat die beursie dra —
> dan kon 'n aardige deeltjie daarvan
> in my eie sak verdwyn."

Maar hy sê dit nie — hoe kon hy ook? Dit moes darem "vroom" klink, daarom sê hy:

> "en die geld vir die armes gegee nie."

"A, daar het broeder Judas nou 'n goeie punt beet! Hy is tog altyd so verstandig en het die regte kyk op geldsake! In die kerk moet 'n mens nie geld mors nie."

So praat die ander dissipels saam met Judas — tot vandag toe. Daar is min dinge waaroor, selfs kerkmense, so goed kan praat as oor besparing. Offers is minder gewild.

Jesus beskerm haar

Maar Jesus tree vir Maria in en stel die saak in die regte perspektief:

> "Laat staan haar.
> Sy moes dit hou vir hierdie dag
> om My te salf vir my begrafnis."

Heilige ironie!

Jesus is dood en begrawe en op die derde dag — na die sabbat — haas 'n groepie vroue hulle na die graf. Hierdie Maria se naam ontbreek by die geleentheid. Die vroue gaan met hulle reukolie om sy liggaam vir laas te balsem.

Maar hulle is te laat.

Jesus is klaar nie meer in die graf nie.

Hy het opgestaan.

Alleen Maria het die voorreg gehad om sy liggaam vir sy begrafnis te salf.

Waarom?

Omdat sy geglo het. Dit is die diepliggende rede.

Deur die geloof het sy die Here Jesus gesalf.

Deur die geloof het sy dit betyds gedoen — en was sy die enigste wat dit kon doen.

Die ander was te laat.

Gee in die lewe vir mekaar blomme — anders sou u dit miskien te laat moet doen — eers op

hulle grafte sit.

Bring vandag u offers van liefde en dankbaarheid aan die Here, anders mag dit te laat wees. Werk solank dit dag is.

46. "Is dit miskien ek?"

> Hulle was onthuts, en een na die ander het Hom gevra: "Dis tog nie ek nie" — Mark. 14:19

Judas en die ander dissipels

Volgens die nuwe vertaling, word die vraag van die ander dissipels anders as die van Judas vertaal — Matt. 26:22, 25. In die oorspronklike taal is dit egter presies dieselfde vraag. Ons kan die vraag van die twaalf dus ook hier vertaal, soos die van Judas — Matt. 26:25: "Is dit miskien ek, Here?"

Maar kan ons sê dat die vraag deur die geloof gevra is? Hulle twyfel tog duidelik in hulleself — veral as ons in gedagte hou dat Judas presies dieselfde vra?

Daar is tog 'n verskil tussen die vraag van die ander dissipels en die van Judas. Dit wou die vertalers aan die lig bring deur dit verskillend te vertaal.

Dieselfde vraag kan gelowig en ongelowig gevra word.

Dat 'n mens in jouself twyfel, beteken nog nie dat jy in die Here twyfel nie.

Jesus en die Joodse Raad

Dit is die laaste aand. Daardie nag sou Judas sy duiwelswerk, wat hy alreeds begin het, afrond. Hy het alreeds sy dertig silwerstukke in sy sak om te sorg dat Jesus in die hande van die Joodse Raad kom. Dit was 'n meevallertjie vir die Joodse Raad. Hulle het daarteen opgesien om Jesus oordag gevange te neem. Dit kon 'n volksopstand veroorsaak, want Jesus was gewild, veral by die Galileërs wat nou in groot getalle vir die paasfees in Jerusalem is. Hulle kon Hom dus nou in die stilte van die nag op sy skuilplek gevange neem.

Aan die ander kant, wou hulle Hom selfs nie graag, op die paasfees gevange neem nie. 'n Mens kan nooit weet wat die reaksie van die volk sou wees, wanneer dit rugbaar sou word nie. Nee, dit is beter om te wag tot na die fees.

Die Here Jesus moes egter op die paasfees gekruisig word. Hy

het dit geweet. Daarom kondig Hy tydens die paasmaal aan: "Dit verseker ek julle: Een van julle sal My verraai, een wat saam met My eet" — Mark. 14:18.

Judas spits sy ore!

Nou moet hy hier wegkom en gou ook!

Groot erns

'n Skok sidder deur die groepie heen.

Die een kyk na die ander! Wie kan dit wees?

Maar dan dink elkeen ook aan homself.

'n Ontsettende gedagte!

Ek is feilbaar! Ek kan miskien daartoe in staat wees!

Dat daar iets ernstig op hande is, kon hulle lankal aan Jesus merk. Hulle is ook nie te blind om te sien dat die Joodse Raad ernstige planne teen Jesus beraam nie. Tydens sy intog het die Here Jesus self oor die stad en sy inwoners geween:

> "As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is?

Maar nou is jy blind daarvoor" — Luk. 19:42.

Hulle wou nie ernstig daaroor dink dat Hy doodgemaak sou word — soos Hy herhaaldelik gesê het nie.

En nou hierdie bekendmaking! En dat dit vir die Here dodelike erns is, kon hulle duidelik sien.

En dan ondersoek hulle, een vir een, met heilige erns hulle eie hart. En hulle skrik, want hulle ken hulleself. Graag sou niemand so aan homself wou dink nie — maar hoe kan 'n mens op jouself vertrou in 'n krisis? Sou jy staande kon bly wanneer dit gaan om lewe en dood?

Elkeen is bang vir homself.

En wie sou dit nie wees nie?

Die geskiedenis het dit sedertdien ook oor en oor bewys.

Tot vandag toe word dit selfs gesien in dinge wat nie eens halfpad so ernstig is nie.

"Is dit miskien ek, Here?"

Aangewys en die nag in

Johannes is die naaste aan die Here Jesus.

Petrus beduie aan Hom dat hy moes vra wie dit is.

Hy leun oor na Jesus en vra: "Here, wie is dit?"

Die antwoord sou seker net vir Johannes verstaanbaar wees:

> "Dit is die een vir wie Ek 'n stukkie brood wat Ek in die sous ingesteek het, sal gee" — Joh. 13:26.

En Hy gee die stukkie brood aan Judas en sê vir hom:

> "Wat jy doen, moet jy baie gou doen!"

Ja, ook Judas het gevra:

> "Is dit miskien ek, Rabbi?" —Matt. 26:25.

Dit was egter maar 'n rookskerm. Hy het dit net gedoen om sy skuld te bedek. Nou weet Hy egter dat die Here hom deursien het. En verharding tree in. Satan vaar in hom in — Joh. 13:27. En hy staan op en stap die donker nag in.

So sit Jesus self die proses van sy gevangeneming aan die gang.

Hy moes sterwe en dit moes op die paasfees gebeur.

Hy is immers ons Paaslam wat vir ons geslag is.

Sy bloed beskerm ons teen die doodsengel wat ons met reg na die ewige verderf sou verwys.

Belydenis en gebed

En die oorblywende elf manne?

Deur die geloof het hulle gevra: "Is dit miskien ek, Here!"

Hulle vraag was 'n belydenis van eie swakheid, maar terselfdertyd 'n gebed om hulp.

Help my Here!

Ek is uit myself daartoe in staat, want ek ken myself!

Maar help U my tog dat ek nie sover kom nie!

Daarom is dit by hulle: "Dis tog nie ek nie, Here!"

Ek glo nie in myself nie, maar ek glo tog in U!

U weet dit en U ken my swakheid en my gebrek aan moed.

U weet alles — U weet dat ek U liefhet.

Deur die geloof vra hulle: "Dis tog nie ek nie, Here?"

Vra dit aan die Here in die geloof, wanneer u twyfel aan u eie kragte teen die dreiging van die dood en die duiwel.

Ons is swak, maar sy krag word in swakheid volbring.

Hy het ook die dood vir ons oorwin.

Hy het dit gedoen, omdat ons daartoe te swak is.

47. Petrus ween bitterlik

> En onmiddellik, terwyl hy nog praat, het daar 'n haan gekraai.... En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween — Luk 22:60, 62.

Deur die geloof het Petrus uitgegaan en bitterlik gehuil.

Judas en Petrus

Judas Iskariot het Jesus verraai en verlore gegaan.

Petrus het Jesus drie keer — volhardend — verloën en tog nie verlore gegaan nie.

Is dit omdat sy sonde soveel anders of kleiner was as die van Judas? Nee, Petrus het maar net so vreeslik as Judas gesondig. Wat is dan die verskil tussen die twee?

Petrus het geglo en Judas het nie geglo nie. Dit is al.

Selfs by Judas word ook gepraat van berou of spyt oor sy daad:

> "Ek het gesondig! Ek het 'n onskuldige man verraai!" roep Judas uit teenoor die Joodse leiers — Matt. 27:4.

Maar, omdat hy nie glo nie, vlug hy met sy sondenood weg van die Here af. Hy smyt die omkoopgeld in die tempel neer en loop weg en hang homself op.

Sy ongeloof dryf hom weg van die Here af — na die ewige duisternis.

Petrus se geloof dryf hom na die Here toe, met sy sondenood.

Gewaarsku

Ja, die Here het Petrus gewaarsku:

> "Die Satan het vurig aangedring om julle soos koring te sif."

Toe Petrus protesteer en sê dat hy bereid is om vir die Here te sterwe, het Jesus gesê:

> "Die haan sal vannag nie kraai voordat jy My drie maal verloën het deur te sê dat jy My nie ken nie" — Luk. 22:34.

Eindelik staan Petrus op die binneplaas van die paleis van Kajafas, die hoëpriester. Hy sien die Here en kon sy verhoor volg. Hy is egter ontuis en onseker. Drie keer word hy gekonfronteer met die beskuldiging dat hy ook een van Jesus se dissipels is. Drie keer ontken hy dit — selfs met 'n eed. En dit doen hy teenoor slawe en diensmeisies van die hoëpriester. Hy sweer die Here af.

Eenmaal op die pad van die leuen kon hy in geselskap van dieselfde mense nie omdraai nie. Die een sonde baar die volgende. Wat sou uiteindelik van Petrus geword het, indien die Here Jesus nie daar was nie? Sou hy nie ook maar weggevlug het en hom nooit weer in sy geselskap gewaag het nie?

Haan wat kraai afgebid

Maar die Here was daar — en sy woorde van vermaning en troos wat hy vooraf teenoor Petrus uitgespreek het:

> "Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie" — Luk. 22:32.

En die Here het ook gesê dat hy Hom drie keer sou verloën, voordat die haan daardie nag kraai.

En toe Petrus nog besig is om te vertel dat hy die Here nie ken nie — die derde keer — hoor hy 'n haan kraai. En sy gewete skrik wakker!

Die kraai van die haan gaan deur murg en been! Die haan stel hom voor die oë van die Here, wat sy hart ken. Hy sien inderdaad dat die gebonde Jesus na hom kyk — met droefheid? En dink daaraan: ,.Jesus het vir my gebid.

Hy het gebid dat my geloof my nie begewe nie.

Het Hy ook gebid dat die haan nou moes kraai?

Hy kon self nie met my praat nie.

Het Hy daartoe die haan wat kraai bestel?"

Ja, Hy het die haan afgebid om Petrus sy geloof te laat behou. En dan breek Petrus se geloof deur en hy oorwin sy lafheid. Ag, oorwin?

Nee, hy vlug die donker nag in met trane wat vryelik oor sy wange stroom. Bitterlik kom die rou snikke uit sy keel.

"Wat het ek tog gedoen?

Waarheen vlug ek met my sonde?" Die nag is donker en in sy hart is dit ook nag.

Donker in siel

Sou hy nog die moed hê om van ver af die afgryslike gebeure te volg? Of sou hy êrens in die eensaamheid met sy droefheid en berou gaan wegkruip?

Hoe sou Petrus tog vanaf Vrydag tot Sondag kon deurkom?

Hy het die Here verloën en hy is skuldig — skuldig.

0, die skaamte en twyfel of die Here hom weer sou aansien!

Ag, sy geloof sou aan een ding vasklem: Die Here het vir my gebid dat my geloof moet standhou. En ondanks alles wat ek misdryf het, kan ek van Hom nie loskom nie, omdat Hy vir my gebid het.

Deur die geloof het Petrus bitterlik gehuil — en gewag.

> "Heer my hart is boos en skuldig,
> maar U is barmhartig,
> en duisend kere meer geduldig
> as wat ek boosaardig is.
> Gee my dan, o Heer, ek vra dit:
> gee my krag en staan my by;
> ek het oortree, ek bely dit.
> Help my, God! Vergeef dit my!"
>
> (Guido Gezelle — vry vertaal).

Soos 'n ewigheid sou die Saterdag, die Joodse sabbat, vir Petrus omkruip.

Sy Here het 'n smadelike dood gesterf aan die kruis.

Sy lyk is weggebêre in die graf in die tuin van Josef van Arimatea.

Wat moes hy van Hom dink? Hy het bely:

> "U is die Christus, die Seun van die lewende God!"

En nou?

Jesus het dit wel vooruit gesê.

Sou hy, Petrus dit nie onthou nie?

Pas na sy belydenis het die Here immers gesê:

> "dat Hy na Jerusalem moes gaan en baie ly
> en dat Hy doodgemaak moes word,
> en die derde dag uit die dood opgewek moes word" — Matt. 16:21.

Toe het hy, Petrus, nog vir die Here gesê:

> "Mag God dit verhoed, Here!
> Dit sal beslis nie gebeur nie" — Matt. 16:22.

Sou hy die antwoord van die Here ooit kon vergeet:

> "Gee pad voor My, Satan!
> Jy is vir My 'n struikelblok."

Bitter swaar die selfverwyt

Die besef dat dit so móés verloop en dat hy dit nie wou glo nie. En dan die bittere aanklag:

> "In sy krisis-uur het ek Hom in die steek gelaat.
> Tot drie keer toe.
> En nou is dit te laat — vir altyd?
> Of hoe?
> Hy het tog gepraat van sy eie opstanding.
> Ag, daar kan ek nie eens aan dink nie."

Maar binne-in Petrus bly dit donker — stikdonker. Die vreeslike aanklag! Hy het sy Here verloën.

En daar is nie eens meer geleentheid om vergewing te vra nie.

Die ander dissipels sit ook met die kruis.

En ons ook!

Wanneer die kruis op ons pad kom wil ons ook weghardloop.

Ons kan dit nie aansien of aanvaar nie.

Nee, dit kan nie met ons gebeur nie!

En tog gebeur dit.

Maar Petrus het nie alleen te doene met die kruis nie.

Hy sit nog daarby met sy selfverwyt vir wat hy gedoen het.

En dit, nadat hy deur die Here uitdruklik gewaarsku is.

As ek tog maar geluister het.

Na die Here — na sy Woord — na my ouers — my predikant!

Maar ek het myself oorskat en die duiwel onderskat.

En nou sit ek met hierdie bittere, bittere berou.

En my lewe is in 'n doodloopstraat.

Die dood sou beter wees.

Lig breek deur

Sondagmôre breek eindelik aan.

Petrus en Johannes is êrens in Jerusalem saam.

Daar is 'n dringende klop aan die deur.

Maria Magdalena staan voor die deur:

> "Hulle het die Here uit die graf weggeneem,
> en ons weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie" — Joh. 20:2.

Haastig hardloop Petrus en Johannes na die graf.

Nou dit ook nog!

Die graf is leeg en hulle sien die doeke lê.

Dit is asof iets tot hulle wil deurdring.

Die grafdoeke lê op 'n bepaalde wyse — so asof die Here self sy klere uitgetrek en opgevou het.

Terneergedruk stap Petrus terug.

Later kom die ander vroue daar aan en vertel:

> "Die Here het opgestaan!

Ons het Hom gesien!" Nee wat, dit moet maar inbeelding wees — net iets vir vroue! Later kom Maria Magdalena ook aan met dieselfde tyding. Hulle wil nog nie daaraan byt nie. Dit kan nie — dit is onmoontlik!

Teen laatmiddag stap 'n "vreemdeling" saam met Kleopas en 'n vriend op weg na Emmaus.

Daar vind hulle, tot hul verbasing en blydskap, uit dat die vreemdeling niemand minder as Jesus self is nie. Hulle haas terug om dit aan die dissipels te gaan vertel.

Hy het aan Simon verskyn

Die dissipels begroet hulle egter met die woorde: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn" — Luk. 24: 34.

En dan weet ek dadelik waarom Hy eerste van al die dissipels, aan Simon Petrus verskyn het. En ek dink u weet dit ook.

Simon Petrus het die grootste behoefte daaraan gehad.

Die Here Jesus moes hom gaan troos en bystaan in sy vreeslike wroeging en stryd.

So is Hy mos — altyd!

Hy is by die nederige van hart en verbryselde van gees.

Maar waarom glo die ander dissipels vir Simon, terwyl hulle die vroue nie wou glo dat die Here opgestaan het nie?

Hulle het Simon gesien in sy smart en wroeging.

Hulle het geen raad met hom geweet nie.

En toe het hulle hom weer gesien, nadat die Here hom ontmoet het en hy was 'n ander mens!

Aan homself kon hulle dit sien — daarom het hulle nie aan sy woord getwyfel nie.

Deur die geloof het Simon bitterlik gehuil oor sy sonde. Deur dieselfde geloof kon hy nou met vreugde sê:

"Die Here het waarlik opgestaan!" En die dissipels glo dit omdat hulle dit aan homself sien. Hy het 'n nuwe mens geword.

Hy is saam met Christus gekruisig en het saam met Hom opgestaan in 'n nuwe lewe.

Die opgestane Christus het sy sondes vergewe.

So is Hy — Hy kan nie anders wees nie — nooit nie.

Elkeen wat dit bitter het met sy eie sondes en na Hom toe

gaan, weet dit en straal dit uit, sodat die andere dit kan sien:

"Die Here lewe waarlik!" Kyk, Hy leef in my!"

48. "Jesus, dink aan My ...!"

Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom — Luk. 23:42.

Drie kruise

Op Golgota is daar 'n skouspel!

"Kom saam, kom saam, daar word 'n mens gekruisig!"

So galm dit deur Jerusalem — en mense stroom na die kruisheuwel.

Daar staan die drie kruise met drie "misdadigers" wat wring en kreun van pyn en doodsnood.

Drie "misdadigers"?

Ja, twee van hulle was rowers vir wie 'n menselewe geen sent werd sou wees nie. Op hulle pad lê daar die bloedspoor van rooftogte en moorde.

En die derde Een? Die Een wat in die middel hang? Hy het sy siel uitgestort in die dood. en is saam met die oortreders gestel, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het. — Jes. 53:12.

Hy is letterlik saam met die misdadigers gereken.

Hy hang tussen twee misdadigers aan die kruis.

En Hy het vir hulle gebid — vir die wat Hom veroordeel en gekruisig het:

> "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie
> wat hulle doen nie." — Luk. 23:34.

Maar die gebed het verder uitgekring — tot almal wat mede-verantwoordelik was en is vir sy kruisiging. En dit is alle sondaars — ook die twee misdadigers aan die kruis. Gelukkig ook vir ons — arme misdadigers!

Red jouself en ons ook

Hy is tussen misdadigers gekruisig.

Ook dit kring uit — is Hy dan nie in die mensewêreld tussen mense — almal misdadigers voor God — gekruisig nie?

En elke mens is net so naby aan Hom en sy kruis as die twee.

En tog miskien ook net so ver van Hom en sy kruis af as een van hulle.

Die leiers van die volk raas en skreeu en sweep die volk op. Hulle terg en bespot Hom:

> "Ander het Hy gered!
> Laat Hy Homself red as Hy die Christus is."

Dan begin een van sy medekruiselinge ook praat:

> "Is jy dan nie die Christus nie?
> Red jouself en ons ook!"

Dit is die verharde man se galgehumor in die aangesig van die dood.

Hy is so naby Jesus — hy kon Hom byna aanraak. En tog is hy so ver van Hom af as wat die hemel van die hel verwyder is.

Hy glo nie — daarom spot hy en lag die sogenaamde "Christus" uit!

Ba — die magtelose mens met sy verspotte aansprake! En hy voel homself miskien nog 'n held boonop. Hy skreeu ten minste saam met die leiers en die volk! Hy sterf 'n "heldedood!" En sink vir ewig weg in die duisternis.

Jesus, dink aan my!

En die ander misdadiger? Hy praat ook — eers met sy makker in die kwaad:

> "Is jy dan nie bang vir God nie?
> Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man!
> In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang
> die verdiende straf vir ons dade.
> Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie" — Luk. 23:40, 41.

Wat is besig om te groei in die hart van die misdadiger?

Waarom is hy bang vir God — anders sou hy so-iets nie sê nie? Waarom bestraf hy sy mede-misdadiger?

Waarom erken hy sy misdade en dat hy die doodstraf verdien? Waarom sien hy Jesus se onskuld raak?

Deur die geloof doen hy dit!

Ter elfder-ure het dit tot hom deurgedring: sy diepe verderflikheid — en Jesus se onskuld.

En hoe anders is dit as die skulderkenning van Judas Iskariot!

Hy doen immers iets geheel anders as Judas.

Hy praat verder — met die Here.

Dit is sy vlug met sy eie nood — na Jesus toe:

> "Jesus, dink aan my
> wanneer U in u koninkryk kom!"

Ja, dink aan my — die misdadiger wat besig is om dood te bloei! Dink aan my wanneer ek voor die regterstoel van God verskyn —vandag nog!

En deur die geloof gaan hy aanstonds saam met Jesus die vredesparadys binne:

> "Ek verseker jou:
> Vandag sal jy, saam met My,
> in die Paradys wees!"

> *Aan 'n moord'naar, haas verlore,*
> *word die hoogste guns bewys:*
> *"Hede sal jy met My saamwees*
> *in die vredesparadys."*
> *Dan troos vrede in volle vloed*
> *die verbryselde gemoed.*

So vertolk die digter Totius die gebeure in Skrifberyming 6: 2.

Deur die geloof is die moordenaar aan die kruis salig.

Deur die geloof is sy sondes vergewe.

Deur die geloof kon hy in volle vrede sterwe.

En dan maak hy sy oë oop in die volle lig van die ewige

vreugde!

49. "Daar is jou moeder"

Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem — Joh. 19: 27

Ons staan nog by die kruis van Jesus Christus.

Lede van die Joodse Raad het daar met voldoening gestaan en hulle veragting en spot teen Hom uitgeskreeu.

Sy eie volk het geraas en getier en geskreeu — teen Hom.

Soldate het van Hom 'n spotgrap gemaak.

Maria, sy moeder

Maar daar staan ook enkele ander mense om die kruis. Ons merk daar die groepie vroue, wat Hom oral gevolg en gedien het, met trane van droefheid en — miskien wanhoop.

Ook Maria, sy moeder staan daar — met haar pyn, want die ou profeet, Simeon se woorde is bewaarheid:

> "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val
> en 'n opstanding van baie in Israel
> en tot 'n teken wat weerspreek sal word.
> En wat jou betref,
> 'n swaard sal deur jou siel gaan" — Luk. 2:34, 35.

Met die geheimenis in haar hart het sy die geheimenis in haar liggaam gedra.

Sy moes baie dinge — onbegryplike dinge — oordink en in haar hart bewaar.

Sy het Hom omring met haar liefde — sy was tog sy moeder!

Sy wou Hom vashou as haar Seun — haar eie Seun!

Swaar en met pyn moes sy leer dat sy nie in die pad van sy roeping kon staan nie — al was sy sy moeder.

Hy moes met die dinge van sy Vader besig wees en in die opsig het sy as moeder niks met Hom te doene nie.

Sy moes Hom loslaat as moeder, om Hom as Saligmaker terug te ontvang.

Dit was haas te veel vir haar moederhart en moederliefde.

Wat van God se belofte aan haar?

Alles sou sy miskien nog kon aanvaar — gedagtig aan die woorde van die engel Gabriël:

> "Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee" — Luk. 1: 32.

Maar dit wat nou gebeur is te veel — vir haar moederhart en haar geloof.

Dit kan tog nie!

Wat dan van die beloftes van die Here aan haar self?

En daarby — dit is vreeslik om jou eie Kind so te sien sterwe!

Sy aanskou die pyn en benoudheid!

Sy hoor hoe Hy kerm:

"My God, my God, waarom het U My verlaat!"

Pyn in haar moederhart? 'n Swaard deur haar eie siel? Wie sou dit kon beskrywe?

Hy kyk na haar

Deur haar oë wat moeg gehuil is, kyk sy op na sy gemartelde gesig.

Sy merk dat Hy na haar kyk — nou in sy doodstryd.

Maar Hy kyk nie na haar soos 'n sterwende kyk wat hulp by sy moeder soek nie.

Normaalweg roep 'n sterwende man in sy doodsmart nog vir laas na sy moeder.

Hy doen dit nie.

In sy oë lees sy erbarming oor haar in haar verdriet.

Hy deurskou haar nood soos geen mens dit sou kon doen nie.

En dan praat Hy:

"Mevrou, daar is u seun!"

En sy blik rus op sy geliefde dissipel, Johannes, wat ook daar staan.

En Maria begryp: "Nie my Seun nie, maar my Here dink aan my."

Voor Hom is sy ook maar net 'n "vrou" soos al die ander wat Hy liefhet en vir wie Hy nou sterwe.

Ook haar sondes dra Hy nou — en Hy dink aan haar.

En Hy voorsien in haar dringendste behoefte.

Hy skenk aan haar 'n seun, wat ook in Hom glo — wat ook weet Wie Hy werklik is.

Apostel van die liefde

En Johannes?

Hy praat van homself altyd onpersoonlik as "die dissipel vir wie Jesus liefgehad het." Hy noem homself nooit by die naam nie. Jesus het hom lief en hy het Jesus lief. Vir hom was sy hele lewe om homself tot beskikking van Jesus te stel. Hy wou Hom alleen maar dien, omdat hy Hom so liefhet.

Ja, die Here ken vir Johannes en Hy ken ook Johannes se liefhebbende hart.

Hy weet dat die man sy moeder sou opvang en met liefde versorg.

En dan sê Hy vir Johannes:

"Daar is jou moeder."

Deur die geloof in Jesus het Johannes van daardie oomblik af vir Maria in sy huis geneem. Hy het haar as sy eie moeder versorg. Die geloof in Jesus het immers die groot liefde in sy hart laat ontstaan en groei.

Die vrug van die geloof is liefde vir Christus en vir jou medemens. Het Johannes dit dan nie later self geskryf nie?

"Hieraan weet ons wat liefde is:
Jesus het sy lewe vir ons afgelê.
Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê" — 1 Joh. 3:16.

So voorsien Jesus!

Maar Hy voorsien in die node van mense deur die geloof van ander mense, wat liefhet soos Hy liefgehad het.

Deur die geloof in Jesus het mense nog altyd mekaar lief.

Deur die geloof maak hulle hul harte en huise oop vir hul medemense.

Deur die geloof sien hulle deur die oë van Jesus en dan sien hulle anders. Hulle sien met liefde.

Hulle het behoeftiges en sondaars lief, soos Hy dit gedoen het, omdat hulle glo.

50. Josef van Arimatea en Nikodemus

> Hierna het Josef van Arimatea.... Pilatus gevra of hy die liggaam mag neem. Nikodemus het ook gekom.... en 'n mengsel van mirre en aalwyn gebring. By die plek waar Jesus gekruisig was, was daar 'n tuin en in die tuin 'n nuwe graf.... Daar het hulle Jesus begrawe —Joh. 19:38-41

God weet raad

Dit is verby.

Jesus het die laaste asem uitgeblaas.

Die son sak in die Weste — teen sononder breek die Joodse sabbat aan.

Dan moes die lyke van die kruis af wees.

Wat gaan die Romeine daarmee doen? Dit verbrand? Wie weet?

En sou Jesus se moeder en vriende raad weet?

God weet egter raad.

Sedert eeue staan dit alreeds geskrywe in sy Woord:

> "En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee;
> en by 'n ryke was Hy in sy dood,
> omdat Hy geen onreg gedoen het nie
> en geen bedrog in sy mond gewees het nie" — Jes. 53:9.

Uit die newels

Deur die geloof kom die "ryke" na vore met sy graf.

Hy is Josef van Arimatea — wat 'n dissipel van Jesus was, maar in die geheim, omdat hy vir die Jode bang was.

Uit die newels verskyn hy en in die newels verdwyn hy weer.

Sy geloof in Jesus was 'n geheim wat hy sorgvuldig bewaar het.

Hy het nooit die moed gehad om daarmee na die lig te kom nie.

Hy was bang vir die Joodse leiers.

Ons moenie te gou oordeel nie.

Ons moes eers maar in sy skoene gestaan het, om te kan beoordeel wat die man se vrese was.

Gelukkig het hy geglo — al was dit in die geheim.

Gelukkig is Jesus gekruisig — ook vir sy sonde en tot sy behoud.

Gelukkig kom hy te voorskyn op die regte oomblik om sy nederige taak te verrig.

En dan val hom die eer ten deel om die "laaste eer" aan Jesus te bewys.

In sy tuin het hy vir hom 'n nuwe graf laat uitkap.

Dit is 'n grotvormige graf in rots uitgehou.

Die klip, wat die ingang moes afsluit, lê ook reggekap by die graf.

Josef sou bedoel het dat hy eenkeer self in die graf neergelê sou word — sy eie graf.

Maar toe hy Jesus sien sterwe, haas hy hom na Pilatus, die goewerneur, en vra om die liggaam van Jesus aan hom te skenk. Pilatus doen dit graag — hy is alleen verbaas dat Jesus al dood is.

So tree Josef van Arimatea uit die duister in die lig.

God het hom nodig en wil sy graf gebruik en deur die geloof kom hy en doen sy deel.

Die nagtelike besoeker

En dan kom daar nog so 'n skadu-figuur na vore: Nikodemus wat in die nag na Jesus toe gekom het — ook uit vrees vir die Jode.

Hy is naamlik 'n Fariseër en lid van die Joodse Raad.

Ook hy het maar so in die skaduwees in die agtergrond gebly.

Hy het wel eenkeer vir Jesus in die bres getree in die Raad, maar verder het hy tog maar op die agtergrond gebly — Joh. 3:1 - 21; 7:50.

Hy kom nou daar by die graf aan met 'n mengsel van omtrent vyftig liter mirre en alwyn. Hulle het toe die liggaam geneem en dit met geurolie behandel, in doeke toegedraai en Jesus in die graf neergelê.

Van sy dissipels — wat laas nog van Hom af weggevlug het, toe Hy gearresteer is — verneem ons hier niks nie.

Josef van Arimatea en Nikodemus die Fariseër is die "begrafnisondernemers" wat die werk doen.

Hulle doen dit egter nie teen betaling nie, maar vrywillig en met groot liefde — omdat hulle geglo het.

So vervul hulle hul taak op hul bestemde tyd — toe God hulle dit waardig keur — deur die geloof.

Hierdie twee figure — randfigure wat uit die newels verskyn en weer daarin verdwyn — sou vir hulleself nie veel toe-eien nie.

Hulle sou alle rede hê om hulle hul eie lafheid aan te trek.

En tog — toe niemand anders na vore tree nie, is hulle daar en bereid om te doen wat in die raad van God gedoen moes word.

Deur die geloof alleen was hulle daartoe in staat.

Groot en heerlike taak

En wat 'n heerlike werk het die twee manne verrig!

Indien ooit, dan het hierdie twee manne koningswerk gedoen.

Hulle het nie alleen die Koning van die konings begrawe nie.

Hulle het Hom ook gesalf vir sy opstanding.

En hierdie selfde graf sou deur engele-hande oopgemaak word en Jesus sou daaruit te voorskyn kom as die Oorwinnaar uit die dood en graf.

En so word die graf van Josef van Arimatea die één graf op die ganse aarde, wat die poort tot die lewe is.

Gelukkig was Josef van Arimatea in die geheim 'n dissipel van Jesus.

Gelukkig het hy deur die geloof dit kon doen in die koninkryk van Jesus Christus.

Gelukkig het Nikodemus in die nag na Jesus toe gegaan en tot by sy begrafnis aan Hom getrou gebly.

Deur die geloof was die twee manne voorbereid om te doen wat hulle op daardie oomblik moes doen.

Hoeveel ander is op die kritieke oomblik afwesig en onvoorbereid?

51. Maria staan by die graf en ween

Maar Maria het buite by die graf bly staan en huil — Joh. 20:11

Liefhebbende hart en sorgsame hande

Deur die geloof het Maria Magdalena reeds lankal vir Jesus versorg met haar hande en haar goedere. Met die twaalf dissipels het sy en 'n paar ander vroue oral saam met die Here gereis:

> "Daar was Maria, bekend as Magdalena,
> uit wie sewe duiwels uitgegaan het,
> en Johanna .... en Susanna en baie ander.
> Hierdie vroue het uit eie middele vir Jesus
> en die twaalf gesorg" — Luk. 8:2, 3.

Sy het by die kruis gestaan en was ook by toe Hy begrawe is.

Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom sy alweer by die graf.

Sy merk tot haar skrik dat die klip van die graf weggerol is.

Sy spring kort om en haas haar na Petrus en Johannes om dit te vertel.

Petrus en Johannes hardloop na die graf en vind dit leeg.

Daarop keer hulle terug — huis toe. Wat kon hulle ook doen?

By die leë graf

> "Maar Maria het buite die graf bly staan en huil."

Die Here Jesus is haar Verlosser.

As 'n vrou, in wie sewe duiwels hoogty gevier het, sou sy oneindig baie op haar gewete hê.

En Jesus het haar daarvan verlos en haar sondes is vergewe.

Daarom het sy Hom gevolg en altyd ingestaan vir sy versorging.

Sy het uit die geloof in Jesus gelewe.

En nou is Hy dood.

So graag sou sy nog die laaste eer aan Hom wou bewys.

Sy staan met haar speserye in haar hande om sy geliefde liggaam vir laas te balsem.

Maar sy liggaam is weg.

Dit is nou haar grootste nood — om sy dierbare liggaam te kry en nog iets vir Hom te doen.

Dit is absurd — selfs ironies — maar wie kan haar dit kwalik neem?

Blind van verdriet

Sy buk vooroor om in die graf te kyk.

Om weer seker te maak? Of om maar net die plek te sien waar Hy gelê het. Daar het sy liggaam gerus en selfs dit was 'n dierbare plekkie vir haar.

Sy sien twee engele, met wit klere aan, in die graf sit.

Dit dring nie eens tot haar deur dat hulle bo-aardse wesens is nie.

Haar verdriet verblind haar.

Haar een sorg is om die liggaam van die Here te kry.

Die engele is begaan oor haar:

"Mevrou, waarom huil jy?" vra hulle.

Bedroef spreek sy haar nood uit:

> "Omdat hulle my Here weggeneem het
> en ek weet nie waar hulle Hom begrawe het nie."

Sou die hardvogtige Jode hulle selfs die troos nie gun nie?

Die troos om hulle liefde aan sy dooie liggaam te bewys?

Sy draai dadelik om — rusteloos en soekend is haar hart. Engele sien sy nie raak nie — sy soek alleen Een — dit is haar Here. Sy wag nie eers op 'n antwoord nie.

Dan kom 'n Man haar teë — dit is Jesus self, maar sy dink dat dit die tuinier is. Hy vra vir haar:

> "Mevrou, waarom huil jy?
> Vir wie soek jy?"

Sy soek 'n dooie Here en herken nie die lewende Here nie. So is dit maar — ons kry dikwels nie meer as wat ons verwag nie. Daarom herken ons die Here nie, wanneer Hy ons teëkom nie — veral wanneer verdriet en nood ons oë verblind. Daarom antwoord sy:

> "Meneer, as u Hom weggevat het,
> sê vir my waar u Hom begrawe het,
> en ek sal Hom daar gaan haal."

Miriam!

Dan is dit genoeg!

Die Here laat haar nie meer onnodig in haar verdriet nie.

Hy het na haar toe gekom om haar trane af te droog — en wat 'n verrassing hou dit vir haar in.

Hy sê bloot vir haar:

"Miriam!" Dit is haar Aramese naam waarby sy bekend was onder die dissipels en hoe Jesus haar self gewoonlik aangespreek het.

Sy vind veel meer as wat sy soek

Verras en onbegryplik vreugdevol is haar uitroep — ook in haar moedertaal:

> "Rabboeni!"

Die hoogste Joodse eretitel kom spontaan oor haar lippe. En sy val voor Hom neer en gryp sy voete vas — so asof sy Hom nooit weer wil loslaat nie.

Hy moet by haar bly — nooit weer wil sy na Hom soek nie. Die angs en droefheid wil sy nooit weer belewe nie.

Maar die verhouding tussen haar en haar Meester het nou wesenlik verander. Sy moes dit begryp — daarom sê Hy:

> "Moet My nie vashou nie,
> want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie.
> Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle:

Ek vaar op na my Vader, wat ook julle Vader is,
na my God, wat ook julle God is."

En alle vrees en onsekerheid verdwyn.

Haar voete word soos die van herte en sy tree op haar hoogtes. En sy gaan — ligvoets — vreugdevol — om dit vir die dissipels te gaan sê:

"Ek het die Here gesien!"

Geseënde vrou — die eerste opstandingsbode!

Dit het sy aan haar geloof te danke!

Geseënde Christene wat, met die dood voor oë, kan jubel:

"Ek het die Here gesien!
Hy leef — en ek sal leef!"

En sy vertel verder wat Hy aan haar gesê het.

Sy "broers" en "susters" moet dit ook weet.

Hy vaar op na sy Vader .... en hulle Vader.

Hy gaan na sy God.... en hulle God.

En Hy baan die weg vir sy "broers" en "susters" na die woning en die hart van hulle Vader en hulle God!

52. "Bang, maar baie bly"

> Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel — Matt. 28: 8

Die groepie vroue het die engeleboodskap geglo en haastig gaan vertel. Volgens Markus was, behalwe die twee Maria's, ook Salome saam met die vroue.

'n Geopende graf

Vir die Jode eindig die sabbat Saterdagaand om sesuur.

Daarna het die groepie vroue dadelik die nodige speserye gaan koop.

Die Sondagmôre vroeg is hulle op pad na die graf toe.

Hulle wou die liggaam van die Here Jesus gaan balsem.

Met sonop kom hulle daar aan en toe eers dink hulle aan die swaar klip, wat die toegang tot die graf versper.

> "Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf wegrol?"

In hulle haas het hulle nie daaraan gedink nie.

Hulle kyk egter op na die graf — en wat kan dit wees? Die klip is klaar weggerol — die graf is wawyd oop! Maria Magdalena spring kort om en haas haar terug na die stad. Sy gaan vertel dit aan Petrus en Johannes.

Hulle soek die lewende by die dooies

Die ander vroue loop tog nuuskierig nader en gaan selfs in die graf.

Aan die regterkant sien hulle 'n jongman met lang wit klere sit. Hy het pas die klip weggerol en vir hom het die Romeinse wagte so geskrik dat hulle gebewe en soos dooies geword het — en later ylings weggevlug het. Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu.

Ook die vroue skrik, toe hulle hom sien. Die engel sê egter vir hulle:

> "Julle moenie bang wees nie.
> Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.
> Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.
> Gaan gou en sê vir sy dissipels:
> Hy is uit die dood opgewek,
> en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe."

Hulle glo die engel. Hulle glo dat die Here uit die graf opgestaan het. Hulle glo al het hulle Hom self nie gesien nie. Deur die geloof hardloop hulle om die boodskap oor te bring. Vanselfsprekend was hulle bang — die verskyning van die engel uit die hemel is genoeg om enige sterflike mens bang te maak.

Maar hulle is ook baie bly.

Hulle Here, wat gekruisig is, lewe immers.

Wat maak dit saak dat hulle sy liggaam nie kon balsem nie.

Hulle geloof is bo verwagting bekroon met die wete dat hulle 'n dooie Here gaan soek het en verneem het dat Hy lewe.

Wat dit alles inhou, begryp hulle nie.

Hulle weet net een ding: Die Here het opgestaan — Hy lewe!

Dit moet die dissipels weet — hoe gouer hoe beter!

Hulle aanbid Hom

En dan, skielik, staan die Here self voor hulle.

Omdat hulle dit alreeds weet en daarop voorberei is, skrik hulle nie nou nie.

Hulle is wel nog bang maar, blye verwondering vul ook hulle harte.

Hulle hoor hoe Hy hulle groet.

Dit is sy bekende stem — dit is Hy self.

Hulle kom nader — skugter — huiwerend?

Eindelik val hulle voor Hom neer, gryp sy voete en aanbid Hom! Ja, hulle aanbid Hom!

Hy is die Here — God uit God en Lig uit Lig! Hulle glo dit van harte en buig voor Hom in aanbidding. Bewend lê die vroue aan sy voete — en Jesus sien dit. Daarom sê Hy:

> "Moenie bang wees nie!"

Hy is nog dieselfde Meester wat hulle so goed geken en gedien het. En tog is Hy so anders!

Hy is so anders dat hulle bewe van vrees.

Hoe kan ons ons indink in die ervaring van die eenvoudige vroue? Hulle sien iets van sy opstandings-heerlikheid, wat byna nie vir mense-oë bedoel is nie.

Hy vertoon Hom aan hulle om hulle verdriet weg te neem — hulle trane af te vee.

Hy vertoon Hom aan hulle om dit verder te vertel:

> "Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea gaan, en daar sal hulle My sien."

So word die vroue: Maria Magdalena van wie ons reeds vertel het, die ander Maria en Salome, die eerste boodskappers van die opstandings-evangelie van Jesus Christus.

Ag, aanvanklik het die dissipels die boodskap nie geglo nie.

Dit sou wel sinsbedrog wees van die gevoelvolle vroue.

Eindelik lees ons egter wel:

> "Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan
> na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te
> gaan" —Matt. 28:16

Deur die geloof wat die liefde vir Jesus in hulle gewek het, het hulle vroegdag na die graf gegaan.

Deur die geloof het hulle die boodskap van die engel geglo.

Deur die geloof het hulle Jesus self ontmoet en Hom aanbid.

Deur die geloof het hulle aan Hom die eer gegee wat Hom toekom.

En deur dieselfde geloof het hulle prediksters van sy opstanding geword.

Geseënde vroue!

53. "Toe gaan hulle oë oop"

> Maar hulle oë is verhinder om Hom te herken. Toe gaan hulle oë oop en hulle het Hom herken. — Luk. 24:16, 31

Deur die geloof het die twee manne al luisterende na die Woord van God gekom tot die herkenning van die opgestane Heiland.

Geglo ja — maar verwagtinge verkeerd

Dit is die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het. Hy het al verskyn aan Maria Magdalena en die ander vroue. Die gerugte het vinnig versprei onder al sy volgelinge.

Maar glo? Nee, dit kon hulle nie.

Die dinge wat die vroue vertel, het hulle eintlik net ontstel — 22. Teen laatmiddag stap twee diepsinnige manne vanaf Jerusalem na hulle tuiste in Emmaus — twaalf kilometer vanaf die stad.

Hulle is in 'n ernstige gesprek gewikkel oor Jesus, sy kruisdood en die gerugte dat Hy opgestaan het.

'n Derde man voeg Hom by hulle — die Here Jesus self.

Maar hulle herken Hom nie — "hulle oë is verhinder om Hom te ken." Hulle oë is toe deur ongeloof en kleingeloof — of omdat hulle verkeerd geglo het.

Hulle het in Jesus geglo en Hom gevolg en wonderlike dinge verwag. Maar sy kruisdood het hulle nie verwag nie.

Wat sê julle?

Die Here Jesus begin saam gesels:

"Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?"

Met somber gesigte gaan hulle staan. Een van hulle, 'n sekere Kleopas, antwoord Hom:

> "Is U dan 'n vreemdeling in Jerusalem?
> Weet U dan nie van die dinge wat die laaste paar dae daar gebeur het nie?"

Hy vra onskuldig:

"Watter dinge?" Natuurlik weet Hy waarom dit by hulle gaan, maar Hy wil aan hulle geleentheid gee om hulle uit te spreek — sodat Hy hulle kon help. Daarop vertel hulle aan Hom die verhaal van Jesus, die Nasarener. Hy was 'n profeet — magtig in woord en daad voor God en die hele volk. Ons het gehoop dat Hy Israel sou verlos.

Maar nou het ons eie leiers Hom oorgelewer om veroordeel te word en Hy is deur Pilatus gekruisig.

Ons hoop en verwagtinge lê in skerwe — die kruis het dit vernietig.

Dit is vandag die derde dag en nou kom sekere vroue met die ontstellende berig dat Hy opgestaan het.

Manne het ook gaan kyk en sy graf leeg gekry — maar Hom het hulle nie gesien nie.

Wie kan hom op die woord van 'n groepie emosionele vroue verlaat?

Wat sê die Bybel?

En dan begin Jesus self met sy katkisasieles uit die Bybel vir hierdie manne.

Julle begryp nie en is traag van gees!

Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?

Julle glo wel in 'n Christus wat met mag en majesteit sal regeer. Maar julle glo nie in die pad waarlangs Hy moes gaan om in sy heerlikheid te kom nie.

En dit sê die Bybel tog: Die Christus moes hierdie dinge ly om in sy heerlikheid in te gaan.

> "Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê."

Vir die manne gaan vergesigte oop. Hulle luister met brandende harte. Hulle begin nou eers insien wat die Bybel werklik van die Christus sê. Hoe eensydig en kortsigtig was hulle tog! Hulle kom eindelik by Emmaus aan en draai uit na hulle huis. Jesus stap egter verder — asof Hy wou verbygaan. Die manne is egter so aangegryp deur sy woorde dat hulle by Hom aandring:

"Bly by ons want dit is amper aand — die dag is verby." Daaruit spreek die verlange om meer te hoor. Deur die geloof het hulle geluister en ingesien dat Jesus die waarheid praat. En hulle wou so graag meer weet. En Jesus laat Hom oorreed — hoe kan dit ook anders? Mense wat honger is na sy Woord hoef nie verniet te pleit dat Hy by hulle moet bly nie — nooit nie.

Eindelik gaan hulle aan tafel vir die aandete.

Hulle oë gaan oop!

En dan tree Jesus op asof Hy die Gasheer is. Hy neem die brood. Bid om die seën van die Vader en breek die brood en gee dit vir hulle.

> "Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken."

Eers nadat hulle na die Skrifte geluister het — en dit glo.

Eers toe hulle insien dat Hy moes ly vir hulle sondes.

Eers toe herken hulle Hom self.

Toe herken hulle Hom in sy heerlike opstandingsgestalte.

Deur die geloof het hulle geluister na die Skrifte.

Deur die geloof sien hulle nou die Here — die "Onsienlike".

Hulle herken Hom toe Hy doen soos Hy gewoond was om te doen.

Nou is sy opstanding geen "onmoontlikheid" meer nie.

Ons dink aan die woorde in die gelykenis van Lasarus en die ryk man.

Lasarus is in die heerlikheid — by vader Abraham.

Die ryk man ly smarte in die hel.

Eindelik pleit hy dat Abraham tog vir Lasarus terug moet stuur na die aarde om sy broers te waarsku, sodat hulle nie ook in die vreeslike plek kom nie. Abraham se antwoord is:

> "As hulle na Moses en die profete nie luister nie,
> sal hulle nie oortuig word nie
> al sou iemand uit die dood opstaan" — Luk. 16:31.

Sonder geloof in die Woord — geen Christus

En glo maar verseker dat die twee manne Jesus nie sou herken het, as hulle nie geluister het na sy Woord en daarin geglo het nie.

So het Jesus hulle oë oopgemaak.

Deur die geloof in wat Moses en die profete gesê het, is hierdie manne se oë geopen en hulle het Jesus herken.

Daarom moet ons die Woord ondersoek en daarna luister om te kan glo in Jesus die gekruisigde en opgestane Here.

Dan sien ons deur die geloof — ook wanneer ons bid om die seën en 'n stukkie brood met mekaar eet.

54. "Ons het die Here gesien!"

> Die ander dissipels sê toe vir hom (Tomas): "Ons het die Here gesien" — Joh. 20: 25

Deur die geloof?

Kan ons beweer dat die dissipels se geloof hier werksaam was? Het Jesus dan nie aan hulle verskyn en sy deurboorde hande en sy sy, waar die soldaat sy spies ingesteek het, vir hulle gewys nie?

Hulle wou die vroue nie glo nie, wat tog al vertel het dat hulle Hom gesien het. Hulle het Simon Petrus egter wel geglo, toe hulle vir die Emmausgangers gesê het: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn." Dit het hulle wel geglo, voordat hulle Hom self gesien het.

En tog bly dit waar: Deur die geloof het hulle Hom gesien. Indien hulle nie in Hom geglo het nie, sou hulle Hom nie gesien of herken het nie, al het Hy Hom aan hulle vertoon as die opgestane Heiland.

Gehoor — gesien — aan Hom geraak

Een van hierdie dissipels, Johannes, het later geskryf:

> "Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak" — 1 Joh. 1: 1.

Maar dit was ook die ervaring van baie ander mense.

Dink aan die menigtes wat Hom gevolg en sy woorde gehoor en sy wondertekens gesien het. Ook baie van hulle sou met die hande aan Hom geraak het.

En tog het hulle nie geglo nie.

Hulle het nie deur die geloof gehoor en gesien en aan Hom geraak nie. Hy was vir hulle nie meer as 'n blote mens nie — al was Hy ook vir hulle 'n besondere mens — Elia of Jeremia of Johannes die Doper of een van die profete — Matt. 16:13, 14.

Helse aanvegtinge

Die dissipels se geloof is baie diep op die proef gestel, toe Hy gevang, verhoor, veroordeel en gekruisig is.

Toe kon hulle geloof selfs gewankel het.

Maar waarom het hulle toe nie die rug op Hom gekeer nie?

Waarom het Petrus en Johannes nog na die graf gehardloop, toe hulle hoor dat sy liggaam verdwyn het?

Dit is omdat hulle geloof sterker as die kruis was.

Hulle geloof in Hom was sterker as die wete dat Hy dood en begrawe is.

Vrae en probleme het hulle genoeg gehad.

Hulle sou selfs nie weet wat hulle van Hom moes dink nie.

Dit kom aan die lig in sy gesprek met die Emmausgangers:

> Hy was 'n profeet magtig in woord en daad
> voor God en die hele volk.

"Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos" — Luk. 24:19, 21.

Hulle geloof sou gewis gewankel het.

Die Satan het sy kans gekry om hulle te sif soos 'n mens koring sif —Luk. 22:31.

Hy hou ons vas

En tog kon hulle van Hom nie loskom nie.

Waarom nie?

Omdat hulle geglo het:

Jesus sê vir die Jode wat van Hom 'n verklaring verwag:

> "Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie.
> My skape luister na my stem;
> Ek ken hulle, en hulle volg My.
> Ek gee hulle die ewige lewe,
> en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie" — Joh. 10:26-28.

Omdat hulle glo, luister hulle na sy stem en volg Hom.

Daarom hou Hy hulle vas — in die geloof — en niemand kan hulle uit sy hand ruk nie.

Ons kan gerus aanneem dat die dissipels vanaf daardie Donderdagnag tot Sondag helse aanvegtinge moes verduur.

En tog het hulle liefde vir die Here, met sy duidelike uitsprake dat Hy die Christus is — en nou sou "gefaal" het in hulle oë — nie afgeneem nie. Hulle kon nie loskom van Hom nie — al het hulle nie geweet wat hulle van Hom moes dink nie.

Daarom was sy verskyning aan hulle 'n "geloofsverrassing". Toe Hy tussen hulle staan het hulle deur die geloof geweet:

"DIT IS HY — ONS HERE !"

Waarom aan hulle verskyn?

Ons kan hoogstens sê dat Hy aan hulle verskyn het om hulle geloof te versterk.

Wat hulle persoonlik betref, was die verskyning van die Here 'n toegif op die geloof wat hulle alreeds besit het — en wat hulle nooit weer sou verloor nie — Joh. 10:28.

Maar die hoofrede waarom Jesus aan sy dissipels verskyn het, was omdat Hy 'n opdrag vir hulle gehad het:

> "Vrede vir julle!
> Soos die Vader My gestuur het,
> stuur Ek julle ook" — Joh. 20:21.

Die opdrag word later nog duideliker herhaal voor sy hemelvaart:

> " .... julle sal krag ontvang
> wanneer die Heilige Gees oor julle kom,
> en julle sal my getuies wees" — Hand.1:8.

Hulle moes kon getuig van sy werk voor en na sy kruis en opstanding.

En andere moes deur hulle oë sien, wat hulle gesien het.

En hulle moes glo, soos hulle geglo het — op sy woord alleen.

Daarom is hierdie uitroep aan Tomas:

"Ons het die Here gesien!"

'n geloofsbelydenis.

Deur die geloof het hulle Hom gesien!

En elkeen wat glo, sien Hom nou al in die geloof.

Eendag sal ons Hom sien soos Hy is, in die ewige heerlikheid.

55. "My Here en my God!"

> Daarna sê Hy vir Tomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar gelowig!" Tomas sê vir hom: "My Here en my God" — Joh. 20:27 ,28.

Die "ongelowige" Tomas?

En tog: Deur die geloof is sy belydenis van die mooiste in die Nuwe Testament:

"My Here en my God!"

Sien is glo

Ons kan weer sê: Maar Tomas het eers geglo nadat hy gesien het! Hy was nie aanwesig toe die ander dissipels die Here gesien het nie. Hulle vertel agterna aan hom:

"Ons het die Here gesien." Sy reaksie is egter:

> "As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien
> en my vingers in die merke van die spykers steek
> en my hand in sy sy steek nie,
> sal ek nooit glo nie!"

Jou portret het klaar geval

Bring julle bewyse dat ek sien — dan sal ek glo. Ek dink aan wat 'n gevierde trompetspeler uit Nederland my vertel het. Hy het met 'n gelowige vrou getrou, maar "hij doet nergens aan" — hy glo in niks nie. Sy skoonmoeder stuur iemand na hom om met hom oor God te praat — nadat sy "lip gebreek" het en hy nie meer as konsert-virtuoos kon optree nie. Hy was verbitter en sê aan die besoeker: "As jy nou bid dat daardie portret van die muur afval en dit gebeur, sal ek in God glo."

Die besoeker antwoord kalm: "Speel vir my op jou trompet, asseblief."

Met nog groter bitterheid en woede reageer hy: "Hoe kan jy my so iets vra — jy weet dat ek nie met die lip in staat is om te speel nie."

Weer is die rustige antwoord: "Jou portret het klaar geval!

Glo maar dat God aan jou dink, hoewel jy Hom verag."

Die man het dit gelukkig begryp — sy portret wat geval het, was die teëspoed met sy lip. Sy afgod is stukkend en sy teëspoed is 'n sprake van God. Vir hom het God Homself bewys.

Hy het God gesien, sonder om sy vingers in die spykermerke te steek.

Wat kan die Bybel en die Kerk vir my sê?

Tomas het een "kerkgeleentheid" gemis — tot groot skade vir sy siel. Waar hy daardie eerste Sondagaand was, weet ons nie. Miskien het hy alleen êrens rondgedwaal met sy donker verdriet en helse aanvegtinge. Hy kon die "geklets" van die vroue dat Jesus sou opgestaan het, nie verdra nie. Hy kon die dissipels, wat daaroor bespiegel, nie uitstaan nie. Miskien het hy selfs Petrus se blye gesig gesien en sy getuienis gehoor dat die Here aan hom verskyn het. Toe het hy nors weggestap:

> "Ek is moeg vir die praatjies!"

Wat kan die kerk tog vir my sê?

Die kerkmense is huigelaars met lang gesigte.

Die predikant preek te moeilik of te lig — te ongereformeerd — te kwaai of te ligsinnig — te lank of te kort — ek bly tuis.

En die oggend of aand kom die Here Jesus en ek is nie daar nie.

Ek sit in my hoekie en koester my "ongeloof".

Dit is lekker om anders te wees en nie 'n kudde-mens nie.

Dit is lekker om te kan sê: Ek is 'n eerlike twyfelaar — teenoor al die huigelaars in die kerk.

Bring eers die bewyse en ek sal glo.

Gelukkig vir Tomas was hy die volgende Sondagaand saam met die ander dissipels tuis.

En toe hy sien, staan Jesus tussen hulle.

"Vrede vir julle!" is sy groet. Ook vir Tomas — ja ook vir die "ongelowige" Tomas:

"Vrede vir jou!" Maar Jesus gee Hom nie geleentheid om sy eise te stel nie. Hy bied hom dit self aan, voordat Tomas iets kon sê:

> "Bring jou vinger hier en kyk na my hande;
> en bring jou hand en steek hom in my sy;
> en moenie langer ongelowig wees nie
> maar wees gelowig."

Salig is die wat nie sien nie en tog glo

En Tomas bring nie sy vinger en sy hand nie. Hy doen maar net dit wat 'n gelowige mens doen. Hy reageer bloot op die woord van Jesus:

> "moenie langer ongelowig wees nie, maar gelowig."

Al wat oor sy lippe kan kom is die bly en verbaasde uitroep:

> "My Here en my God!"

Sy reaksie is 'n belydenis wat terselfdertyd 'n blye dankgebed is. So is dit altyd wanneer 'n mens die woord van die Here ernstig aanhoor en daarna luister: Jy bely Hom en aanbid Hom. Dan sien jy Hom deur die geloof.

Tomas is gelukkig — hy is salig — omdat hy glo — nadat hy die opgestane Here gesien het. Dit is sy voorreg. En tog is daar saliger of gelukkiger mense as Tomas.

> "Glo jy nou, omdat jy My sien?
> Gelukkig (salig) is die wat nie gesien het nie en tog glo."

Die ewige geluksaligheid word alleen verkry deur die geloof. Op geen ander wyse het selfs Tomas dit verkry nie.

56. "Dit is die Here!"

> Die dissipel vir wie Jesus lief was, sê toe vir Petrus:
> "Dit is die Here" — Joh. 21: 7

Gooi die net aan die regterkant

Jesus se dissipels wag vir Hom in Galilea. Hy het gesê dat Hy hulle daar sou ontmoet. Hulle raak verveeld van niksdoen en besluit om te gaan visvang, maar daardie nag het hulle niks gevang nie. Toe dit al lig was, het Jesus op die strand gestaan, maar die dissipels het nie geweet dat dit Hy is nie. Jesus vra toe vir hulle:

"Mense, het julle nie iets gevang om te eet nie?" Kortaf antwoord hulle oor die water: "Nee!" Hulle is moeg en teleurgesteld!

Jesus sê toe vir hulle:

> "Gooi die net aan die regterkant van die skuit uit, dan sal julle iets kry!"

Die verteller het geen kommentaar hierop nie. Hy sê ook nie of die dissipels enige beswaar geopper het nie. Dit sou in elk geval vreemd in hulle ore klink. Hoe sou die man daar van die strand af kon sien waar die visse is? Hulle gooi die net egter uit, soos Hy gesê het. En die net is spoedig vol vis en so swaar dat hulle dit nie kon intrek nie.

Dit is die Here

Nou dring daar iets deur tot Johannes: "Dit is die Here!" sê hy vir Petrus.

Op die afstand sou Johannes die Here sekerlik nie herken het nie. Die ander het ook nie geweet wie die vreemdeling op die strand is nie.

Die "oes" aan visse het Johannes se oë oopgemaak.

Hy sou miskien dink aan die vorige geleentheid toe hulle ook, op die woord van die Here, so baie visse gevang het. Wie weet?

Een ding is seker: Hy het in die visvangs die hand van die Here gesien omdat hy in Hom geglo het en sy handewerk geken het.

Dit is geen wonder dat Jesus hierdie dissipel op 'n besondere wyse liefgehad het nie.

Sy geloof het ook in sy hart groot liefde vir Jesus gewek.

En sy liefde maak weer sy geloof werksaam en wakker en siende.

Oes is salig

Glo 'n mens dan het jy die Here lief.

Dan sien jy sy hand in jou lewe — want sy liefdevolle oë gaan oor jou moeitevolle arbeid in die sweet van jou aangesig. Ja, ook daaroor — wanneer 'n harde jaar van droogte en hoë koste aan brandstof en kunsmis, plae en peste jou oes voor jou oë verteer. Hy sien dit met mededoë aan. En Hy beskik dit oor jou — ten goede.

> "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet" — Rom. 8:28.

Selfs die nag se harde, vrugtelose werk van die dissipels op die see van Galilea was nie tevergeefs nie. Teen die oggend staan die Here op die strand, hoewel hulle Hom nie herken nie.

Moontlik het selfs hulle teleurstelling en misnoeë oor die vergeefse arbeid hulle verhinder om Hom te herken. Dit is tipies menslik dat jy dink die Here vergeet jou in jou nood.

"Onbekende" — Bekende

Albert Schweitzer het êrens geskrywe dat Hy as die "Onbekende" in ons lewe kom. En dan leer ons Hom ken in ons moeite en sugte en frustrasies. Ons vind uit Hy werk en sug saam met ons.

Dit is tog ook merkwaardig dat Job, die man wat vroom en opreg was en afgewyk het van die kwaad, bely dat hy in sy voorspoeddae van die HERE alleen maar van "hoorsê" gehoor het.

Eers op die ashoop, toe hy sy sere met 'n potskerf sit en krap — beroof van al sy besittings en selfs van sy dierbare kinders — toe bely hy: "maar nou het my oog U gesien" — Job 42:5.

Maar wie glo, en daarom die Here van harte liefhet, sien Hom ook met groot dankbaarheid in die ryke oes van sorg en vreugde wat Hy op jou uitstort.

En wanneer jy jou oes insamel en volle koringare van jou lewensakker na jou skuur dra — dan buig jy ootmoedig en dankbaar:

"Dit is die Here!" glo jy met die hart en bely jy met die mond.

Deur die geloof herken Johannes die hand van die Here in die oes aan visse.

Deur die geloof is hy salig.

57. Petrus trek sy hemp aan

> Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy hemp aangetrek — want sy bolyf was kaal— en in die water gespring — Joh. 21:7

Werk met kaal bolyf

Die nuwe vertaling van die Nuwe Testament, vertaal hierdie vers so. Die ou vertaling is egter die weergawe van wat daar werklik in die Grieks gestaan het:

"En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bokleed om — want hy was naak — en werp homself in die see."

Hy was vanselfsprekend nie heeltemal naak nie, maar het sy mantel of oorkleed uitgetrek, terwyl hy besig was om te werk. Alleen sy bolyf was naak, maar die mantel het hom in sy werk gehinder. Of die kleed vanaf sy middel 'n broek was — soos ons dit verstaan — is ook nie juis 'n uitgemaakte saak nie. Die nuwe vertaling gee dit egter weer soos ons dit ken, sodat ons dit makliker kan begryp.

Petrus het in die water gespring — of homself in die see gewerp om na die strand te swem. Hy was maar weer die man van die daad — haastig van natuur en die begeerte om gou by Jesus te wees, dryf hom daartoe. Die bootjie vorder byna nie en sou op 'n slakkepas beweeg vanweë die swaar net, vol met visse, wat saamgetrek moes word. Daarom spring hy in die water om gou by die Here te kon wees.

Trek eers aan en swem na strand

Maar waarom trek hy dan nie maar ook sy broek uit en bind dit saam met sy mantel op sy kop vas en swem dan uit nie? Dit sou veel makliker wees en hulle is buitendien maar mans daar op die eensame strand, in die vroeë oggend.

Nee, al kom hy sopnat op die strand aan en al moet sy klere aan sy lyf droog word, kon hy nie anders nie.

Hy sou nie halfnaak voor die Here kon verskyn nie.

Daarvoor is sy eerbied vir die Here te groot.

Skaamtegevoel

Nadat Adam en Eva ongehoorsaam aan die Here was en hulle deur die duiwel laat verlei het, was hulle — selfs as man en vrou — vir mekaar skaam vanweë hulle naaktheid. Hulle het self vir hulle skorte van vyeblare aanmekaar geryg omdat hulle skaam was om gedurig so na mekaar te kyk. Daarmee is die skaamtegevoel — wat ons ook die gewete kan noem — in die mens gebore.

Dit was selfs al genade uit die hand van die Here dat Hy aan die gevalle, sondige, mens die gevoel van skaamte oor sy naaktheid gegee het.

Dit is 'n belangrike skild of beskerming teen die volle uitbarsting van die sondige drifte van die mens.

Dit is vir die duiwel ook 'n groot oorwinning dat mense al meer en meer hulle klere weggooi en steeds minder en minder hulle naaktheid voor mekaar bedek.

Verdwyn die skild van die skaamtegevoel — en pla jou gewete jou nie meer wanneer jy naak of byna naak is nie — dan is jy klaar vervalle in die mag van die Bose.

Dit is 'n verskriklike teken van die groei van die mag van die sonde en die duiwel, dat ons

meer en meer gewoond raak aan naaktheid.

Omdat God dit geweet het, het Hy genadiglik self vir Adam en Eva klere van velle gemaak om aan te trek.

Daarmee het Hy aan hulle 'n skild gegee om hulle — en hulle nageslag — teen verkeerde begeertes, gewek deur skaamtelose gedrag, te beskerm.

Sondebesef

Teenoor die heilige God speel die skaamtegevoel nog 'n veel groter rol as tussen mense.

Adam en Eva het selfs vir die Here gaan wegkruip — al was hulle bedek met vyeblare.

Voor God is daar nog 'n groter aandrang om jou te bedek — omdat in jou innerlike, die diepe besef van jou eie sondigheid, jou voor sy heiligheid wil laat wegskuil.

Toe die HERE in die brandende doringbos aan Moses verskyn — en dit aan Moses sê — het hy spontaan sy gesig bedek.

Daarin toon hy sy eerbied en skaamte voor God vanweë sy sondigheid.

Dit is waarom Petrus hom behoorlik klee, voordat hy na die Here toe swem.

Hy durf nie voor die Here Jesus — wat hy nou in sy opstandings-heerlikheid ken — verskyn, as hy nie behoorlik geklee is nie.

Ons trek derhalwe nie kerkklere aan, omdat ons daarmee wil pronk voor die mense nie, maar omdat ons eerbied vir die heilige God besit.

Naak met klere en al

Maar 'n mens kan selfs die uitwendige klere oorbeklemtoon.

Dan word ons soos die Fariseërs, wat lang klere dra en lang gebede op die hoeke van die strate doen, om deur die mense gesien te word.

Op sigself is die klere niks nie — God sien immers die harte aan — dwarsdeur die klere heen.

Die behoorlike kleed moet derhalwe niks meer of minder wees as 'n uitdrukking van ons eerbied vir die heilige God nie.

'n Mens se kleredrag kan derhalwe na beide kante jou gebrek aan eerbied en sondebesef uitdruk. Dit kan sê:

> "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie" — Openb. 3:17.

Daarop antwoord die Here tereg:

> " . . . .en julle weet nie dat julle ellendig
> en beklaenswaardig is nie,
> arm, blind en naak" — Openb. 3:17.

Uiteindelik kan ons alleen voor God verskyn as ons bedek is met die kleed van die geregtigheid van Christus. Hy alleen bedek ons naaktheid voor God, deur sy kosbare bloed, wat Hy vir ons aan die kruis uitgestort het.

Begryp u waarom ons kan sê:

Deur die geloof het Simon Petrus hom behoorlik geklee, voordat hy deur die see na die Here Jesus toe geswem het?

58. "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet"

> Petrus het bedroef geword omdat Jesus die derde keer gevra het: "Het jy My lief?", en hy antwoord Hom: "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet" — Joh. 21:17

Deur die geloof alleen kon Petrus hierdie proef deurstaan.

Het jy My lief?

Die Here Jesus en sy dissipels is nog op die strand van die see van Galilea, waar Hy die oggend vroeg aan hulle verskyn het. Nadat hulle saam geëet het, begin Jesus om Petrus te ondervra. Twee keer stel hy die vraag:

> "Simon, seun van Johannes, het jy my baie lief?"

Die eerste keer voeg Hy selfs by:

> "meer as hulle hier?"

By beide geleenthede gebruik Hy 'n woord in die oorspronklike taal wat ons tereg met "baie lief" kan vertaal.

Elke keer gebruik Petrus 'n swakker woord vir liefde, wat tereg vertaal kan word:

> "U weet dat ek U liefhet."

Dan daal Jesus die derde keer as 't ware tot die vlak van Petrus en gebruik ook die swakker woord:

> "Simon, seun van Johannes, het jy My lief?"

Here, U weet alles

Dan kon Petrus dit nie meer hou nie. Hy word baie bedroef en beroep hom op die Here:

> "Here, U weet alles.
> U weet dat ek U liefhet."

Petrus sou goed begryp waarom dit gaan.

Voordat Jesus gekruisig is, het Hy hom gewaarsku dat hy Hom drie keer sou verloën.

Petrus se antwoord was egter:

> "Al sal hulle ook almal van U afvallig word, ek sal nie. Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie —Mark. 14:29, 31.

Ja, hy begryp goed. In sy ootmoed het hy sy eie liefde vir die Here selfs hoër as die van die ander dissipels geskat. Vandaar die byvoeging by Jesus se eerste vraag: "meer as hulle hier?"

So staan Petrus voor sy Here, wat hy drie keer verloën het. Drie keer moes hy antwoord op die vraag:

> "Het jy my (baie) lief?"

Geen wonder dat hy skaam en bedroef is nie? Hy word so meedoënloos voor sy eie lafheid gestel. Weer is dit asof hy bitterlik kan huil — oor wat hy gedoen het. Sy sonde staan lewensgroot voor hom.

Genadig en liefdevol

En tog behandel die Here hom genadig en liefdevol. Hy vra nie: "Het jy berou?" of "Sal jy dit

nooit weer doen nie?" Hy sê ook nie: "Jy was die leidende dissipel, maar nou kan Ek nie meer op jou vertrou en sal iemand anders jou plek moet inneem nie."

Hy daal die diepte in, tot die kern — Petrus se liefde vir Hom — maar dan gee Hy juis ook aan Petrus 'n vaste basis. Petrus het Hom uit swakheid verloën en nie omdat hy Hom gehaat het nie. Sy liefde het gefaal, maar hy het die liefde behou, omdat hy die geloof behou het. Daarom kon Petrus elke keer deur die geloof antwoord:

"U weet dat ek U liefhet." Al gebruik hy 'n swakker woord om sy liefde uit te druk as wat in die vraag opgesluit is, nogtans weet die Here dit. Hy het wel iets van die ware liefde vir die Here — al is dit swakker as die Here se liefde vir Hom. Of as wat die Here kan verwag.

Ek bely voor U my sonde

Gelukkig weet ons dit altyd dat Jesus se liefde vir ons oneindig groter is as wat ons Hom ooit kan liefhê. Deur die geloof beroep Petrus hom op die Here se alwetendheid — met droefheid oor sy sonde wat nou so skerp voor hom gestel is:

> "Here, U weet alles.
> U weet dat ek U liefhet!"

Gelukkig weet ons dit ook, wanneer ons naas Petrus staan met ons swakke struikelende liefde:

> "Ja 'k bely voor U my sonde
> onomwonde
> en is bekommerd oor my kwaad" — Ps. 38:15.

Die wonder is nie dat ons liefdeloos is nie — dit is ons van nature. Die wonder is egter dat ons onbaatsugtig kan liefhê. Alleen deur die geloof in Jesus Christus, wat Homself vir ons oorgegee het, kan dit ooit gebeur. Bly maar net naby Hom met jou swak geloof en jou swak liefde.

Drieërlei opdrag

Petrus het die geloof behou, omdat Jesus daarvoor gebid het — Luk. 22:32.

Daarom kon hy die toets deurstaan — wel met droefheid in sy hart.

Maar omdat hy die geloof behou het, is hy weer in sy amp herstel. Daarom kry hy die opdrag:

> "Laat my lammers wei!"
>
> "Pas my skape op!"
>
> "Laat my skape wei!"

Jesus vertrou sy hele kudde aan Simon, seun van Johannes, toe.

Wat 'n waagstuk, sou ons sê!

Maar so is Hy — Hy waag dit met sondaars.

Hy waag dit, omdat Hy hulle gekoop het, nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed.

Vir Simon Petrus en vir jou en my.

Dankie Here, vir u groot liefde vir my.

Gee ook aan my die genade om U van harte lief te hê — al is ek 'n struikelende en swakke sondaar.